

VARIASIE BINNE ORANJERIVIER-AFRIKAANS

Hendrina Petronella Nieuwoudt, M.A., H.O.D.

Proefskrif goedgekeur vir die graad Doctor Litterarum in Afrikaans-Nederlands
in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys.

Promotor: Prof. H.G.W. du Plessis

Potchefstroom

1990

VOORWOORD

Hiermee betuig ek my opregte dank aan:

- Prof. H.G.W. du Plessis, my promotor, vir sy leiding en motivering.
- Die Departement Afrikaans-Nederlands van die P.U. vir C.H.O. wat taalbande en -transkripsies tot my beskikking gestel het vir dié ondersoek.
- Fransie Lowe vir die taalversorging.
- my ouers.

ABSTRACT

A sociolinguistic approach, taking into account geographical and situational factors, was followed in this multidialect-research. Variation, as manifested in the variety *Oranjerivier-Afrikaans* (OA), was researched to determine:

- the characteristics of a 'standard' *Oranjerivier-Afrikaans* in order to distinguish, and to establish the differences between *Oranjerivier-Afrikaans* and other varieties (such as *Kaapse-Afrikaans* and *Van Der Merwe Afrikaans*);
- whether the sub-varieties *Griekwa-Afrikaans*, *blanke Oranjerivier-Afrikaans*, *Riemvasmaakafrikaans*, *Richtersveld-Afrikaans*, *Rehoboth-Afrikaans* and *Kharkam-Afrikaans* belong to the variety *Oranjerivier-Afrikaans* (as maintained in each of the previous investigations into language varieties);
- whether there is a difference between the language used in the eastern part of the Orange River area and that used in the western part where Nama is still known;
- whether the varieties of Afrikaans spoken in southern Namibia and in Botswana could be typified as subvarieties of *Oranjerivier-Afrikaans*, as research on all language levels regarding varieties had not previously been undertaken in these two speech communities.

Data source

Speakers with Afrikaans as their first language using the following sub-varieties were involved:

I

Griekwa-Afrikaans

Blanke Oranjerivier-Afrikaans

Riemvasmaakafrikaans

Richtersveld-Afrikaans

Rehoboth-Afrikaans

Suide van Namibië se Afrikaans

Botswana-Afrikaans

(For this group 27 language tapes/transcriptions were used.)

At every level of analysis, the characteristics obtained from Links's description of *Afrikaans van die Kharkams* were compared to the distinguishing characteristics of the above-mentioned sub-varieties.

II

The unique characteristics of *Oranjerivier-Afrikaans* were determined by using *Kaapse-Afrikaans* and *Van der Merwe Afrikaans*. (10 language transcriptions were used.)

Data collection and data processing

Previously collected data (available tapes or transcriptions of each variety) were used to compile an inventory of distinctive characteristics concerning the phonological, morphological, syntactical and lexical structures. These distinctive characteristics were determined by integrating the data and findings of previous investigations into the above-mentioned sub-varieties.

The data was systemized, interpreted and analyzed, and conclusions regarding the (sub-)varieties were made on each level of analysis.

Findings

It was found that the varieties of Afrikaans as mentioned in I are indeed sub-varieties of *Oranjerivier-Afrikaans*. Measured against the 'standard' *Oranjerivier-Afrikaans*, which varies from *Standaardafrikaans*, *Kaapse-Afrikaans* and *Van der Merwe Afrikaans*, there were more similarities than differences in the sub-varieties.

A further distinction can be made regarding the Afrikaans spoken in the eastern part of the Orange River area, on grammatical and phonological levels. In this area there is more contact with *Standaardafrikaans* and the language spoken in the western part, where speakers are isolated and Nama is still known.

Voorwoord	ii
Abstract	iii
HOOFSTUK 1: INLEIDING	1
1.1 Vooraf	1
1.2 Hoekom Oranjerivier-Afrikaans - Aktualiteit	2
1.3 Hipotese en doelstellings	3
1.4 Werkswyse	5
1.5 Samevatting	6
HOOFSTUK 2: BENADERING	8
2.1 Vooraf	9
2.2 Oorsig	9
2.2.1 Strukturalisme en TGG	9
2.2.2 Dialektologie/Taalgeografie	11
2.2.3 Sociolinguistiek	13
2.3 Standaardtaal: Nie-standaardtaal	15
2.4 Terminologie: Variant, variëteit, taal, dialek en sosiolek	17
2.5 Taalgemeenskap versus Spraakgemeenskap	21
2.6 Samevatting	23
HOOFSTUK 3: 'N BLIK OP TAALVARIASIE-ONDERSOEKE IN AFRIKAANS	25
3.1 Oorsig	26
3.2 Slotsom	42
HOOFSTUK 4: 'N STANDAARD VAN ORANJERIVIER-AFRIKAANS	43
4.1 Vooraf	45
4.2 Fonologiese Variasie	47
4.2.1 Vokale en Diftonge	48
4.2.2 Konsonante	51
4.2.3 Samevatting	59
4.3 Grammatiese variasie	59
4.3.1 Morfologiese Variasie	59

4.3.2	Sintaktiese Variasie	65
4.4	Leksikale Variasie	73
4.5	Samevatting	73
HOOFSTUK 5: VARIASIE BINNE ORANJERIVIER-AFRIKAANS		75
5.1	Vooraf	77
5.2	Fonologiese Variasie	81
5.2.1	Vokale en Diftonge	81
5.2.2	Konsonante	96
5.2.3	Samevatting	109
5.3	Grammatiese Variasie	110
5.3.1	Morfologiese Variasie	110
5.3.2	Sintaktiese Variasie	129
5.4	Leksikale variasie	148
5.5	Samevatting	158
HOOFSTUK 6: SAMEVATTING		159
BRONNELYS		164
LYS VAN TABELLE		
Tabel 1:	Die verskillende taalondersoekbenaderings	24
Tabel 2:	Palatalisasie	54
LYS VAN DIAGRAMME		
Diagram 1:	Afrikaans: Standaard en nie-Standaard	17
Diagram 2:	Variasie binne Oranjerivier-Afrikaans	162
Diagram 3:	Variasie binne Afrikaans	162

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1	Vooraf	2
1.2	Hoekom Oranjerivier-Afrikaans? - Aktualiteit	2
1.3	Hipotese en doelstellings	3
1.4	Werkswyse	5
1.5	Samevatting	6

HOOFSTUK 1: INLEIDING

1.1 Vooraf

Waar taal ter sprake kom, word nie net die standaardtaal nie, maar al die variëteite van die taal geïmpliseer; aldus Coetzee (1982:274) is taal "'n realiteit waaraan variasie inherent is". Dieselfde geld vir Afrikaans.

Die drie hoofvariëteite van Afrikaans word deur Van Rensburg (1984:514) beskryf as:

Oosgrens-Afrikaans (Transvaalse Afrikaans is hierop gebaseer),

Kaapse-Afrikaans (ontstaan uit die taal van die slawe van vroeër aan die Kaap, asook die Khoen-gemeenskap) en

Oranjerivier-Afrikaans (beïnvloed deur die Khoe-tale en word veral aan die Oranjerivier gepraat).

In 'n daaropvolgende werk tipeer Van Rensburg (1989:438) weer hierdie drie variëteite en haal Du Plessis (1987a;b) aan ter onderskrywing. Oor die benaming van die variëteite sê Van Rensburg (1989:438): "Die variëteite van Afrikaans wat op grond van historiese gronde onderskeibaar is, kan ook elemente wat op die historiese vorming van die betrokke variëteite dui, in hulle name behou, soos Oosgrens-Afrikaans ... dui op die omstandighede waarin sy beslag gekry is, al word die variëteit vandag ook elders gepraat."

Hierdie variëteite van Afrikaans word verder onderskei op grond van linguistiese faktore, soos Odendal (1984:262) tereg sê: "'n Mens moet 'n taal nie los dink van die mense wat dit praat asof 'n taal in 'n vakuum bestaan nie. Verskille tussen mense word in hul taal weerspieël."

1.2 Hoekom Oranjerivier-Afrikaans? - Aktualiteit

Hierdie bestudering van die variëteit Oranjerivier-Afrikaans wil nie net 'n bydrae tot bogenoemde variëteit en die subvariëteite daarvan lewer nie, maar dit sal ook lei tot beter kennis van ander variëteite en dan uiteindelik tot meer insig en kennis van die gebruik van taal in die algemeen. Soos gesien sal word in hoofstuk 3, het vorige variasiestudies alreeds 'n goeie grondslag gelê vir die makliker bestudering van taalvariasie in Afrikaans. Ander variasiestu-

dies, en veral dié in Afrikaans, is dus 'n goeie wegspringplek omdat die bestudering van variasie op dieselfde lees geskoei is.

Die variasie binne Oranjerivier-Afrikaans van sprekers verder oos aan die Oranjerivier en die van sprekers wat nog Nama ken (verder wes aan die Oranjerivier) gaan vasgestel, verwerk en verklaar word. Hierdie idee is geïnisieer deur Van Rensburg (1984:7) wat in die Griekwaverslag spekuleer of "daar enige verskil bestaan tussen die Afrikaans van die Griekwas, oorspronklik van hoërop aan die Oranjerivier, en die sprekers wat nog Nama ken, laer af teen die Oranjerivier".

'n Beskrywing van linguistiese variëteite in Afrikaans het reeds vroeg in hierdie eeu begin, maar is meestal uitgevoer deur ondersoekers wat nie opgeleide linguïste was nie soos byvoorbeeld G.R. von Wielligh. Daarna volg wel linguistiese analises van taalvariëteite deur Rademeyer (1938) en Louw (1948), maar dit is hoofsaaklik binne die Dialektologie uitgevoer. Moderne kommunikasiemiddels en vervoer wat geografiese grense onbelangrik maak, het die geldigheid van 'n uitsluitlik dialektologiese benadering ontnem. Verstedeliking het ook eerder sosiale as geografiese variasie gevoed.

Die eerste reaksie van sosiolinguïste was om die bruikbaarheid van 'n dialektologiese benadering heeltemal te ontken, alhoewel latere studies tog vir linguïste die waarde van 'n kombinasie van 'n sosiolinguistiese sowel as 'n dialektologiese benadering laat besef het.

Variëteit is 'n omvattende begrip en sluit volgens Du Plessis (1987b:9) "al die moontlike vorme van sistematiese variasie in wat daar tussen tale en binne tale kan bestaan" en omskryf die term verder deur te sê dit is "'n patroonmatige sisteem van linguistiese items met ooreenstemmende sosiale en of geografiese verspreiding" met "eenhede groter as dialekte ... en eenhede kleiner as dialekte". Binne hierdie navorsing sal die term *variëteit* gebruik word om onder andere na Standaardafrikaans (SA) en na Oranjerivier-Afrikaans (OA) te verwys.

1.3 Hipotese en doelstellings

Hierdie multidialekanalise van die interne variasie van Oranjerivier-Afrikaans word teen die agtergrond van sosiale en geografiese faktore gedoen. Volgens Du Plessis (1987b:2) word die term *multidialekanalise* gebruik wanneer "meer as een

variëteit van dieselfde taal bestudeer" word, "teenoor 'n eendialekanalise wat sy beskrywing grond op slegs een enkele variëteit van 'n bepaalde taal, wat meestal die ideale dialek van 'n ideale spreker is". Navorsing is al gedoen waar dit van die subvariëteite van Oranjerivier-Afrikaans raak, maar hierdie subvariëteite is nog nooit geïntegreer om 'n geheelbeeld van OA te gee nie. Daar word op die volgende analisevlakke vergelykings getref om ooreenkomste en verskille aan te dui:

fonologies, morfologies, sintakties en leksikologies.

Die verskille sal as instrument dien om die afsonderlike variëteite binne Oranjerivier-Afrikaans te tipeer. Met behulp van die ooreenkomste sal die subvariëteite as behorende tot die oorkoepelende variëteit Oranjerivier-Afrikaans geklassifiseer word. Hierbenewens gaan ook die suide van Namibië se Afrikaans en Botswana-Afrikaans vir die eerste keer as variëteite ondersoek word.

Die variasie in die Afrikaans van die Oranjerivier-sprekers verder oos aan die Oranjerivier en die sprekers verder wes (wat nog Nama ken) gaan ondersoek word om vas te stel of dit saam as subvariëteite van OA getipeer kan word, en ook of daar 'n onderskeid gemaak kan word tussen die oostelike Oranjerivier-sprekers en die westelike Oranjerivier-sprekers.

Die belangwekkende variasie-ondersoek na die Afrikaans van die Griekwas (Van Rensburg, 1984) het as sneller gedien vir hierdie navorsingsidee om variasie binne die variëteit Oranjerivier-Afrikaans te ondersoek, veral na aanleiding van Van Rensburg (1984:515) se spekulasie dat "(d)it lyk of die sosiale skakerings binne Oranjerivier-Afrikaans ook verband hou met die afstand van die see af - met die sprekers van Griekwa-Afrikaans as verteenwoordigend van die hoëre sosiale strukture."

Die volgende doelstellings wil met hierdie ondersoek bereik word:

- Wat is taalvariasie? 'n Ondersoek na taalvariasiekenmerke in tale in die algemeen.
- 'n Blik na bestaande variasie-ondersoeke in Afrikaans.
- Om 'n standaard van Oranjerivier-Afrikaans daar te stel uit die beskikbare ondersoeke (integrering) in vergelyking met SA.
- Om bestaande taalmateriaal (bande en transkripsies) te gebruik vir die opstel van 'n inventaris.

- Sistematisering en interpretasie van die verkreeë taaldata en die maak van gevolgtrekkings ten opsigte van variasie binne Oranjerivier-Afrikaans.

1.4 Werkswyse

Mouton en Marais (1985:7) sien geesteswetenskaplike navorsing as 'n "gemeenskaplike menslike aktiwiteit" waar 'n verskynsel soos dit werklik manifesteer, objektief ondersoek word om "'n geldige begrip van die verskynsel daar te stel".

Hierdie ondersoek word onderverdeel in vyf stappe (Mouton en Marais, 1985:22):

- Die keuse van 'n navorsingsonderwerp of navorsingstema.

- Formulering van die navorsingsprobleem.

(Vergelyk 1.3. Hipotese)

- Konseptualisering en operasionalisering.

Definiëring (teoreties) is volgens Mouton en Marais (1985:60) die belangrikste tegniek van "konseptuele eksplikasie" en daar word daarna gestreef om teoretiese geldigheid te bereik. Met hierdie stap gaan dit oor hoe om 'n bepaalde konsep waarneembaar te maak en hierdie waarneming kan geskied deur 'n meetinstrument daar te stel, byvoorbeeld 'n vraelys, tabel, skaal, ensovoorts, om sodoende geldige afleidings te kan maak. Die geldigheid (van 'n meetinstrument) kan rofweg omskryf word as die vermoë van sodanige meetinstrument om te meet wat dit veronderstel is om te meet. Hiermee saam gaan betroubaarheid van die meetinstrument - of dieselfde meetinstrument op "verskillende onderzoeksgroepe onder verskillende omstandighede tot dieselfde waarneming sal lei" (Mouton & Marais, 1985:79).

- Data-insameling (inwin van inligting).

Die databron is menslike gedrag, spesifiek taalgedrag.

- Analise en interpretasie van data (inligting).

Mouton & Marais voeg hierby dat "inferensiële geldigheid in hierdie stadium vereis word". Dit kan na hulle mening verkry word wanneer die "ondersteunende getuienis relevant is" en "toereikende steun vir die konklusie bied".

Die navorsingsdoelstelling of formulering van die navorsingsprobleem is in hierdie ondersoek verkennend, beskrywend. Dit is gelyk kwantitatief en kwalitatief van aard. Kwantitatiewe navorsing word deur Mouton en Marais (1985:157) beskryf as "daardie benadering in geesteswetenskaplike navorsing wat meer geformaliseerd sowel as eksplisiet gekontroleerd is, met 'n rekwydte wat meer

presies afgebaken is en relatief na aan die natuurwetenskappe se benadering geleë is". Dit is in teenstelling met kwalitatiewe navorsing wat meer filosofies van aard is.

In hierdie studie is die databasis bestaande taalopnames en -transkripsies wat 'n verteenwoordigende steekproef uitmaak van al die sprekers aan die Oranjerivier en waaruit variasie binne Oranjerivier-Afrikaans duidelik sal blyk.

Die verwerking van data, die taalanalise, sluit die transkripsie van ongetranskribeerde bande, die opstel van 'n inventaris van verskille en ooreenkomste uit die transkripsies in, asook die sistematisering daarvan op die verskillende analisevlakke. Op grond van verskille sal interne variasie (binne Oranjerivier-Afrikaans) getipeer word, deur dit te meet aan 'n 'standaard' van Oranjerivier-Afrikaans en om fyner groeperings binne Oranjerivier-Afrikaans vas te stel.

Die werkswyse wat in hierdie ondersoek gevolg word, kan so opgesom word:

- Literatuurstudie: Die vasstel van taalvariasiekarakteristieke in die algemeen; 'n oorsig van taalondersoeke in Afrikaans en dan meer spesifiek die variasie-ondersoeke wat al ten opsigte van die subvariëteite van Oranjerivier-Afrikaans gedoen is. Aan die hand hiervan word die kenmerkendste eienskappe van Oranjerivier-Afrikaans op fonologiese, grammatiese en leksikale vlak bepaal as riglyn vir die opstel van inventarisse.
- Dataversameling: Opstel van inventarisse met behulp van bestaande taalopnames en transkripsies. Die databron is sprekers van die taalgemeenskap Oranjerivier-Afrikaans, waarby 27 taalbande/-transkripsies betrokke is en word met 10 taaltranskripsies gekontroleer.
- Datasistematisering en -verwerking volgens die bepaalde variasie-eienskappe.
- Data-interpretasie - die maak van gevolgtrekkings ten opsigte van ooreenkomste en verskille en verklaring hiervan deur fyner subgroeperings in Oranjerivier-Afrikaans aan te dui.

1.5 Samevatting

Met die ondersoek word nie 'n volledige beskrywing van elk van die onderskeie variëteite gegee nie, maar op die kenmerkendste variante op die analisevlakke

gekonsentreer - dit hou in: variante van die standaardtaal en ook variante van die variëteite binne Oranjerivier-Afrikaans.

Daar sal voortaan van laasgenoemde variëteite as subvariëteite binne Oranjerivier-Afrikaans gepraat word, om onduidelikheid uit te skakel.

HOOFSTUK 2: BENADERING

2.1	Vooraf	9
2.2	Oorsig	9
2.2.1	Strukturalisme en TGG	9
2.2.2	Dialektologie/Taalgeografie	11
2.2.3	Sosiolinguistiek	13
2.3	Standaardtaal : Nie-standaardtaal	15
2.4	Terminologie: Variant, variëteit, taal, dialek en sosiolek	17
2.5	Taalgemeenskap versus Spraakgemeenskap	21
2.6	Samevatting	23

HOOFSTUK 2: BENADERING

2.1 Vooraf

In hierdie multidialek-onderzoek word 'n sosiolinguistiese benadering gevolg, met inagneming van geografiese en situasionele faktore.

In dié hoofstuk word na die ontwikkeling van taalvariasie gekyk en rondom die aspekte *standaardtaal* en *nie-standaardtaal*, asook taal- en spraakgemeenskap geargumenteer. Relevante terminologie, soos dit verder in die beskrywing van die ondersoek gebruik word, word bespreek.

2.2 Oorsig

2.2.1 Strukturalisme en TGG

Taal is eers as 'n abstrakte entiteit bestudeer in navolging van De Saussure en Chomsky. De Saussure (1966:4) gebruik veral drie terme in sy taalbeskrywing: *langage*, *langue* en *parole*. *Langage* is die taalverskynsel wat alle vorme van uitdrukking, waar taal as medium gebruik word, insluit. Hierdie omvattende begrip omsluit *langue*; (die taalkode/taalsisteem wat die taalgebruik onderlê) en *parole* (wat taalgebruik veronderstel). Alhoewel De Saussure erken het dat 'n ander sy van taal, *taal-in-gebruik* (*parole*) is, ignoreer hy dit. Soos Du Plessis (1987b:53) dit opsom, word die sosiale aard van taal erken (ook by die Dialektologie), maar dan word in gebreke om dit in te sluit by die metodologie.

Chomsky onderskei, op dieselfde trant as De Saussure, in sy taalbenadering tussen *competence*; (taalvermoë) en *performance*; (taalgebruik). Hy ignoreer dan ook die werklike taalgebruik (hier *performance*), soos De Saussure. Taal moet na sy mening bestudeer word aan die hand van 'n ideale sin, spreker en situasie en dus 'n homogene taalgemeenskap. Met die verskyning van Chomsky se *Syntactic Structures* in 1957, waarin taal as 'n sisteem van reëls beskou word, kom die TGG (Transformasionele Generatiewe Grammatika) tot stand.

De Villiers (1985:11) stel hierdie generatiewe grammatika teenoor gemeenskapsgrammatika en sê dat hulle ooreenkom ten opsigte van die studieobjek (linguistiese vermoë van die moedertaalspreker) en die doelstelling (beskrywing

van 'n grammatika oor hierdie taalvermoë), maar verskil ten opsigte van die lokus. Aanvanklik was die sosiale sy van taal vir Chomsky periferies, maar daar moet op gewys word dat daar later duidelike aanpassings in sy modelle kom. In latere werke van hom soos *Language and Responsibility* (1979) en *Rules and Representations* (1980) kom hy wel by die heterogeniteit van taal uit: "even within the more restricted 'languages' there may be considerable diversity... A single individual will generally command diverse modes of speech, in part associated with varying social conditions of discourse". Waar *performance* aanvanklik deur Chomsky erken, maar nie geken is nie, verklaar hy nou dat "study of performance and study of competence are mutually supportive". Hierdie gevolgtrekking volg op die redenasie:

"Study of performance relies essentially on advances in understanding of competence. But since a competence theory must be incorporated in a performance model, evidence about the actual organization of behaviour may prove crucial to advancing the theory underlying competence."

Vir De Saussure, die TGG en hul voorgangers, is taal verskraal tot "'n betreklik homogene abstrakte sisteem; die sisteem waarvolgens taal deur 'n ideale spreker gepraat behoort te word ... so 'n benadering tot die studieobjek van die taalkunde word 'n eendialekbenadering genoem" (Du Plessis, 1987b:3).

Dié twee leiersfigure, Chomsky en De Saussure, wat vroeër die taalterrein oorheers het, sienings het daartoe gelei dat taal net beskou is as 'n sisteem van elemente, waardes en verbande, en was dit in 'n taalondersoek "slechts van zijdelingse belang dat dit sisteem door mensen wordt gebruik 'om met elkaar te praten'" (Appel *et al.*, 1977:1). Webb (1983:240) sien so 'n studie as 'n "volledig gedekontekstualiseerde studieobjek, naamlik die taalkennis van die ideale spreker-hoorder in 'n homogene taalgemeenskap. Alle nie-grammatikale faktore word buite rekening gelaat ... Die studieobjek is dus nagenoeg 'n geslote sisteem".

Dit is duidelik dat baie kwelvrae so in die kiem gesmoor is - met 'n 'ideale' sin, spreker en situasie asook 'n homogene taalgemeenskap, is dit so 'n vereenvoudigde taalsituasie waar selfs taalvariasie op sy plek gehou kon word.

Met die baanbrekerswerk van Labov, 'n Amerikaanse linguïst, tree 'n sociolinguistiese benadering in taalondersoek op die voorgrond. Soos Fishman, wil hy ook 'n verband lê tussen taal en sosiale konteks. Vir die eerste keer

word taal, soos dit gebruik word in sy natuurlike vorm, geanaliseer. Daar word wegbeweeg van *taal as abstrakte entiteit* na *taal as konkrete werklikheid*.

Lyons (1977:32) stem saam met linguïste soos Labov, Fishman, Hudson, Trudgill, Appel en ander, dat taal nie gedefinieer kan word sonder 'n verwysing na kommunikasie nie. Volgens Hudson (1980:18) is daar "relatively little to say about language divorced from its social context", maar daar is wel "a great deal to be said about language in relation to society". Weg van so 'n 'ideale' en kunsmatige situasie, is dit net natuurlik dat variasiestudies aandag verdien - variasie wat toegeskryf word aan geografiese, sosiale en/of kulturele verskille. Waar Webb van die strukturalistiese ondersoekmetode gesê het dat dit 'n "geslote sisteem" is, noem hy hiêrdie sosiolinguistiese benadering, 'n "oop sisteem : die dinamika wat natuurlike menslike tale kenmerk, word ondersoek" (1983:240).

2.2.2 Dialektologie/Taalgeografie

Die bestudering van taalvariasie het ook 'n lang pad geloop en aanvanklik gefouteer deur belangrike nie-linguistiese faktore buite rekening te laat. Geografiese taalondersoekmetodes het vroeër taalvariasiestudies oorheers. Meestal word die term *Dialektologie* gebruik om na dié ondersoekmetode te verwys: Data is versamel, gegewens en taalvariante saamgegroeper en hierdie inligting is dan op 'n taalkaart aangedui. Name wat hier vermelding verdien, is Rademeyer (1938) en S.A. Louw (1948) wat 'n taalatlas saamgestel het vir Afrikaans. Meer hieroor in die volgende hoofstuk.

Van die grootste beswaar teen hierdie werkswyse is dat nontalige elemente soos berge en riviere betrek word. Geografiese faktore is gesien as die alleenorsaak van taalvariasie. Dit het nie "weselik" iets te make met die mens nie en daarom nie met die manier waarop 'n mens praat nie. Dit veroorsaak op 'n eksterne manier dat mense in 'n bepaalde groepsverband saamgevoeg word (Van Rensburg, 1985b:125). Hierdie geografiese isolasie kan byvoorbeeld die preserving van taal in die hand werk.

Waar hierdie elemente wel vroeër 'n groot invloed op taal kon hê, is dit vandag, met die massamedia en toereikende kommunikasiemiddele, nie meer die grootste veroorsakende faktor nie. Die fout wat dialektoloë begaan het, is volgens Du Plessis (1987b:54) die erkenning van die "sosiale aard van taal ...

sonder om dit as gronduitgangspunt by die bepaling van die metodologie te betrek" en verder "dat dit te sterk op die diachroniese vergelykende studie van taal gerig is". Hierdie tendens het veroorsaak dat baie belangrike nie-linguistiese faktore en oorsake onder hierdie eensydige oorbeklemtoning gelyk het.

Petyt (1980:30) maak verder 'n onderskeid tussen *Dialektologie* en *Dialekgeografie* (linguistiese geografie). Volgens hom is laasgenoemde 'n onderafdeling van die Dialektologie en beskryf dit as "regional distribution of linguistic varieties and their particular elements".

Tog was die Dialektologie 'n begin om variasie te beskryf en vroeër wel meer toepaslik. "Die erkenning van variasie binne 'n taal is die wins van die Dialektologie" en Du Plessis (1987b:55) voeg by, tot die krediet van Dialektologie, dat dit ons geleer het dat "taalgemeenskappe essensieel heterogeen is". Met taaldiffusie sou mens kon dink dat taalvariasie weer uitgeskakel is in die taalsituasie. Dit was nie die geval nie en het net daartoe gelei dat taalvariasie se ware kleure na vore gekom het, want variasie is 'n natuurlike toestand binne 'n taal (Odendal,1984:260).

Die oorsaak vir taalvariasie moet benewens die geografiese, ook in die mens se sosiale en kulturele sy gesoek word: Alhoewel hierdie aspekte tog 'n bietjie aandag geniet het in die geografiese ondersoeke, het dit nooit die fokuspunt van die Dialektologie gevorm nie. Du Plessis (1987b:53) kritiseer die Dialektologie omdat dit die "sosiale as faktor of faktore metodologies ontken, en dat ander faktore (as die geografiese) nie by die tradisionele dialektologiese studies betrek word nie". Dit is Du Plessis se bevinding nadat hy dialektoloë soos Goossens en Weijnen se verontskuldigings in ag geneem het. Nou eers word die werklike aard van taal aangeraak - taal as menslike handeling (Van Schalkwyk,1983:3). Du Plessis ondersteun ook dié uitgangspunt, want dit impliseer "dat taal as sosiale en kommunikatiewe sisteem geïnterpreteer word - 'n sisteem wat per definisie deel moet uitmaak van 'n gemeenskap en die kultuur daarvan" (1987b:72).

'n Ander uiterste weer, waarteen gewaak moet word in die Sociolinguistiek, is om geografiese aspekte heeltemal buite rekening te laat - dit is ook eensydig. "Die geografiese bly voedingsbron vir taalvariasie, maar dit staan nie geïsoleer van ander faktore nie" en Du Plessis (1987b:55) praat verder van die

"interafhanklikheid van geografiese, sosiale en ook gespreksfaktore" en "die meespeel van verskillende tipes nie-linguisties faktore is onvermydelik. Watter faktore deur die ondersoeker beklemtoon gaan word, sal deur die studieveld asook die variëteit self, bepaal word".

2.2.3 Sosiolinguistiek

In die studieveld, die *Sosiolinguistiek* (wat eers debuteer in die sestigjare) word, soos by die *Dialektologie*, die heterogeniteit binne 'n taalgemeenskap van belang geag. Labov betrek in sy studies veranderlikes soos beroep, geslag, ouderdom, status, ensovoorts en laat insiggewende feite aan die lig kom.

Mense in 'n samelewing groepeer saam, veral volgens Labov se veranderlikes soos vroeër genoem, en so ontstaan daar mettertyd 'n groter homogeniteit binne groepsverband (afgesien van *idiolek* - elke individuele spreker se taalgebruik). Dit is dus nie meer eksterne of nie-menslike elemente wat 'n invloed het nie, maar interne, menslike faktore. Net soos die groepering van sprekers die taalvorm wat die spreker gebruik, sal raak, is die omgekeerde ook van toepassing.

Vir Van Rensburg (1985b:125) kan die sosiale groep waartoe 'n spreker hoort uit sy wyse van praat en uitdrukking afgelei word. Dit is een van die grootste verskille tussen die *Dialektologie* en die *Sosiolinguistiek*: Die taalgeograaf gaan maak data bymekaar (empiries) en dui dit op 'n taalkaart aan (dui miskien hier en daar kontraste en parallelle aan). Die sosiolinguis se werk is beide empiries en teoreties van aard - na data-insameling moet verbande getrek word, teruggesit en gedink word. Hierdie teoretisering is die sosiolinguis se soektog "om die reëlmatige korrelasie tussen linguistiese en sosiale strukture te ontdek ten einde wetenskaplike aannames van die Linguistiek te beskou en te beoordeel sodat hy daardeur tot 'n meer bevredigende beskrywing van taal kan kom" (Du Plessis, 1987b:84&85). Die verskil tussen Dialekgeografie en Sosiolinguistiek lê volgens Van Rensburg (1983:14) daarin dat "taalvorm" in die Dialektologie ondersoek is en nie "taalgedrag" nie.

'n Verdere onderskeid moet getref word tussen *Sosiolinguistiek* en die *Sosiologie van Taal*. 'n Algemene omskrywing van Sosiolinguistiek sal neerkom op die bestudering van taal in sosiale verband, taal-in-gebruik: met inagneming van sosiale en kulturele faktore (Hudson, 1980:1; Odendal, 1984:264; Du Plessis, 1987b:7; Coetzee, 1982:275; Trudgill, 1983:32). Die invalshoek is dus

linguisties, daar word gewerk vanaf taal na die sosio-kulturele. Daarenteen is die invalshoek by die Sosiologie van Taal, sosiologies van aard, d.w.s. daar word by die sosiale aard van die mens begin. Die twee studielevelde lê baie na aanmekaar, sodat Hudson (1980:5) sê die verskil is "very much one of emphasis ... There is a very large area of overlap between the two" en Du Plessis (1987b:84) waarsku dat die Sosiologie en die Linguistiek nie as "afsonderlike entiteite" gesien moet word nie: "Dit is juis die korrelasie, die wisselwerking tussen die twee, wat belangrik is."

Hierbenewens moet binne die Siosiolinguistiek onderskei word tussen *sosiale faktore* (bv. ouderdom, geslag, status, ens.) en *situasionele faktore* (bv. kerk, weermag, reklame, ens. of informeel, formeel). Appel et al (1977:23) beskryf sosiale faktore as kenmerke van die spreker wat min of meer konstant is, terwyl situasionele faktore kenmerkend is van die taalgebruiksituasie en wat nie direk aan die spreker gekoppel word nie. Laasgenoemde is dus eerder stylkenmerke en word binne die omvang van hierdie studie buite rekening gelaat daar die situasionele faktore min of meer konstant gehou word.

Wanneer mense verander van een plek na 'n ander, en hul dialek saamneem en aanpas met die verloop van tyd by hulle nuwe omgewing, is dit volgens Hudson (1980:43) *geografiese mobiliteit*. Vir Hudson is die geografiese maar slegs een van talle relevante faktore en bevind met sy studies in Brittanje "social class takes precedence over geography". Petyt (1980:29) vind ook in sy ondersoek dat die geografiese veranderlike heeltemal verdwyn hoe hoër daar beweeg word in die sosiale hiërargie en skryf dit toe aan groter geografiese mobiliteit, soos Hudson. Laer af in die sosiale hiërargie word dit "markedly regional", wat Petyt (1980:28) tot die gevolgtrekking laat kom dat "regional and social variation are obviously intertwined".

Teen hierdie agtergrond word dié taalvariasiestudie gedoen, gebaseer op 'n linguistiese, geografiese en sosiologiese ondersoekmetode. Verdere ondersteuning vir die besluit is gevind in Daan et al (1985:142) en Du Plessis (1987b:55) wat meen "interafhanklikheid lei daartoe dat die Dialektologie en die Siosiolinguistiek in die praktyk moeilik van mekaar te skei is. Geen variëteit sal slegs deur geografiese of sosiale of gespreksfaktore gevoed kan word nie".

Dit is dan ook die geval met Oranjerivier-Afrikaans. Dat sosiale variasie hier gepaardgaan met geografiese variasie, word alreeds in die ondersoek na die Afrikaans van die Griekwas deur Van Rensburg (1984:515) opgemerk: "Dit lyk of die sosiale skakerings binne Oranjerivier-Afrikaans ook verband hou met die afstand van die see af - met die sprekers van Griekwa-Afrikaans as verteenwoordigend van die hoëre sosiale strukture."

2.3 Standaardtaal: Nie-standaardtaal

Alhoewel hierdie bespreking lei tot 'n oorsig van nie-standaardtaal (en waarom dit juis relevant is in hierdie ondersoek) en dan variasie, moet daar eers by standaardtaal stilgestaan word, want "variante kan nie bestudeer word sonder verwysing na die norm waarvan hulle variante sou wees nie" (Van Rensburg, 1983:15).

Sosiolinguïste kan ten opsigte van hul siening van standaardtaal in twee kampe verdeel word: Dié wat glo in standaardtaal as 'n blote abstraksie, iets wat daargestel is deur 'n klein groepie sprekers, en aan die ander kant dié wat standaardtaal sien as 'n dialek wat verhef is tot die standaard as gevolg van status, politieke oorwegings en dies meer (soos later uit die bespreking sal blyk), maar wat 'n natuurlike taal is.

Hudson (1980:34) sien duidelik nie 'n standaardtaal as taal in die ware sin van die woord nie, want volgens hom kan dit amper beskryf word as "pathological in lack of diversity" en praat van die "unusual character of standard languages, which are perhaps the least interesting kind of language for anyone interested in the nature of human language".

Van Rensburg (1985:135) en Milroy & Milroy (1985:19) beskryf standaardtaal as kunsmatig, 'n ideologie, 'n abstraksie, en kom tot die slotsom dat 'n standaardtaal, in die gesproke vorm, nie bestaan nie. Dit klink na 'n strukturalistiese benadering soos onder punt 2.2.1 bespreek, en laat Webb en De Villiers (1985:193) hierdie siening tereg "chomskiaans" noem omdat so 'n benadering nog steeds nie kan wegstroom van abstraksie, homogeniteit en 'ideaal' nie. Vir Webb en De Villiers (1985:193) is hierdie siening tradisioneel omdat dit standaardtaal sien as "'n ekstern genormeerde bowegroepse taalvorm".

Coetzee (1982:281) fokus weer op die positiewe waarde van standaardtaal: dit is 'n meetstok waaraan variasie gemeet kan word. Coetzee (1982:281) som na 'n uitgebreide literatuursoektog 'n standaardtaal so op:

- Dit toon 'n taalverfyndheid aan.
- Dit verbind die individu aan 'n gemeenskap.
- Dit het 'n prestige funksie.
- Dit skep taaltrots.
- Dit het 'n "frame-to-reference" funksie.

So 'n siening kan tereg "Laboviaans" genoem word omdat dit rekening hou met die natuurlikheid van taal - standaardtaal as 'n variëteit tussen ander variëteite wat op grond van nie-linguistiese faktore, soos prestige, verhef is tot die standaardtaal.

Standaardafrikaans word dus aanvaar as 'n natuurlike taalvorm, wat in geskrewe sowel as gesproke taalsituasies gebruik word. Coetzee (1982:277) bevestig dat standaardtaal "'n realiteit" is; "taal met inherente variasie wat dinamies is, omdat dit voortdurend onderhewig is aan samehangende met normverandering". Dit maak die siening dat standaardtaal homogeen is, onwaar. Webb en De Villiers (1985:202), as voorstanders van 'n "Laboviaanse" standaardtaalsiening, onderskei 3 variëteite:

- Superstandaardafrikaans
- Formele standaardafrikaans
- Informele standaardafrikaans

Hiervolgens is slegs Superstandaardafrikaans 'n fiktiewe variëteit, maar laasgenoemde twee 'n werklikheid, en kan volgens Appel et al (1977) se siening as "situasioneel" van aard gesien word.

Vir sover dit hierdie ondersoek aangaan, is dit nie nodig om verdere beskouings in oorweging te neem of om te probeer skeidsregter speel nie. Dis in ieder geval nie so ter sake as daar van die aanname uitgegaan word dat Standaardafrikaans 'n variëteit naas ander variëteite is nie, hetsy dit 'n abstraksie is en of dit inderdaad 'n objektiewe werklikheid is; dit "verander nie aan die feit dat dit in 'n variasieondersoek ... as normdialek ... gebruik kan word nie" (Du Plessis, 1987a:38).

Uit hierdie teoretisering en meningsverskille spreek dit duidelik dat "meer as een betekenis aan standaardtaal geheg kan word" (Du Plessis, 1987a:31).

In dié variasie-onderzoek is dit nie van belang hoe Standaardafrikaans gestandaardiseer het en al die teoretisering daarom nie, dit is van belang dat Standaardafrikaans die norm of maatstaf is waaraan variasie binne Afrikaans gemeet moet kan word (Du Plessis, 1987b:32); die formulering van die navorsingsprobleem sal uiteindelik die standaardtaalsiening bepaal.

Nie-Standaardafrikaans is al die ander variëteite benewens Standaardafrikaans. Dit impliseer egter nie dat die standaardtaal beter of verhewe bo ander variëteite is - dit is slegs 'n variëteit tussen baie, alhoewel 'n belangrike een. Dit strook dan ook met die algemene idee van die ontwikkeling van 'n standaardtaal, soos byvoorbeeld deur Appel et al (1977:130) gesien, as 'n variëteit wat onder die invloed van sosio-politieke faktore soveel prestige kry, dat dit as norm erken word deur al die lede van 'n gemeenskap.

Hierna volg 'n voorstelling van Standaardafrikaans en nie-Standaardafrikaans.




Diagram 1: Afrikaans: Standaard en nie-Standaard.

2.4 Terminologie: Variant, variëteit, taal, dialek en sosiolek

Alhoewel daar in linguistiese kringe nie eenstemmigheid is oor die omvang van elkeen van hierdie terme nie, volg hier kortliks 'n beskrywing (maar nie definisies nie) wat met elk van die terme in hierdie ondersoek bedoel word.

'n Variant moet gesien word as 'n linguistiese item wat verskil van die norm, in hierdie geval van Standaardafrikaans op 'n bepaalde vlak, byvoorbeeld sintakties, morfologies of leksikologies. Sodra daar 'n patroonmatige sisteem

van linguistiese items met ooreenstemmende sosiale en of geografiese verspreiding is, "word dit 'n variëteit (van die standaardtaal) genoem" (Du Plessis, 1987b:9). 'n Variëteit moet egter patroonmatig verskil van 'n ander variëteit op méér as een analisevlak. Van Rensburg (1985b:127) verdedig variante as "nie foutiewe standaardvorme nie - hulle staan as gelyke taalvorme náás die standaardvorm".

Maar dis nie net die "aan- of afwesigheid van verskynsels wat 'n variëteit as 'n variëteit kenmerk nie", want variëteite is "heel dikwels bloot 'n kwessie van die voorkoms van variante" (Du Plessis, 1987a:39).

By *variasie* moet onderskei word tussen linguistiese variasie en sosiolinguistiese variasie wat deel uitmaak daarvan, soos Stander (1990:270) dit verklaar:

"Linguistiese variasie veronderstel fonologiese en grammatiese keuses ... wat NIE sosiaal gemerk is nie, m.a.w. daar is geen sosiale rede waarom 'n spesifieke keuse gemaak word nie ... Sosiolinguistiese variasie berus op die feit dat daar 'n vorm(e) naas 'n ander vorm(e) bestaan waarvan die een sosiaal gemerk is en die ander nie."

Dialek is die term wat algemeen gebruik word om die variasie in korrelasie tussen geografiese faktore en linguistiese variante te beskryf. Vir Joseph (1982:476) is 'n dialek die teenoorgestelde pool van taal waar dit die kriteria vir die indeling van 'n taal raak, en argumenteer:

"If two systems do not differ from each other sufficiently to constitute two 'languages', then they are DIALECTS of (or within) the same language. If a system has not developed into a 'standard language', then it is a 'nonstandard DIALECT'." Hy wys verder daarop dat 'n dialek - sosiaal en geografies - nie twee verskillende linguistiese klasse voorstel nie: "A dialect is a dialect; 'geographical' and 'social' merely convey secondary information about the associated speech community." (1982:476). Du Plessis (1987b:19) verklaar dialekte as gebruikersvariëteite soos byvoorbeeld geografiese en sosiale variasie, maar nie as 'n gebruiksvariëteit (byvoorbeeld styl) nie. Dialek word dus deur die gebruiker bepaal.

Sosiolek weer is die variasie in korrelasie tussen sosiokulturele faktore en linguistiese variante. Die term *dialek* is vroeër dikwels gebruik waar dit sosiolek betrek het. Pienaar was hom al in 1939 bewus van die variasie in uit-

spraak "van persoon op persoon" (1939:20) en vind "(h)ierdie afwykende uitsprake laat hulle in groter eenhede groepeer, wanneer sekere streke of klasse hulle afsonder van ander, deur uitsprake wat hulle om 'n werklike of denkbeeldige kern groepeer. Waar sulke groepe 'n definitiewe karakter dra, word hulle dialekte genoem." Op grond van die tipering van variëteite vooraf, is dialek en sosiolek niks anders as variëteite nie.

Downes (1984:21) het variëteite eenvoudig beskryf as 'n neutrale term wat enige manier van praat impliseer. Appel et al (1977:23) sluit hierby aan deur te sê dat 'n variëteit tog nie so eenvoudig definieerbaar is nie en Hudson (1980:24) beskryf variëteit op dieselfde manier, as 'n "set of linguistic items with similar social distribution". Volgens so 'n beskrywing sluit 'n variëteit alles van 'n taal, dialek tot styl in. 'n Variëteit kan dus groter wees as 'n taal, of aan die ander kant, slegs 'n paar linguistiese items bevat.

Die variasie-opset word goed weergegee deur Hudson (1980:25) se siening van variëteite:

"There are no restrictions on the relations among varieties - they may overlap and one variety may include another. The defining characteristic of each variety is the relevant relation to society."

Appel et al (1977:125) voer die argument verder deur te sê dat wanneer bepaalde variante kenmerkend is van die taal van 'n sosiaal onderskeidende groep, is daar sprake van 'n taalvariëteit. 'n Taalvariëteit kan slaan op 'n regionale dialek, groepstale, ensovoorts. Dit kan beskou word as 'n deel van die totale verbale repertoire van 'n taalgemeenskap. Petyt (1980:12) beskou variëteit as die talle verskillende vorme van die taal en omsluit *dialek* beide verskil en eenheid/ooreenkoms wat dit moontlik maak om te onderskei tussen 'n "virtually infinite number of different forms of any language depending on just what linguistic features we focus on, and in how much detail".

Opsommend kan 'n variëteit so getipeer word:

- Groot/klein aantal linguistiese items (variante)
- Geografies/sosiaal/stilisties van aard
- Mekaar oorvleuel/insluit

Dit lyk dus asof die term *dialek* betrekking het op alle variëteite, nie net nie-standaard variëteite nie.

Wat sou nou die verskil tussen 'n variëteit (of dan 'n dialek) en 'n taal wees? Odendal (1984:265) beskou *getal* en *onderlinge verstaanbaarheid* nie as bepalende kriteria nie en gee twee riglyne wat kan help om te onderskei tussen taal en dialek:

- Taal strek oor 'n groter gebied heen as sy verskillende dialekte.
- Die sprekers se oordeel speel 'n rol - hulle weet of hulle dialekt sprekers is of nie, en waar die grense tussen hulle dialek en ander dialekte val.

Bykomend kan die menings van ander linguïste genoem word:

- Dit is 'n saak van prestige (Hudson,1980:30).
- Dit moet aan sowel bepaalde minimale linguïstiese voorwaardes voldoen as aan bepaalde sosiale voorwaardes (byvoorbeeld dieselfde standaardtaal) (Appel et al, 1977:126).
- Non-linguïstiese kriteria speel 'n deurslaggewende rol, byvoorbeeld kulturele faktore, politiek en die bewustheid van die sprekers (Petyt,1980:12).

Vir Du Plessis (1987b:16) hou die verskil tussen taal en dialek verband met 'n *lokaliteitsgebonde kleur*: "Taal is nie aan 'n lokaliteit gebonde nie, terwyl 'n dialek 'n lokale kleur vertoon." Verder word "dialekte oor die algemeen nie vir kultuurdoeleindes gebruik nie" en "(t)aal bestryk dus 'n groter gebied (nie net geografies nie) as wat die dialekte van dieselfde taal bestryk". Du Plessis (1987b:77) se uitgangspunt sal in hierdie ondersoek aanvaar word, naamlik dat taal nie onder die term variëteit ingesluit is nie, "ten minste nie as variëteit op dieselfde hiërargiese vlak as geografiese of sosiale dialek nie".

Du Plessis (1987a:38) gebruik in die ondersoek na Suidwes-Afrikaans die term *variëteit* "om te verwys na enige vorm van Afrikaans wat op meer as een analisevlak sistematies te onderskei is van 'n ander vorm van Afrikaans".

Joseph (1982:474) se siening omtrent 'n taal sluit by laasgenoemde punt aan. Hy beskou veral Kloss se benadering as 'n bydrae omdat hy die belangrikheid van non-linguïstiese faktore in die klassifikasie van tale beklemtoon en daarby voeg dat taalstatus nie deur linguïste aan 'n sekere dialek gegee word nie, maar "is established a priori by the community as a whole".

Joseph (1982:475) self stel die volgende kriteria voor vir 'n analise vir die verkryging van taalstatus:

- strukturele kriteria
- funksionele kriteria

- sosiopolitieke kriteria.

Laasgenoemde twee kriteria is nonlinguisties. Die strukturele sluit maksimum homogeniteit en minimum diversiteit in. Funksioneel sluit in dié funksies wat 'n rol speel in die standaardiseringsproses, byvoorbeeld:

Is dit simbool van nasionalisme?

Word dit as medium in die onderwys en tegnologie gebruik?

Word dit geskryf en gepubliseer?

Sosiopolitiese kriteria sluit taalloyaliteit in en omvat, na Joseph (1982:476) se mening, aspekte soos die gemeenskap se eiewaarde ("selfesteem"), prestige tussen ander gemeenskappe, en offisiële politieke status.

Watter voorstelling van standaard en nie-standaard sou aan al hierdie vereistes voldoen?

Lê dialekte langs mekaar en toon daarom ooreenkomste? Wat van die dialekte wat op die verskillende punte lê, beteken dit algehele vreemdheid? Is daar grade van verstaanbaarheid tussen dialekte, solank hul dieselfde standaardtaal deel, soos Petyt (1980:13) meen? Kan Coetzee (1982:278) se diagram vir die beskrywing van Afrikaans verder vereenvoudig word, waar wyd onderskei word tussen formeel en informeel? Situasionele faktore op die kontinuum sou egter 'n betekenisvoller onderskeiding vir graadverskille wees wat voorsiening maak vir aspekte soos: kerktaal, regstaal en advertensietaal. Aan die ander kant sal daar geografiese en sosiokulturele variëteite lê. Die ideaal is egter dat 'n situasionele dialekkontinuum binne elke variëteit sal voorkom - dis tog net logies dat daar 'n formele en informele vorm binne alle dialekte vir elke situasie bestaan. Daar word volstaan met die siening van variëteite soos in diagram 1.

2.5 Taalgemeenskap versus Spraakgemeenskap;

Met Chomsky se strukturalistiese siening het ook die omskrywing van 'n taalgemeenskap nie probleme opgelewer nie - dit is gesien as 'n homogene groep sprekers. Bloomfield glo die samebindende faktor in 'n taalgemeenskap is die gebruik van dieselfde stelsel van taalkennis, wat ook op homogeniteit dui. Vir die taalgeografiese benadering is 'n taalgemeenskap egter die groep taalgebruikers binne 'n sekere geografiese gebied. Die sociolinguïste weer, sien taalgemeenskap as 'n gemeenskap wat sosiaal begrens is.

Uit die literatuurstudie blyk dat nie al die bronne 'n onderskeid tref tussen *taalgemeenskap* en *spraakgemeenskap* nie en die twee terme word soms gebruik asof dit een en dieselfde is.

'n Taalgemeenskap is nie die groep mense wat dieselfde taalvorme deel, soos Bloomfield dit gesien het nie, maar wel die groep mense wat dieselfde sosiale norme in die waardering van taalnorme het.

Du Plessis (1987b:119) kan hier ter ondersteuning aangehaal word:

"Daar kan ook binne taalgemeenskappe sprake wees van taalvariasie en dit is daarom vir sprekers van 'n besondere taalgemeenskap moontlik om van ander kodes as sy eie gebruik te maak." Appel et al (1977:128 e.v.) noem duidelik dat hierdie taalgemeenskappe nie noodwendig geografies hoef te wees nie, omdat elke sosiale onderskeiding ook 'n taalgemeenskap kan definieer.

Bailey (1987:273) tref 'n onderskeid tussen *taalgemeenskap* en *spraakgemeenskap*. 'n Taalgemeenskap het volgens hom "a grammar with its manifold variants, the rules of the grammar are implicationally arranged, different subsets generating different isolects" en sien 'n spraakgemeenskap as:

"determined by social judgements favourable (i.e. prestigious) or unfavorable - that given groups place on certain variables".

Du Plessis (1989:468) se siening is egter die duidelikste:

Taalgemeenskap "sluit dus sowel moedertaal- as nie-moedertaal-sprekers van Afrikaans in... word daar onder Afrikaanse taalgemeenskap die som van alle persone verstaan wat Afrikaans vir een of ander funksie gebruik". Dit gaan dus in die taalgemeenskap eerstens om die gebruik van 'n gemeenskaplike taal afgesien van die doel.

Verdere samebindende faktore is "nie-talige binding, iets soos 'gemeenskaplike norme'". Dis juis hiêr die aspek wat Du Plessis (1989:469) laat sê dat elke ondersoek se taalgemeenskap sal "anders geïdentifiseer kan word om op nie-talige gronde telkens 'n ander groep sprekers van dieselfde taal in te sluit". Die belangrikste punte om by 'n taalvariasie-ondersoek in ag te neem, is die grootte, die aard en samestelling, en die verspreiding van die taalgemeenskap. Op grond van die moedertaal-/eerstetaalaspek verdeel Du Plessis (1989:472) die taalgemeenskap in 'n *primêre taalgemeenskap* (eerstetaalsprekers) en 'n *sekondêre taalgemeenskap* ("wat 'n ander moedertaal het, maar wat tog van Afrikaans gebruik maak om sekere taalfunksies te verrig").

Uit hierdie literatuurstudie kan tot die slotsom gekom word dat *taalgemeenskap* al die sprekers insluit wat 'n variëteit van 'n standaardtaal besig, byvoorbeeld Afrikaans. Daar bestaan dus uniformiteit ten opsigte van standaardtaal en variasie ten opsigte van variëteit, en 'n taalgemeenskap is nie geografies of sosiolinguisties beperk nie.

'n *Spraakgemeenskap* daarenteen verteenwoordig die gebruikers van 'n variëteit en is geografies en sosiolinguisties bepaald. In 'n spraakgemeenskap bestaan daar uniformiteit van variëteit en diversiteit van idiolek. Dit beteken dat die subvariëteite wat in hoofstuk 5 ter sprake kom, *spraakgemeenskappe* is.

2.6 Samevatting

Alhoewel daar in die Sosiolinguistiek uitgegaan word van die standpunt dat geen dialek ondergeskik is aan 'n ander nie, het van die dialekte in die Afrikaanse taalgemeenskap gestigmatiseer geraak. Volgens Botha (1989:129) kan dit toegedig word aan die "gebrek aan 'n sterk samehorigheidsgevoel" wat veroorsaak is deur "kulturele, genealogiese, etniese en selfs godsdienstige verskille" asook die verskil tussen die "relatief bevoorregte blanke heersersklas naas laer geplaaste of minder bevoorregte klasse, met die gebruiklike neweprodukte wat 'n gemeenskapstruktuur van die aard oplewer: onderlinge eksklusiwiteit, distansiëring, vooroordeel, spanning, selfs stigmatisering van taalvariëteite". Daarom word tot die gevolgtrekking gekom dat die Afrikaanse taalgemeenskap "swakker as die som van sy dele is".

Tabel 1: Die verskillende taalondersoekbenaderings

	Strukturalisme en TGG	Taalgeografie/ Dialektologie	Sosiolinguistiek
1. Groepering	homogeen	geografies	sosiale groep (Van Rensburg)
2. Werkswyse	diachronies	historiese werkswyse empiries	sinchronies/ panchronies (Van Rensburg) empiries en teoreties (Appel <u>et al</u> , Hudson)
3. Taalgemeenskap	homogeen	riviere, berge ens. homogeen	sosiaal kultureel polities (heterogeen en homogeen)
4. Taalbeskouing	ideale sin abstrak	homogeen taal-in- gebruik	taal-in-gebruik
5. Standaardtaal- siening	'n abstraksie	AB	natuurlike taal

HOOFSTUK 3: 'N BLIK OP BESTAANDE TAALVARIASIE-ONDERSOEKE IN AFRIKAANS

3.1	Oorsig	26
3.2	Slotsom	42

HOOFSTUK 3: 'n BLIK OP BESTAANDE TAALVARIASIE-ONDERSOEKE IN AFRIKAANS

3.1 Oorsig

Met hierdie hoofstuk word van die belangrikste taalvariasiestudies wat tot op hede in Afrikaans gedoen is, kortliks opgesom en gerangskik volgens jaar van publikasie.

Ons geselstaal.

Von Wielligh, G.R. 1925

Hierdie werk is nie 'n studie van taalvariasie as sodanig nie, nogtans verdien dit vermelding omdat dit 'n begin was in die beskrywing van variasie in Afrikaans. Von Wielligh het die bestaan van dialekte (gemeet aan dialekte in Europa) in Afrikaans ontken; volgens hom bestaan daar net *afwykings in spraak*. Sy doel met hierdie werk is om 'n blik te werp op hierdie afwykings en ook op die "invloede wat meegehelp het om die afwykings te bevorder" (1925:13).

Dit is dus duidelik dat Von Wielligh slegs standaardtaal as spreektaal erken en dat enige variasie naas die standaardtaal daarom volgens sy mening 'n afwyking is.

Hy verdeel, ten spyte van sy siening dat daar nie dialekte bestaan nie, die destydse Unie in tien spraakafdelings. Sy werk is egter onwetenskaplik omdat die gegewens nie wetenskaplik ingewin en verwerk is nie. Dit kan dus nie as 'n taalgeografiese studie gesien word nie, maar gee inligting wat vandag as inventaris bruikbaar is.

Volk en Taal van Suid-Afrika.

Boshoff, S.P.E. 1921

In die inleidende hoofstuk van sy werk skryf Boshoff oor geadapteerde Afrikaans waarin hy vorme van Afrikaans soos Engels-Afrikaans, Duits-Afrikaans, Hottentot-Afrikaans, Bantoe-Afrikaans en Maleis-Afrikaans noem. Volgens hom behoort Griekwa-Afrikaans tot Hottentot-Afrikaans, alhoewel hy tog die verskil kon raaksien.

Naas geadapteerde Afrikaans praat Boshoff (1921:83) ook van Afrikaanse dialektiese verskynsels omdat hy versigtig is om van dialekte te praat:

"Om van Afrikaanse dialekte te praat, moet hulle eers gelokaliseer wees, d.w.s. vir sover dit kan gedoen word. Maar dit is g'n bewys, dat hulle nie bestaan nie: dit is hoogstens 'n bewys dat ons in Afrikaans nog so goed as g'n begin met die studie van ons dialekgeografie gemaak het nie." Verder in sy werk bespreek hy erfgoed, eiegoed en leengoed.

Kleurling-Afrikaans: Die taal van die Griekwas en Rehoboth-basters.

Rademeyer, J.H. 1938.

In hierdie werk gee Rademeyer onder andere aandag aan die etnografie van die Griekwas en "basters" soos daarna verwys word in die werk. Hy raak verder die aspek van Kreoolsheid aan en bespreek daarna die afwyking van bogenoemde twee groepe se taalgebruik aan die hand van die AB (Algemeen Beskaafd soos dit toe bekend gestaan het). Die morfologie en sintaksis geniet ook beperkte aandag, so ook woordgebruik en die invloed van Engels, Hollands en Duits.

Vir Coetzee (1951:23) is die werk van Rademeyer nie taalgeografies nie, maar 'n dialekstudie:

"die bestudering en beskrywing van die kenmerke van 'n bepaalde gewestelike taal... daarby is die verspreiding van taalbestanddele na omwonende blankes nie bestudeer nie".

Praatjies oor ons taal.

Le Roux, T.H. 1939.

Die opmerksame persoon sal hom, volgens Le Roux, bewus raak daarvan dat daar nie ten volle "eenvormigheid" in Afrikaans is nie. Eenvormigheid word beskryf as "eentonig en ondoeltreffend" terwyl variasie "kleur en uitdrukkingskrag" aan 'n taal gee. Volgens sy beskrywing van 'n dialek, naamlik dat die verskille groot en gevestig moet wees, is slegs die Afrikaans van die Maleiers en die Griekwas dialekte. Laasgenoemde Afrikaans tipeer hy as Kleurling-Afrikaans.

Verdere verskille in Afrikaans beskryf hy as "plaaslike verskille ... soos dit deur witmense gepraat word ... die verskille nie groot en omvangryk nie" (1939:48). 'n Derde verskeidenheid wat hy in die taal opmerk, is "tegniese

taal" waarvan hy regstaal as voorbeeld noem. Hy koppel hierdie verskeidenheid verder aan sosiale groepe:

"dat mense met dieselfde belange graag met mekaar verkeer en dus maklik 'n bepaalde kring in die samelewing gaan vorm" (1939:55).

Praat u Beskaaf?

Pienaar, P.de V. 1939.

Onderlinge verkeer noodsaak 'n "eenheidsbeginsel" wat dan die standaarduitspraak is. Die standaarduitspraak word beïnvloed deur faktore soos die politieke, sosiale en ekonomiese. In sy standaardtaalsiening beweeg "afwykings" om "een of meer denkbeeldige kerns". Hierdie 'kerns' word dan bepaal deur standarde soos:

- die verstaanbaarheidstandaard,
- die sosiale standaard,
- die estetiese standaard en
- skrif-standaard

Die uitpraak verskil van "persoon op persoon", volgens Pienaar (1939:20). Hierdie verskillende uitsprake groepeer saam wanneer "sekere streke of klasse hulle afsonder van ander, deur uitsprake wat hulle om 'n werklike of denkbeeldige kern groepeer". Dit is dan wanneer daar van 'n dialek gepraat word.

Die taal van die Kaapse bruin mense kan na aanleiding hiervan byna as 'n dialek beskou word, terwyl die taal van die Rehoboth-basters en Griekwas "met sy behoue oud-Nederlandse segswyses, sy sintaktiese afwykings en sy eienaardige uitspraak" gesien word as 'n "soort van heterotogtone dialek van Afrikaans" (1939:20).

Taalgeografie: Inleidende gedagtes oor dialekstudie.

Louw, S.A. 1941.

Louw begin deur terme soos *taalgemeenskap* en *Algemeen Beskaaf* te bespreek, asook die verskil tussen taal en dialek. (Hierdie bron asook 'n verdere werk van Louw in 1948 het 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van die variasietaalkunde in Suid-Afrika gelewer.) Laasgenoemde verskil lê volgens hom daarin dat die "graad van afwyking in die reël tog wel groter is tussen tale as tussen dialekte" (Louw, 1941:11). Hy vestig verder die aandag daarop dat waar 'n

taalvorm afwyk van die algemeen-beskaafde vorm, dit nie as "minderwaardig" beskou moet word nie.

In hierdie dialekgeografiese werk stel Louw 'n aantal taalkaarte saam. Dit is egter bloot 'n aanduiding van taalverskynsels wat saamgroepeer (isoglosse) sonder om daaruit tot 'n gevolgtrekking te kom. Hierdie werk kan as die eerste werklike taalgeografiese werk in Afrikaans beskou word.

Taalomstandighede in Boesmanland

Brazelle, J.J. 1945.

In hierdie artikel word die "taaleienaardighede en vreemde uitdrukkings" in Boesmanland geïllustreer aan die hand van 'n gesprek. Geen bespreking of sistematisering word egter gedoen nie.

Dialekvermenging en taalontwikkeling: Proewe van Afrikaanse Taalgeografie.

Louw, S.A. 1948.

In hierdie periode is dit net natuurlik dat Louw buiten aandag aan dialekte, baie tyd bestee aan "taalontwikkeling" en ook hoe Afrikaans uitgebrei het.

Taalgeografiese studies 1.

Coetzee, Abel. 1951.

Naas 'n beskrywing van werk wat alreeds in Afrikaans verskyn het, wat raakpunte toon met die beskrywing van variasie, doen Coetzee verder 'n geografiese variasie-analise op fonologiese vlak: a/e-wisseling. Hy bespreek die faktore wat die "ontwikkeling van vormvastheid" raak en gee taalkaarte vir:

laagte/leegte; laag/leeg; laer/leër; laagwater; aars/ners/maars;
aartappel/ertappel; knars/kners; marmot/meermot; parsie/persie;
halfte/helfte; kan/ken.

Die Spreektaal in Noordwes-Kaapland

Opperman, P.A. 1951.

In hierdie artikel beskryf Opperman dié variasie deur te sê dat dit 'n "treffende mate van aanskoulikheid" het. Enkele kleurvolle uitdrukkings en benamings en 'n paar grammatiese verskynsels word genoem.

Afrikaanse Visserstaal

Heiberg, L.R. 1957.

Heiberg het in hierdie ondersoek die vissers in die gebied tussen Port Nolloth en Jeffreysbaai betrek. Hy het by die vissers self tuisgegaan en vir hulle gewerk. Alhoewel hy ongeveer twee jaar so die taal van die vissers wou "vasstel", kan die betroubaarheid van die insameling van die data in twyfel getrek word. Daar is geen bandopname s gemaak nie; hy kon eers na 'n gesprek die spesifieke verskynsel of gebruik gaan aanteken.

Die doel was om vas te stel of "daar nog ou Germaanse konstruksies, 17 de eeuse en ander relikte in die omgangstaal voorkom". Verder het hy ten doel gehad om verskillende gemeenskappe te vergelyk ten opsigte van taalgebruik en verwante faktore.

Heiberg bevind dat die taalgebruik afhanklik is van die "psigiese ontwikkelingspeil, die beskawingsgraad van die spraakmakende gemeenskappe (as sosiale kollektiwiteit); dat die woordvoorraad, die sinsbou en die agrammatiese sintaksis daardeur aangetas word ... duidelik dat die visserstaal kenmerke sal openbaar wat hom van ander groeptale sal onderskei" (1957:7).

'n Algemene karakteristiek van die Kleurlinge aan die Rand.

Bothma, S.J. 1962.

Soos die titel aandui, is hierdie werk oorsigtelik, met geen vaste struktuur nie. Volgens die skrywer is hierdie ondersoek gebore uit persoonlike belangstelling. Die steekproef is willekeurig gedoen en die onderhoude ongestruktureerd.

Geen gevolgtrekking word uiteindelik gemaak nie; daar is net 'n weergawe van verskille (gesistematiseer). Daar word een punt benadruk: die feit dat die Afrikaans van die Bruinmense geen aparte taal is nie, maar 'n dialek van Afrikaans en daar is dikwels nie 'n "wesenlike" verskil nie, net 'n graduele een.

Afrikaanse Taalstudies.

Le Roux, T.H. 1965.

In die hoofstuk oor Taaloudhede bespreek Le Roux dialekte skraps. Daar heers na sy mening die opvatting dat dialekte gewoonlik baie argaïsties is - dit wil sê, bevat nog taal wat eers tot die algemene spreektaal behoort het en nou al vervang is. Dit skyn volgens hom net die teendeel te wees. As rede voer hy aan dat die *algemeen-beskaaf* oor 'n baie groter gebied strek as 'n dialek en bykomend, dat dit geskryf word waar die dialek net gepraat word en nie vir kultuurdoeleindes aangewend word nie. Daarom moet die "algemene landstaal behoudend van aard wees en kan dialekte gouer verander" (1965:53). In sy standaardtaalsiening maak hy egter ook voorsiening vir verskille. Hy noem dit "eenheid-in-verskeidenheid".

Oor die ontwerp en vertolking van taalkaarte na aanleiding van enkele voorbeelde uit die Afrikaanse Taalatlas.

Saunders, S.S. 1966.

Saunders gee in hierdie werk ook 'n kort geskiedkundige oorsig van die ontstaan van die taalgeografie in die buiteland. Ook in sy soektog kom hy tot die gevolgtrekking dat alhoewel die dialeksprekers in alle lande gewoonlik die "minder ontwikkelde klasse" is, dit egter nie as 'n "minderwaardige, korrupte of verkeerde vorm beskou word nie" (1966:8).

Woorde uit die skryftaal moet volgens Saunders (1966:10) net vermeld word op 'n taalkaart, as dit "tegelykertyd 'n volkswoord in 'n bepaalde streek is". Hy bespreek 4 taalkaarte onder die volgende hoofde: 'n klankkaart, 'n woordkaart en 'n kaart as aanvulling by 'n verwante kaart.

Woordvormversteurings in die Afrikaans van Bantoes.

Van Wyk, E.B. 1966.

Van Wyk beskryf in hierdie artikel die variasie van die gebruikers as "radbraking" en sê daarvan dat dit al die analisevlakke raak, naamlik die fonologiese, semantiese, morfologiese en die sintaktiese. Volgens hom kan versteurings van 'n sekondêre taal toegeskryf word aan die volgende faktore:

- By die aanleer van die sekondêre taal word die grondbeginsels van die moedertaal daarop toegepas.

- Ekstra-linguistiese faktore is ook betrokke, soos byvoorbeeld die taalaanleg van 'n persoon, die gebruiksfrekwensie en situasie waarin dit gewoonlik gebruik word, asook hoe die sekondêre taal aangeleer is.

Dialektiese verskeidenheid in Afrikaans

De Klerk, W.J. 1968.

Hierdie bydrae van De Klerk is een van die belangrikste bydraes rakende taalverskeidenheid in Afrikaans. Daar word gepraat van taalgebruiksverskille, wat "op feitlik elke vlak in die taalsisteem aangetref word". Hy bespreek verskille op fonemiese vlak, grammatiese verskille wat morfologiese sowel as sintaktiese verskille insluit, logotaktiese verskille en laastens leksikale verskille. Hy bespreek hierdie verskille, spraaklandskappe en die aard van isoglosse aan die hand van spraaklandskapkaarte.

Baie belangrik dat De Klerk toe al opgemerk het dat taalgebruiksverskille "deureenloop" en nie altyd aan 'n bepaalde lokaliteit gebonde is nie. Sy siening van 'n standaardtaal is ook van belang omdat hy moderne sosiolinguïste vooruitgehoop het deur te sê dat die "Kultuurtaal of AB-Afrikaans" nie 'n "soort kompromis" is "tussen verskillende taalvorme wat uitloop op 'n soort kleinste gemene veelvoud van dialekte nie" (1968:220) en benadruk dat AB-Afrikaans nie 'n "territoriale grondslag" het nie.

Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik in die Kaapse Kleurling-gemeenskap - 'n Fonologiese ondersoek.

Klopper, R.M. 1976.

Die ondersoeker wou vasstel hoe die taalgebruik van die Kaapse bruin mense beïnvloed word deur sosiale faktore soos status, geloofsverband en ouderdom. Die studiemateriaal is beperk tot 4 foneme [r] [æy] [j] [k] en Labov se navorsingsprosedure is geïmplementeer.

Ten slotte kom Klopper tot die gevolgtrekking dat hiperkorreksie, veral onder die middelklas, dui op *taalevolusie*. Klopper hou 'n baie praktiese wyse voor om taalevolusie kwantitatief weer te gee wat die verskil in die gebruiksfrekwensie van formele- en informele taalgebruik weergee.

Die stand van Afrikaans onder die Suid-Sotho in die R.S.A.

'n Sosiolinguistiese ondersoek.

Klopper, A.H. 1981.

Hierdie navorsing maak deel uit van die landstale-ondersoek van die RGN. Daar is in hierdie werk bevind dat taalgebruik van die Suid-Sotho 'n weerspieëling is van sy sosiale agtergrond. Verder kom Klopper tot die gevolgtrekking dat daar baie verskille tussen Standaardafrikaans en die Afrikaans van die Suid-Sotho is, omdat daar baie verskille tussen die twee groepe sprekers is. Ten besluite sê Klopper dat beter taalgebruik (onderling) gesonder mense-en volkereverhoudings skep.

Uitspraakvariante in Afrikaans aan die Witwatersrand.

Louw, L.H. 1981.

Die variasie in die uitspraak van sekere klanke is in die omgewing van die Witwatersrand bestudeer. Hierdie ondersoek is beperk tot standaard 9-leerlinge en onderhoude het bestaan uit gesprekke en 'n toetsleeslys. Variasie is ondersoek met inagneming van geografiese verspreiding, opvoedkundige vlak, sosiale en ekonomiese faktore, geslag en die invloed van Engels waar dit klankverskynsels soos t-affrikasie, w-variasie, j-ontstemming, a-ronding, e-verlaging, d-assimilasie en ontronding raak.

Taalverskeidenheid.

Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J., reds. 1983.

Talle bydraes in die veld van die variasietaalkunde, deur taalspesialiste, is in hierdie werk versamel. Van Rensburg lewer 'n relevante inleiding vir 'n versameling van variasiestudies. Ondersoeke wat veral relevant is ten opsigte van hierdie studie, is die werk van R.M. Klopper wat hieronder bespreek word in sy eie studie, en die van H.G.W. du Plessis: "Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers" wat vervolgens bespreek word.

Verdere bydraes in hierdie werk sluit onder andere besprekings in van rugbytaal, gesinstaal, taal op die verhoog, babataal, flaaitaal, pleknaam-taal, Afrikaans uit die vorige eeu en gepidginiseerde Afrikaans.

Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers.

Du Plessis, H. 1983.

Die doel van hierdie ondersoek was om aan te toon of, en hoe Johannesburgse Omgangstaal (JOT) in bepaalde streke van Standaardafrikaans verskil en hoe dit korreleer met sekere sosiale veranderlikes. Veranderlikes soos sosio-ekonomiese klas, woongebied en ouderdom is betrek in die ondersoek wat in die Johannesburgse voorstede uitgevoer is. Daar word ten slotte tot die gevolgtrekking gekom dat die faktore wat hierdie spraakgemeenskap bind, "nie-linguisties en ook nie-geografiese faktore is". Variasie binne JOT kan dus toegeskryf word aan sosiale faktore.

Vokaalvariasie in die Afrikaans van die Griekwas van Griekwaland-Wes.

Henning, P.J.P. 1983.

In hierdie werk waarby 10 sprekers betrek is, word die vokaalvariasie van die Griekwas met standaardafrikaans vergelyk. 'n Inventaris is opgestel en taksonomies te werk gegaan. Vokaalverplasing is bespreek onder vokaalverlaging, -verhoging en neutralisasie. Henning (1983:43) vind baie variasie binne Griekwa-Afrikaans self: "geen sprekers is wat nooit 'n vokaal verlaag nie, en ook geen sprekers wat hom altyd verlaag nie. Dieselfde tendens is opgemerk by ander vokaalverplasings".

Tyd is verder gewy aan die duur van vokale en bevind dat Griekwas oor die algemeen neig om vokale te verkort. In die geheel vind Henning (1983:80) dat daar by vokale 'n geneigdheid is tot "vereenvoudiging, gelykvormigheid of ongespannenheid".

Kaapse Afrikaans.

Klopper, R.M. 1983.

Klopper verkies 'n deduktiewe valideringsprosedure as ondersoekmetode, na 'n bespreking van beide die induktiewe en deduktiewe metode. Sy keuse motiveer hy dat indien die hipotese nie reg bewys word nie, wysig jy dit net totdat dit bevredigend is.

Hy maak hoofsaaklik van Labov se metodes (met aanpassings) gebruik, en vind uiteindelik dat "variasie binne-'n-taalsisteem onderlê sowel sosiaal gestratifiseerde taalgebruik as taalsisteemverandering in Kaapse Afrikaans"

(1983:vi). Kaapse-Afrikaans neig volgens hierdie studie om onder die invloed van Standaardafrikaans in dié rigting te beweeg.

Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans.

Kotze, E.F. 1983.

Taalvariasie binne 'n relatief homogene taalgemeenskap, die Maleiergemeenskap, word ondersoek. Kotze toon aan dat minstens 54 persent van die nie-standaardkenmerke wat gedurende die vorige eeu gebruik is, nog steeds gebruik word. Labov se metode word gebruik en bevind soos Klopper (1976) dat taalevolusie voorkom. Interessant genoeg vind Kotze dat die "graad van godsdienstige ortodoksheid positief korreleer met handhawing van die omgangstaal-norm". In hierdie studie word ook bevestig dat vokatiewe in 'n taalgemeenskap 'n aanduiding is van die sosiale norme, dus die posisie binne die gemeenskap.

Die Afrikaans van Kharkams.

Links, T.H. 1983.

Die ondersoekgroep het net bestaan uit respondente bo 70 jaar omdat die jongeres se taal al verander het as gevolg van faktore soos taalkontak, massamedia, ensovoorts. Slegs informele gesprekke is met die respondente gevoer. In 1989 word "So praat ons Namakwalanders" gepubliseer, wat gegrond is op hierdie proefskrif. Ponelis, F.A. sê van hierdie werk in die Voorwoord dat Links ons "laat kennis maak met die interessante struktuur en die skeppingskrag van die dialek en ook met die merkwaardige mense agter die taal van die Kharkams".

Links betrek die fonologiese, leksikale en sintaktiese vlakke in die werk. Hy gebruik, soos Verhoef (1988) net ouer respondente omdat die invloed van massamedia by die jongmense te bespeur is. Die navorsingsgebied is die Kharkam (ongeveer 20 km noord van Garies. Dit is 'n afgesonderde gebied waarvan Links sê dat dit ook sosiaal baie "geïsoleerd...agterlik" is en dat daar beperkte mobiliteit is. Op fonologiese vlak word 'n aansienlike afwyking van die standaard gevind, maar niks opvallends in die sintaksis nie.

'n Sosiolinguistiese ondersoek na taalgebruik in Bellville-Suid.

Van de Rhee, I. 1983.

Van de Rhee het ten doel om vas te stel hoe die struktuur van die taal korreleer met sosiale veranderlikes van sprekers. Van de Rhee praat van "variasionele linguistiek". In hierdie werk word die waarde van 'n "empiriese kontroleerbare navorsingsprosedure" beklemtoon (1983:155). Hy maak ook gebruik van Labov se metode en gee 10 kenmerke vir 'n onderhoud. Al probleem met so 'n gestruktureerde onderhoud is dat daar min sprake van natuurlike taalgebruik is. Vyf fonologiese veranderlikes word ontleed, naamlik: [r] [c] [j] [o] [e]. Hier word gevind dat gestigmatiseerde variante meer voorkom by volwassenes en preadolessente as adolessente, en meer by mans as by vrouens. In hierdie werk toon hy ook prosesse van taalevolusie aan.

Fonetiese variasie in die taal van die Rehoboth-basters.

Van Schalkwyk, D.J. 1983.

Met hierdie studie wil Van Schalkwyk vasstel wat die invloed van sosio-ekonomiese en geografiese faktore op taal is. In die ondersoekgroep word alfabete en analfabete betrek. Beroep wat baie belangrik is in 'n sosio-ekonomiese ondersoek, word egter in die ondersoek buite rekening gelaat. Geen korrelasie word gevind tussen ontronding en nasalering en nie-talige veranderlikes nie. Daar word verskil van Trudgill se siening dat vrouens se taalgebruik nader aan die standaardtaal lê as die van mans. 'n Verdere bevinding is dat die mans bo 40, binne die Rehoboth-gemeenskap, die toonaangewers is van klankverandering.

Die Afrikaans van die Griekwas van die Tagtigerjare.

Van Rensburg, M.C.J. 1984.

Van Rensburg het in hierdie projek as projekteier opgetree. Van die doelwitte wat onder andere vir hierdie projek gestel is, is om die verskille tussen Griekwa-Afrikaans (GA) en Standaardafrikaans (SA) aan te toon; om 'n "omvattende databasis van GA daar te stel"; taalverandering aan te toon en om die variasie binne GA en SA aan te toon. Die metodologie wat in die sintaktiese analise van GA gebruik word is die 5 fases van Hudson. Aan die einde van die sintaktiese oorsig sê Du Plessis (wat ook 'n medewerker aan hierdie projek was):

"Op grond van die hoë mate van diachroniese verklaarbaarheid van 'n groot aantal van die sintaktiese variasiepatrone, kan die beskouing dat GA 'n veragterde variant of 'n Kreoolse vorm is as wetenskaplike twak afgemaak word" (1984:188).

Hierdie is 'n omvattende navorsingsprojek wat die meeste fasette rakende GA bestudeer. Daar word in die verskillende dele aandag gegee aan die doel, metode, ondersoekgroep, organisasie van die projek, die betrek van ongewone nie-linguistiese faktore soos die bydrae van die Griekwa Nasionale Independent Kerk en die analise van Griekwa-Afrikaans op die verskillende analisevlakke, die maak van gevolgtrekkings en nog meer deur gesaghebbendes op die terrein van Variasietaalkunde.

Fonetiese variasie in die Afrikaans van die Rehoboth-basters:

'n Dialekgeografiese verslag.

Odendal, F.F. & Van Schalkwyk, D.J. 1984.

Volgens die outeurs is hierdie nie 'n "klassieke" dialekgeografiese taalondersoek nie. Historiese data soos wat Rademeyer in 1938 taaltoestande gevind het, is gebruik en vergelyk met die ondersoek wat in 1983 uitgevoer is deur Van Schalkwyk. Die variante wat deur Rademeyer opgeteken is, maar wat nie met hierdie ondersoek weer voorgekom het nie, word uitgewys.

Hierdie ondersoek word egter beperk tot 'n fonetiese analise en daar word 'n groter verskeidenheid gevind as vroeër (die werk van Rademeyer).

Standaardafrikaans en Omgangsafrikaans in Pretoria.

De Villiers, A. 1985

Hierdie werk is 'n pragmatiese taalondersoek binne maatskaplike instellings. De Villiers se doel was om "reeds gedokumenteerde gegewens en teoretisering oor die aard, omvang en rol/funksie van 'standaardtaal' en 'omgangstaal' te bestuur. Webb se klassifikasie van Afrikaans (in Standaard- en Omgangsafrikaans asook register) word as vertrekpunt gebruik. Aandag is geskenk aan die maatskaplike implikasie van linguistiese variasie.

Aspekte van die Afrikaans van die Riemvasmakers.

Fourie, J.J. 1985.

Fourie gaan daarvan uit in hierdie ondersoek dat die Afrikaans van die Riemvasmakers (RA) 'n vorm van Oranjerivier-Afrikaans is. Die doel van hierdie ondersoek is om "grammatiese en diskoersverskynsels" te vergelyk met Standaardafrikaans en Griekwa-Afrikaans. Spontane taal word as ondersoekmateriaal gebruik - vertellings van volksverhale, eie ervarings, beskrywings en tegniese verduidelikings. Die ondersoekgroep is so gekies dat alle ouderdomsgroepe, sosio-ekonomiese klasse en beide geslagte verteenwoordig word. Fourie sien enige variasiestudie as sinvol "omdat die beskrywing van een variasie bydra tot groter begrip van alle taalgebruik". Vervolgens word beklemtoon dat deur RA in verband te bring met Standaardafrikaans en Griekwa-Afrikaans, "word juis bewys dat variasietaalvorme nie blote afwykings van 'n taalstruktuur is nie, maar dat almal 'n integrerende deel is van die Afrikaanse taal as 'n geheel" (1985:38).

Enkele Sintaktiese verskynsels in Onvoorbereide Afrikaanse Spreektaal.

Olivier, E.G. 1985.

Die volgende sintaktiese aspekte word in hierdie verhandeling aangespreek: vooropplasing, hervatting, delesie, setselskeiding, herhaling, bysinne en 'nou' as modale hulpwerkwoord.

30 Moedertaalsprekers, 'ontwikkelde' mans en vroue, in die ouderdomsgroep 30-70, se spreektaal is ondersoek.

Olivier (1985:123) maak die gevolgtrekking dat "spreektaalkonstruksies deur ontwikkelde moedertaalsprekers gebruik en aanvaar word" wat impliseer "dat dit nie as minderwaardig beskou kan word nie, al verskil dit van die standaardtaal".

Die beskrywing van Kaapse Afrikaans as 'n variëteit van Afrikaans.

Dreyer, H.C. 1986.

Dreyer gee 'n paar beskrywings van variasiestudies in Afrikaans - veral waar Kaapse-Afrikaans bespreek word. Die gelykwaardigheid van Kaapse-Afrikaans naas ander variëteite word opnuut bevestig. Die klank, morfologiese en sintaktiese vlakke word in hierdie studie betrek.

'n Afrikaanse Chronolek.

Du Plessis, H. 1986.

Hierdie ondersoek maak deel uit van die navorsingsprojek oor Suidwes-Afrikaans. Van der Merwe-Afrikaans wat vanaf 1900 nie meer kontak met die Afrikaanse taal het nie, behoort dus nog tekens van vroeë Afrikaans te toon. Dit kan dus 'n goeie aanduiding gee van die verandering in Afrikaans, asook die ontwikkeling tot op hede.

Suidwes-Afrikaans.

Du Plessis, Hans. 1986.

In hierdie reeks van 3 artikels wat in die Taalgenoot verskyn het, word verslag gedoen van 'n ondersoek wat gedoen is om vas te stel wat die stand van Afrikaans in Namibië is. In die laaste praatjie som Du Plessis op: Afrikaans lewe in Namibië; Afrikaans is voordat die blankes Namibië beset het, vir alle funksies gebruik en dat dit "die gesamentlike moedertaal is van verskeie groepe in SWA/Namibië" (1986, Taalgenoot 12:11). Hier word ook uitgebrei op die variëteit, Oranjerivier-Afrikaans, en 'n paar verskynsels waaraan die variëteit herken kan word, word gegee.

'n Karakterisering van Dorslandafrikaans.

Klopper, H.C. 1986.

Hierdie studie is 'n sosiolinguistiese ondersoek na die Afrikaans van die Angola-Boere. Kenmerke van hierdie variëteit word uitgelig en die invloed van Portugees en inboorlingtale op Dorslandafrikaans word verken. Dorslandafrikaans word hier met Standaardafrikaans en Voortrekker-Afrikaans vergelyk en verskille op fonologiese, morfologiese en sintaktiese vlak gesoek. Daar word bevind dat Dorslandafrikaans 'n uitvloeisel is van Voortrekker-Afrikaans en verder dat daar 'n groot aantal verskille tussen Dorslandafrikaans en Standaardafrikaans is.

Aspekte van Suidwes-Afrikaans met spesiale verwysing na die Afrikaans van die Van der Merwes.

Du Plessis, H. 1987.

Die doelwit van hierdie werk was om 'n analise te maak van al die variëteite in SWA/Namibië. Dit is 'n sosiolinguisties sowel as 'n dialektologiese ondersoek, waarin die ondersoekgroep al die sosiale lae verteenwoordig. Daar word gevind dat variasie nie uitsluitlik gevoed word deur sosiolinguistiese of geografiese faktore nie, maar dat dit 'n Afrikaanse chronolek is.

In die slotbeskouing word gesê dat dit baie duidelik nie "op dieselfde manier as variëteit van Standaardafrikaans beskou moet word nie as bv. die Afrikaans van die Griekwas nie" en verder die Afrikaans van die Van der Merwes is 'n "subvariëteit van Transvaalse Afrikaans, maar is daarvan te onderskei op chronolektiese gronde".

Gesproke Afrikaans van die Richtersveld

Van Rensburg, M.C.J. 1987.

'n Taksonomie van die grammatika van die variasie word op fonologiese, morfologiese, sintaktiese en semantiese vlak gedoen. Na afloop van die ondersoek word bevind dat Richtersveld-Afrikaans binne Oranjerivier-Afrikaans as variëteit van Griekwaland-Afrikaans en Namakwalandse-Afrikaans onderskei word. Volgens hierdie verslag is daar baie semantiese- en klankvariasie in Richtersveld-Afrikaans.

Aspekte van die omgangsafrikaans van geselekteerde woonbuurte in Pretoria.

Webb, V.N. 1987

Webb gebruik Labov se raamwerk vir stedelike taalondersoek. Hy stel dit ten doel om in die ondersoek 'n databasis van die Afrikaans van die blankes van Pretoria tot stand te bring; om "interessante verskynsels" variasietaalkundig te ondersoek; om die variasietaalkunde as vakrigting wyer bekend te stel asook om 'n bydrae tot stedelike taalondersoek te lewer.

'n Sosiolinguistiese analise van Rehoboth-Afrikaans.

Roux, S.M. 1988.

In hierdie navorsing geniet metodologie baie aandag, veral dan die data-insameling, -prosessering en -interpretasie. Daar word na 'n paar variasiestudies in Afrikaans verwys. Rehoboth-Afrikaans word hier as 'n subvariëteit van Oranjerivier-Afrikaans bespreek en vergelyk met Griekwa-Afrikaans asook Standaardafrikaans.

Slegs die sintaktiese, morfologiese en leksikale vlakke word bestudeer en vergelyk. Die invloed van geslag, ouderdom en opvoedingspeil is uitgelig omdat verskille in hierdie ondersoek na vore gekom het wat aan bogenoemde drie nie-linguistiese veranderlikes toegeskryf word. Ten slotte is opgemerk dat Rehoboth-Afrikaans besig is om uit te sterf.

Aspekte van Oranjerivierafrikaans in die spontane gebruik van blanke boorlinge in Noord-Kaapland.

Verhoef, M.M. 1988

Verhoef bespreek Oranjerivier-Afrikaans om daardeur ooreenkomste tussen Griekwa-Afrikaans, Riemvasmaker-Afrikaans en Van der Merwe Afrikaans te bepaal. Verhoef bevind dat daar 'n beduidende ooreenkoms is. Die keuse van respondente word as lukraak beskryf en gesê dat die kenmerkende spraak veral by bejaarde persone gevind is.

Sosiolinguistiese variasie en aspekte van die Fonologiese en Grammatiese realisering daarvan in Afrikaans.

Stander, M. 1990

In hierdie variasiestudie wil Stander onderskei tussen linguistiese variasie en sosiolinguistiese variasie, met die wete dat laasgenoemde deel uitmaak van linguistiese variasie, dit wil sê daar is ook 'n verband. Alhoewel variasie fonologies of grammaties manifesteer, is variasie nie noodwendig "sosiaal gemerk" nie (1990:270) en verder "(s)osiolinguistiese variasie kan egter nie in isolasie bestaan nie. Daar sal altyd 'n linguistiese variant daarnaas bestaan" (1990:271).

Sosiaal gemerkte taalgebruik kan volgens Stander ook "opgegradeer word sodat hy bloot as 'n linguistiese alternatief of keuse in die taal bestaan" (1990:272). Taalverandering word aangespreek en daarmee saam taalkontak en taalverwerwing

as oorsaaklikhede. Hierdie studie raak net fonologiese en grammatiese aspekte aan met die semantiese teen die agtergrond, en die leksikale word soos in die meeste variasiestudies afgeskeep.

3.2 Slotson

Al was taalondersoeke aanvanklik net die weergee van taaldata, sonder om dit te sistematiseer of gevolgtrekkings te maak, was dit 'n vertrekpunt vir taalvariasie-ondersoeke. Al dié werk wat tot dusver in verband met taalvariasie gedoen is, dra nie net by tot beter begrip en insig van taalvariasie in die algemeen nie, maar veral van taalvariasie in Afrikaans. Dit bring mee dat huidige variasie-ondersoeke 'n sterk basis het waarvanaf gewerk kan word.

HOOFSTUK 4: 'N STANDAARD VAN ORANJERIVIER-AFRIKAANS

4.1	Vooraf	45
4.2	Fonologiese Variasie	47
4.2.1	Vokale en Diftonge	48
4.2.1.1	Vokaalverhoging en -verlaging	48
4.2.1.2	Vokaallengte	48
4.2.1.3	Vokaalreduksie en -toename	48
4.2.1.4	Monoftongering en Diftongering	49
4.2.1.5	Variasie van diftonge	49
4.2.1.6	Ontronding en oorronding van vokale en diftonge	49
4.2.1.7	Vokaalbreking	50
4.2.1.8	Vokaalweglating binne die woord/sinkopee	50
4.2.1.9	Vokaaltoevoeging tussen lettergrepe	51
4.2.2	Konsonante	51
4.2.2.1	Konsonantwysigings	51
4.2.2.2	Konsonantverswakking	55
4.2.2.3	Konsonantversterking	58
4.2.3	Samevatting	59
4.3	Grammatiese Variasie	59
4.3.1	Morfologiese Variasie	59
4.3.1.1	Vergelykingskonstruksie	60
4.3.1.2	Geslag	60
4.3.1.3	Meervoude	60
4.3.1.4	Verkleining	61
4.3.1.5	Die prefiks <i>ge-</i>	62
4.3.1.6	Afleidings	62
4.3.1.7	Verbindingsklanke	63
4.3.1.8	Goed-konstruksie : hulle-konstruksie	64
4.3.1.9	Reduksie/Verkorting	64
4.3.1.10	<i>Gehad/gewees > gehet/gewas/gewis</i>	65
4.3.1.11	Onverboë vorm	65
4.3.1.12	Woordsoortelike meerfunksionaliteit	65
4.3.2	Sintaktiese Variasie	65
4.3.2.1	Vereenvoudiging en Kompleksiteit	65
4.3.2.2	Infinitief	65
4.3.2.3	Skakelwerkwoorde	66
4.3.2.4	Setselgroepe en setsels	66

4.3.2.5	Betreklike konstruksie en betreklike voornaamwoorde	68
4.3.2.6	Besits-/Genitiefskonstruksie	69
4.3.2.7	Anaforiek en derdepersoonsvoornaamwoorde	70
4.3.2.8	Ontkenning	71
4.3.2.9	Lidwoorde	73
4.3.2.10	Werkwoordelike Variasie	73
4.4	Leksikale Variasie	73
4.5	Samevatting	73

HOOFSTUK 4: 'N STANDAARD VAN ORANJERIVIER-AFRIKAANS

4.1. Vooraf

Om variasie binne Oranjerivier-Afrikaans te kan beskryf, sal dit noodsaaklik wees om 'n soort standaard vir Oranjerivier-Afrikaans daar te stel - 'n norm waaraan die interne variasie (variasie binne Oranjerivier-Afrikaans) gemeet kan word. Om dit te bepaal, moet daar vooraf oor Oranjerivier-Afrikaans besin word.

Van Rensburg (1984:514) baken Oranjerivier-Afrikaans af op grond van historiese en linguistiese faktore. Hy tref in die verslag oor Griekwa-Afrikaans 'n onderskeid tussen die drie vorme van Afrikaans, te wete Oosgrens-Afrikaans, Weskaapse-Afrikaans en Oranjerivier-Afrikaans. Oranjerivier-Afrikaans word vervolgens beskryf as die "nie-standaard-Nederlands (met vervormings) wat veral aan die Oranjerivier, maar ook op ander plekke in die binneland, vanaf sowat die begin van die agtiende eeu deur 'n noemenswaardige aantal sprekers gebruik is".

Verhoef (1988:60) brei geografies hierop uit deur te sê dat dit die sprekers is "wat hulself aan die oewer van die Oranjerivier, vanaf die monding van die Grootrivier aan die Weskus tot in die Vrystaat gevestig het".

'n Verdere eienskap van hierdie variëteit van Afrikaans is dat dit volgens Van Rensburg (1984:515) sterk beïnvloed is deur Hottentots.

Van Rensburg (1989:458) se bespreking van Oranjerivier-Afrikaans en die onderskeidende kenmerke, dien as vertrekpunt. Oor die ontstaan van die variëteit Oranjerivier-Afrikaans, meen Van Rensburg (1989:454) dat die Khoensprekers hulle moedertaal prysgegee het "en hulle daarna bedien van 'n kenmerkende intertaalvorm van Afrikaans waarvan die bekendste subvariëteit sekerlik Griekwa-Afrikaans is". Afrikaans was dus die teikentaal. Van Rensburg beklemtoon dat Oranjerivier-Afrikaans beperk is tot die ouer geslag - 'n probleem wat Verhoef (1988) ook in die keuse van respondente ondervind het.

'n Verdere faktor wat die studie van Oranjerivier-Afrikaans kompliseer, is die verspreiding daarvan oor 'n groot geografiese gebied - selfs tot in Namibië. Van Rensburg (1989:455) se spekulasie of Oranjerivier-Afrikaans wel in die

Oranjeriviergebied "op grond van sosiale oorwegings in 'n oostelike (ook bekend as die Griekwas) en 'n westelike groep (in die Richtersveld) onderskei word, word ondersoek. Die oostelike groep lewe, in sy geheel gesien, volgens norme wat baie nader aan algemeen geldende Westerse waardes staan as die westelike groep. Die belangrike onderskeidende kenmerk vir hierdie verdeling is die kennis van en die gebruik van Khoe-woorde en -gebruike".

Van Rensburg het al hierdie bewering in die Griekwaverslag (1984) gemaak, naamlik dat daar 'n verskil is in die Afrikaans van die sprekers hoër op aan die Oranjerivier (Griekwas) en sprekers wat nog Nama ken, laer af: "Riemvasmakers is van die groep wat van laer af teen die rivier afkomstig is en praat nog 'n gebroke Nama" (Fourie, 1985:40). Vir Verhoef (1988:60) word Oranjerivier-Afrikaans linguisties gekenmerk deur die sterk Khoe-invloed, veral nader aan die Oranjeriviermonding waar die Khoe-invloed baie duidelik is.

Kenmerke van Griekwa-Afrikaans, Riemvasmaakafrikaans, blanke Oranjerivier-Afrikaans, Afrikaans van die Richtersveld en Rehoboth-Afrikaans word bymekaargetrek om 'n 'standaard' van Oranjerivier-Afrikaans daar te stel. Al die bogenoemde variëtiëte (subvariëteite) is deel van die variasie binne Oranjerivier-Afrikaans.

Fourie (1985:1) verduidelik dat Riemvasmaakafrikaans (RA) "veral ooreenkoms toon met die Afrikaans soos dit deur ouer Griekwas en deur die mense in die Noordwes-Kaap gepraat word. Daar word dus uitgegaan van die hipotese dat RA 'n vorm van Oranjerivierafrikaans is". In hierdie werk van Fourie is Riemvasmaakafrikaans op grammatiese vlak en ten opsigte van diskoersverskynsels, in verband gebring met Standaardafrikaans en Griekwa-Afrikaans. Hierdie werkswyse word geregtig "omdat van laasgenoemde variasie 'n volledige variasiestudie in Afrikaans gedoen is, maar ook omdat daar op grond van historiese gegewe, 'n groot ooreenkoms tussen die twee variante taalvorme vermoed kan word" (1985:7). Verderaan verklaar Fourie: "Die ondersoek van die Afrikaans van die Riemvasmakers het getoon dat die variasie van hierdie groep groot ooreenkoms toon met die Afrikaans soos dit deur die Griekwas en die mense in die Noordwes-Kaap gepraat word" (1985:41).

Die variasiestudies van Du Plessis (1984;1987), Fourie (1985), Jenkinson (1984), Van Rensburg (1984;1989), Verhoef (1988) en Roux (1988) is vervolgens gebruik om 'n soort standaard van Oranjerivier-Afrikaans daar te stel.

Oranjerivier-Afrikaans sal op die volgende vlakke bespreek word:

- fonemies/fonologies
- grammaties (morfologies en sintakties)
- leksikaal

Die volgende afkortings is gebruik:

- SA - Standaardafrikaans
- OA - Oranjerivier-Afrikaans
- GA - Griekwa-Afrikaans
- RA - Riemvasmaakafrikaans
- BOA - blanke Oranjerivier-Afrikaans
- RBA - Rehoboth-Afrikaans
- AR - Afrikaans van die Rictersveld
- SNA - Suide van Namibië se Afrikaans
- BA - Botswana-Afrikaans
- KT - Afrikaans van die Kharkams
- KA - Kaapse Afrikaans
- VDMA - Van der Merwe Afrikaans

(Vergelyk hoofstuk 5 vir 'n verdere beskrywing van die sprekers.)

4.2. Fonologiese Variasie

In die gesproke taal oefen Oranjerivier-Afrikaans invloed uit op Afrikaans, sodat Van Rensburg (1989:455) opmerk dat taalbeïnvloeding in die Oranjerivier-gebied ondervind word "waar baie vorme uit die variëteit in die daaglikse geselskap van sprekers wat tot hoë sosiale kringe behoort, aangetref word".

De Stadler (1989:198) onderverdeel die fonologiese prosesse in Afrikaans in prosesse wat segmente se kenmerke verander, skrap, invoeg of die volgorde daarvan verander. Wanneer enige van hierdie prosesse plaasvind en 'n verskuiwing op die "sterktehiërargie" meebring, vind daar òf verswakking òf versterking plaas. So tipeer De Stadler (1989:207) 'n konsonanthiërargie en 'n vokaalhiërargie. Binne die konsonanthiërargie verklaar hy "die sluitklanke is die sterkste en glyers die swakste ... frikatiewe sterker as nasale en likwiede, maar swakker as sluitklanke ... stemlose konsonante sterker as stemhebbende konsonante" en "is [ə] die swakste vokaal, terwyl die diftonge die sterk kant van die hiërargie beset" en dat "skrapping van 'n klanksegment kan

beskou word as die nultrap van verswakking". Dit impliseer dat wanneer 'n diftong byvoorbeeld in 'n monoftong verander, dit 'n geval van verswakking is.

Van Rensburg (1984) se werkswyse t.o.v. fonologiese variasie word nie hier gevolg nie, omdat hy in terme van klusterbou fonologiese analise doen. Die meer tradisionele beskrywing van klankverskynsels word hier gevolg. Die kode [ae] word gebruik om die fonetiese teken [æ] voor te stel:

4.2.1 VOKALE EN DIFTONGE

4.2.1.1 Vokaalverhoging en -verlaging

'n Reeks effens verhoogde vokale kom voor soos in

[be:nðkant] [vɔ:rs] [lup]

Verlaging van dieselfde vokale kom ook voor.

Voorbeelde: [lɒp] (loop) [sɛkðr] seker

Daar is ook verlaging van diftonge soos in

[bɛit] [ɔit]

4.2.1.2 Vokaallengte

Die lengte by die lae vokale is nie vas nie en gevalle soos *maar* > *mar*

kos > *ko:s* is opgemerk.

(Verhoef, 1988:162).

4.2.1.3 Vokaalreduksie en -toename

Die uitspraak van enige vokaal, weg vanaf sy oorspronklike posisie, nader aan die neutrale vokaal [ə], staan bekend as vokaalreduksie. Die teenoorgestelde beweging weg van die neutrale vokaal, na 'n vol of kardinale vokaal, is vokaaltoename.

Vokaalreduksie is vokaalverswakking soos in:

[pərtəi] [fəndax] (Verhoef, 1988:164)

en vokaaltoename 'n vorm van vokaalversterking byvoorbeeld:

[klɛnk] (klink)

4.2.1.4 Monoftongering en Diftongering

i Monoftongering

Monoftongering vind plaas wanneer 'n diftong verswak na 'n monoftong of vokaal. De Stadler (1989:213) beweer 'n diftong bestaan uit twee "subsegmente" waarvan "telkens die sterk subsegment" behoue bly by monoftongering. As daar volgens De Stadler se argument na die onderstaande variasie gekyk word, is dit nie suiwer monoftongering nie, omdat daar in sommige gevalle algehele verandering is waar nie een van die "subsegmente" behoue bly nie, byvoorbeeld: [œu] > [ɔ] en daar is ook gevalle waar die swakste "subsegment" naamlik [ə] behoue bly: [əi] > [ə].

Voorbeelde:

[əi] > [e]

[œy] > [y]

bemekaar, uutgeskrywe (De Wet, 1987:156)

ii Diftongering

Na aanleiding van die vokaalhiërargie soos deur De Stadler (1989:213) gestel, is die fonologiese veranderinge van vokaal na diftong "versterking aangesien die diftonge die sterkste vokale op die vokaalhiërargie is".

Voorbeelde:

[a] > [œu]

[ɔ] > [œu]

louns, wounerlike

(De Wet, 1987:156)

4.2.1.5 Variasie van diftonge

Hierdie variasie vind plaas waar [əi] byvoorbeeld in [ɛi] verander.

4.2.1.6 Ontronding en oorronding van vokale en diftonge

Ontronding (fonologiese verswakking) kom by OA voor:

[nati:rlə̃k] [de:r] [mə̃skit]

en ook by diftonge: [kə̃iə̃r] (Verhoef, 1988:165).

Ontronding is 'n proses "wat aan wigverlaging vooraf moet gaan" en wigverlaging is "die neiging om vokale uit te spreek met 'n tongposisie verder weg van die kardinale vokale en nader aan die schwa-gebied. Die tongstand is in die meeste gevalle nog laer as die neutrale [ə]", aldus Du Plessis (1983:57 e.v.). Du Plessis merk verder, na aanleiding van die variasie-ondersoek by JOT, op dat wigverlaging en sosio-ekonomiese klas verband hou: "hoe hoër die spreker se sosio-ekonomiese status, hoe laer die graad van wigverlaging". Klopper (1983:97) skryf ook ontronding aan sosiale faktore toe en Webb (1989:424) bespreek ontronding as taalvorm wat "sosiaal ingebed" geraak het. N.a.v. 'n taal-ondersoek vind Webb dat ontronding "situasioneel, d.w.s. stilisties, gedifferensieer is, en dat dit meer by ouer lede voorkom ... is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat die ouer lede van hierdie gemeenskap in mindere mate as die jongeres skoolgeletterd is, en dus minder blootstelling aan die formele Standaard-Afrikaanse norm gehad het" (Webb,1989:425).

Hierdie gevolgtrekking van Webb kan ook van toepassing gemaak word op OA waar die sprekers meestal van die ouer garde is en nog minder blootgestel was aan die standaardnorm as die proefpersone betrokke by Webb se ondersoek.

Die hoë- en middelvoervokale word deur ontronding geraak, in teenstelling met reduksie waar al die vokale in die gedrang kom. Ontronding hang ook nou saam met monoftongering, sodat gevalle van ontronding ook monoftongering is en oorronding, diftongering.

Oorronding is beskryf in OA:

sewe > seuwe

(Verhoef,1988:165).

4.2.1.7 Vokaalbreking

Dit is 'n vorm van vokaalversterking.

'n Voorbeeld hiervan is:

[ma:l] > [ma:ɔl]

4.2.1.8 Vokaalweglating binne die woord /sinkopee.

De Villiers (1976:178) sien sinkopee van [ə] as die "uiterste gevolg van swak beklemtoning van 'n sillabe". Waar daar weglatting is van 'n vol vokaal, kan

die afleiding gemaak word dat dit 'n proses is waar die vol vokaal gereduseer is na die neutrale vokaal en dat sinkopee daarna toegepas is.

Voorbeeld:

dadelik > daadlik; batterye > batrye

(De Wet, 1987:163)

4.2.1.9 Vokaaltoevoeging tussen lettergrepe

Dit kan ook 'n geval van konsonantklustervereenvoudiging wees. (Vergelyk vokaalinvloeging by konsonantklusters.)

4.2.2 KONSONANTE ✓

Vir De Stadler (1989:207) is daar, soos by vokale en diftonge, sprake van 'n hiërargie by konsonante: sluitklanke is die sterkste, daarna frikatiewe en dan nasale en likwiede (syklanke en trillers). Stemloosheid plaas 'n konsonant hoër in die hiërargie as stemhebbendheid en enige verandering van 'n sterker konsonant na 'n swakker een, impliseer konsonantverswakking.

4.2.2.1 Konsonantwysigings ✓

i Assimilasie ✓

Dit is een van die fonologiese prosesse waar 'n klanksegment die "kenmerke van 'n ander segment in sy omgewing aanneem" (De Stadler, 1989:199). By assimilasie moet daar onderskei word ten opsigte van *graad* en ten opsigte van *rigting* (De Stadler, 1984:197). Daar is dus sprake van gedeeltelike of algehele assimilasie en verder tussen progressiewe of antisipatoriese en regressiewe of perseveratiewe assimilasie.

Uit die volgende bespreking van De Villiers (1976:67) van antisipatoriese en perseveratiewe assimilasie, sal dit blyk waarom laasgenoemde as konsonantvereenvoudiging getipeer kan word.

Antisipatoriese assimilasie:

"As ons by die uitspraak van twee of meer opeenvolgende klanke die spraakorgane reeds in gereedheid bring vir die tweede (of derde) klank terwyl ons nog met die eerste besig is ... kan as 'n soort oorgretigheid beskou word" en gevolglik "soms wysiging en soms (skynbare) verdwyning van 'n klank". [n] word baie

hierdeur getref. "Van besondere belang is die sametrek van homorgane konsonante (d.w.s. konsonante op dieselfde plek gevorm) in afleidings, samestelling en in sinsverband." Voorbeelde van konsonante wat betrokke is: p en p/b; t en t/d; n en n/m. So word die "artikulasiebeweging net een maal uitgevoer". De Villiers (1976:68) merk voorts op dat assimilasie baie dikwels voorkom as die ekspllosiewe [k,t,d] voor [l] en [n] staan.

Voorbeeld:

springbok > *sprimbok*

(De Wet,1987:162)

Perseveratiewe assimilasie:

Wanneer daar "by die uitspreek van twee opeenvolgende klanke die spraakorgane nog hou in die stand of posisie van die eerste klank terwyl ons met die tweede (of derde) besig moes gewees het", is daar sprake van perseveratiewe assimilasie en word deur De Villiers (1976:67) gesien as "'n soort traagheid" met gevolglike verdwyning (byna) van die tweede klank (algehele assimilasie). Die eerste klanke van [di], [dæt], [hæt], [ni] en [ðs] verdwyn maklik.

Voorbeelde:

onder > *onner*

daardie > *darie*

vir die > *vir'ie*

(De Wet,1987:162)

ii Assibilasie

Onder assimilasie is onderskei tussen progressiewe en regressiewe assimilasie, maar *assibilasie* is nie een van bogenoemde nie (De Stadler,1984:197). In hierdie proses word die spanning verlig sodat 'n ekspllosief wat tussen twee vokale is, nie deeglik gesluit word nie en in 'n frikatief of triller verander. Volgens De Stadler (1984:198) is assibilasie "'n merker van 'n bepaalde stylvlak wat nader aan die informele punt van die stylvlak skaal lê en wat kenmerk word deur 'n verhoogde spraakspoed". Die [p]/[b] verander in [v] en [t]/[d] in [r].

Assibilasie is dus 'n soort assimilasie waar 'n sluitklank tussen twee vokale verswak tot [r] of [v].

Voorbeelde:

byvoorbeeld > *byvoorweeld*

(De Wet,1987:163)

stadig > *starag*

midag > *mirrag*

(Van Rensburg, 1984:305)

In De Villiers (1987:120) word *rotasering* (na aanleiding van Le Roux en Pienaar) gebruik om die oorgang van [d], verneamlik in informele situasies, in [r] veral voor [ə] en soms ook voor ander vokale" aan te dui. Uit hierdie beskrywing wil dit dus voorkom of rotasering eintlik 'n vorm van assibilasie is.

(Ponelis (1984:88) sien rotasering as 'n vorm van d-verswakking:

bottel > *boddel* > *borrel*)

Volgens De Villiers (1976:70) kan die fonologiese proses verantwoordelik vir die uitspraak van die voegwoord [dat] as [lat] aan assibilasie toegeskryf word.

Voorbeelde:

hoedat > *hoelat*

sodat > *solat*

(Van Rensburg, 1984:306)

Die baie frekwente [vafər] uit [vatər] lyk dan ook baie na assibilasie.

iii Nasalering

Vir De Villiers (1976:69) is nasalering "gedeeltelik antisipatoriese en gedeeltelik perseveratiewe assimilasie" en vind volgens De Stadler (1989:202) plaas as "'n vokaal voor 'n nasale konsonant staan" en "die vokaal onder bepaalde omstandighede die nasale karakter van die nasaal aanneem" - verder word *nasalering* gebruik as sambreelterm vir drie fonologiese prosesse waarvan een of meer ter sprake kan wees:

- vokaal word genasaleer;
- skrapping van die nasaal na nasalering;
- verlenging van die vokaal sou dit 'n kort vokaal wees.

Baie min nasalering word weliswaar binne OA opgemerk behalwe by BOA waar daar byna soos in SA genasaleer word. Indien Du Plessis (1983:55) se gevolgtrekking na die variasiestudie van Johannesburgse Omgangstaal, in ag geneem word, kan bogenoemde verskil van BOA t.o.v. die ander subvariëteite, ook verklaar word met Du Plessis se bevinding dat

"nasalering al minder voorkom hoe laer mens in die sosiale stratifikasie af-gaan. Nasalering in Afrikaans blyk dus baie sterk verband te hou met sosiale veranderlikes".

Wat egter opval, is die 'ontnasalering' van andersins tipiese genasaleerde gevalle indien dit met SA vergelyk word, deur weglating of stemvariante:

gaan > *gaat*

iv Palatalisasie

Die prevelêre [k_y] en palatale [c] asook die alveopalatale affrikate [tʃ] en [dʒ] en die palatale glyer [j] is by die fonologiese proses betrokke. Hieronder volg 'n kort opsomming van die konsonante wat veral beïnvloed word deur palatalisasie.

Tabel 2: Palatalisasie

Beskrywing	Van	Na
Pre-palatale eksplosief	[k]	[c]/[k _y]/[tʃ]
Velêre frikatief	[x]	[tʃ]/[ʃ]
Palatale glyer	[j]	[dʒ]
Glottale glyer	[h]	[j]

([tʃ] is 'n alveopalatale affrikaat en [ʃ] 'n alveopalatale groeffrikatief.)
(Terminologie: De Villiers (1987:110 e.v.))

✓ Van Wyk (1977:134) formuleer palatalisasie as die fonologiese proses wat "ontstaan wanneer die middel tong na die palatum gebal word soos vir die halfvokaal [j] gelyktydig met 'n primêre artikulasie" en verder "(g)epalataliseerde konsonante word perseptief gekenmerk deur 'n [j]-agtige afloop wat direk na die kruinartikulasie gehoor word. Dit ontstaan omdat die tong deur die stand van 'n voorvokaal uit die sekondêre artikulasie na die artikulasiepunt van die volgende klank moet beweeg".

Die tong is dus gedurende die artikulasie van die gepalataliseerde konsonant in die [j]-posisie en dit is nie twee afsonderlike artikulasies nie.

✓ Voorbeelde:

Kjimmerlie, gjee, hjet, pjerd, ejk, wjerk (Verhoef, 1988:151)

De Villiers (1987:110) sê dat [k,] en [c] variante is van [k] voor nie-lae voorvokale. Hy merk op dat dit baie voorspelbaar is voor [i] soos in die verkleiningsuitgang en kom "dialekties en in die taal van sommige ouer mense ook voor [ɛ]" soos in die voorbeeld: *kjent*.

Die vorming van affrikate is volgens De Stadler (1989:177) "saamgestelde konsonante ... omdat hulle met sluiting begin en met wrywing eindig".

Voorbeelde:

tjek; tsetsevlieg; djy; djou

4.2.2.2 Konsonantverswakking ✓

i Metatesis

De Villiers (1976:70) sien metatesis as 'n moontlike manier om die "uitspraak van die opvolging van konsonante te vermy". Hierdie vorentoe 'verspringing' van die [r] in 'n woord kan dus eintlik as 'n soort klustervereenvoudiging geïnterpreteer word.

Voorbeeld:

plesier > pilsier

(Van Rensburg, 1984:296)

ii Sillabeverkorting of -weglating

Hier word onderskei tussen sillabeverkorting/weglating en vokaalweglating (4.2.1.8) want by eersgenoemde is buiten die [ə] ook 'n konsonant betrokke.

iii Klankweglating

Hierdie fonologiese proses, ook bekend as *skrapping*, "vind gewoonlik plaas in 'n onbeklemtoonde omgewing" en verder kenmerkend "is hulle assimilatoriese karakter; die klanksegment word geskrap in die omgewing van 'n ander klanksegment wat een of meer onderskeidende kenmerke met hom gemeen het" (De Stadler, 1989:204).

Skrapping kan as volg voorkom:

Begin/anlout (aferese): *(s)koorsteen*

Binne die woord (sinkopee)

De Villiers (1976:178) beweer sinkopee "word dikwels beskou as 'n vorm van assimilasie ... en dit is heeltemal waar dat alle verswakking van klanke wat ont-

staan deur die posisie wat die klank in die klankstroom het, as assimilasië beskou kan word".

Voorbeeld:

darem > *daem*

In die auslaut/einde (apokopee)

Voorbeeld:

vroeg > *vroe*

(De Wet, 1987:159)

iv Wisseling/Stemvariante

(Die verandering p-b en t-d soos in [sta:pθl] - [stabθl] en [b0tθl] - [b0rθl] word deur De Stadler (1984:200), beskryf as 'n "intervokaliëse stemgewingsreël" en gesien as 'n "soort assibilasie". Volgens De Stadler is dit tipies van verswakking dat dit "plaasvind in 'n onbeklemtoonde omgewing" (1984:200).

(Die verswakingsproses soos gesien in [b0rθl] verander dus van *bottel* > *boddel* > *borrel*.)

Konsonante wat geraak word deur die verswakingsproses:

p>b

t>d

ŋ>n

n>t ('n soort 'ontnasalering' vgl. RBA onder punt 5.2.2.2 - stemvariante)

n>m

n>d

r>l

h>g (ten opsigte van die suffiks *-heid*)

Voorbeelde:

slaan > *slat* (Verhoef, 1988:156)

Sou De Stadler se konsonanthiërargie soos by 4.2.2 weergegee, in ag geneem word (waar eksplosiewe die hoogste posisie op die hiërargie bekleë), is die verandering van n>t eintlik konsonantversterking en nie konsonantverswakking nie. Indien nasalering egter deur die gebruik van die eksplosief 'ontduik' word, is dit eerder vokaalverswakking.

v r-skrapping ✓

Volgens Ponelis (1984:88) bestaan daar geen twyfel dat hierdie verlies van [r] aan die invloed van Engels toe te skryf is nie. Klopper (1983b:88) korrigeer Klopper (1976) waar laasgenoemde dieselfde standpunt huldig as Ponelis: "In die lig van die feit dat [r]-verlies en vokaalont ronding ook sterk in Blankes se Kaapse Afrikaans en Standaard-Afrikaans voorkom, lyk die verduideliking nou al hoe onwaarskynliker."

Vir Klopper (1983b:96) lyk dit in die variasie-onderzoek of sosiale faktore en fonologiese "omgewingsfaktore" [r]-verlies "kondisioneer" en die frekwensie "varieer na gelang van faktore soos geloofsverband, sosiale stand, etniese groepsverbondenheid en ouderdom" (1983b:97). Ponelis onderskei tussen 'n *ongedekte* [r] en 'n *gedekte* [r]. Eersgenoemde kom aan die einde van woorde voor soos in [bru:] en laasgenoemde word gedek deur 'n ander konsonant. Gedekte [r]-verlies is 'n geval van konsonantklustervereenvoudiging. Daar is ook enkele gevalle waar r-verlies plaasvind tussen vokale.

Voorbeelde:

hiernatoe > *hienatoe*

rivier > *rivie*

(Van Rensburg, 1984:290).

vi Konsonantklustervereenvoudiging

'n Konsonantkluster is die kombinasie van twee of drie konsonante wat "in die sillabe-beginposisie of die sillabe-eindposisie betekenisonderskeidend as 'n enkele foneem funksioneer" (Klopper, 1984:333). Daar kan onderskei word tussen begin- en eindklusters en verder tussen tweesegment- en driesegmentklusters.

Klopper bespreek egter net tweesegmentklusters en tipeer die konsonant in die kluster wat die naaste aan die vokaal/diftong staan as die primêre segment en die verste konsonant as die sekondêre segment.

Byvoorbeeld: *drie*: *d*: sekondêr en *r*: primêr.

Konsonantklustervariasie word na aanleiding van Klopper (1984:335) "gebruik met verwysing na enige aantal tweesegmentklusters wat aan die begin of einde van sillabes sonder betekenisverandering afwisselend naas mekaar gebruik word".

Voorbeeld:

links > *lings*

(met die teenhanger: konsonantklusterversterking: *vergeet* > *vergeert*)

(Van Rensburg, 1984:291 e.v.)

vii Vokaalinvoeging by konsonantklusters.

Klopper (1984:340) sien die invoeging van [ð] by klusters as 'n proses van vereenvoudiging. Vergelyk die bespreking van Vokaaltoevoeging (4.2.1.9).

4.2.2.3 Konsonantversterking

i Toevoeging

(Ponelis (1984:88) sien die toevoeging van [r] as hiperkorreksie in woorde soos *anderster, liewerster, oralster, rusper, verkansie*)

Binne woorde (epentese):

De Villiers (1976:179) sien epentese as die teenhanger van assimilasie "wat ewenwel ook dien om die uitspraak te vergemaklik". De Villiers noem dit 'n soort dissimilasie met moontlike "hiperkorrektheid, dit wil sê 'n neiging om die vermeende weglating van 'n klank ... te herstel. Of anders kan dit 'n soort versterking van die betrokke sillabes wees" (1976:70).

Voorbeeld:

skielik > *skierlik*

(Van Rensburg, 1984:291 e.v.)

Einde van woorde (paragoge)

Dit is verwant aan epentese en De Villiers (1976:70) noem gevalle op van *diakent* en *lakent* wat "dialekties" voorkom en die "historiese gevalle soos Afrikaans *oond* uit *oven*, Nederlands *iemand* uit ouer *ieman* die sterk neiging vroeër om [t] te voeg na [n], byvoorbeeld *eigentlik*". Die verklaring lê volgens De Villiers (1976:70) daarin dat die [t] die "kragtige uitblaas van lug" is wat akkumuleer by die artikulasie van [n]: "Dit is 'n oorgangsklank in die sin dat dit die oorgang van [n] tot rustige asemhaling verteenwoordig."

Voorbeelde:

kierie > *kieriet*

woorde > *woordes*

(De Wet, 1987:159)

ii Wisseling/Stemvariante

Die wisseling van onderstaande konsonante is konsonantversterking, met die konsonanthiërargie soos deur De Stadler (1989) voorgestel, as uitgangspunt. (Vergelyk die bespreking vroeër in die hoofstuk.)

Konsonantversterking van die volgende variante is beskryf:

b>p

d>t

h>w

l>r

Voorbeeld:

rande > *rante*

(De Wet, 1987:159)

iii Aspirasie

De Villiers (1987:89) bespreek hierdie proses as die uitspreek van "ongespanne stemlose sluitklanke met groter spanning en met gevolglike aspirasie". [t] word die meeste hierdeur geraak, maar ook [k] en [p] en dan veral in die woordaanvang en De Villiers is van mening dat dit toe te skryf is aan Engelse invloed.

4.2.3 Samevatting

Net alleen die klankstruktuur van OA toon soveel variasie van SA dat OA as 'n variëteit van Afrikaans, naas SA, getipeer kan word. Hierdie aspekte wat gevind is met die integrasie van die onderskeie variasie-onderzoekbevindinge, dien as raamwerk vir die opstel van 'n inventaris waarop taalanalise, soos in hoofstuk 4, gedoen word.

4.3 Grammatiese variasie

Hierdie analysevlak sluit sowel morfologiese as sintaktiese variasie in. Baie gevalle van *vereenvoudiging* en *produktiwiteit* kom hier voor. Du Plessis (1984:95-96) keer egter dat sintaktiese vereenvoudiging nie as sintaktiese eenvoud gesien moet word nie: "Dit is wel so dat *sintaktiese vereenvoudiging* as sneller optree vir *sintaktiese kompleksiteit* as balans en dat die teenpool van sintaktiese kompleksiteit sintaktiese eenvoud is."

4.3.1 Morfologiese Variasie

Vir Combrink (1989:220) gaan 'n studie van die morfologie om die "sistematiek agter die vorm, funksie en betekenis van woorde, d.w.s die reekse ooreenkomste (en verskille) tussen bepaalde woorde se vorme, parallelle grammatiese funksies

en parallelle betekenis. 'n Sisteematiek is 'n samehangende geheel van sisteme en/of van sistemoïdes".

4.3.1.1 Vergelykingskonstruksie

Die vergrotende trap word met -er of *meer* aangedui, en die oortreffende trap met -ste of *mees* (en suffiks). Adjektiewe soos bv. *baie* het "suppletiewe graadtrappe": *baie - meer - meeste* (Ponelis, 1979:279).

Voorbeelde:

beterder; vinnagser

(Jenkinson, 1984:233)

4.3.1.2 Geslag

Daar word in die algemeen tussen manlik en vroulik onderskei by dierlike en menslike substantiewe.

Voorbeeld:

orrelis - orreliste

4.3.1.3 Meervoude

i Skep enkelvoud

polies (polisie)

ii Afwesigheid van meervoudsvorming

Veral waar versamelings ten opsigte van diere ter sprake is:

Vat daai klom' bees

(Verhoef, 1988:141).

iii Enkelvoud in meervoud uitgedruk

Dit kan ook as hiperkorreksie gesien word, byvoorbeeld:

anders, goeters

iv Meervoude by woorde wat gewoonlik nie meervoud neem nie.

Massanaamwoorde en voornaamwoorde neem nie meervoud in SA nie.

v Dubbele meervoud

Buiten die gewone meervoudsvorming word hiperkorreksie in OA aangetref, d.w.s. 'n dubbele afleidingsproses word gevolg:

Voorbeelde:

vrouense; boekiese

(Jenkinson,1984:238)

vi Variante meervoudsvorming

Waar dit verskil van die meervoudsvorming soos in SA.

Voorbeelde:

sante, geboutes, noois, veeëns

(Jenkinson,1984:238 e.v.)

vii Sonder die umlautvorm van die vokaal

In SA verander die stam soms wanneer meervoud uitgedruk word, soos in:

skip - skepe

Die stam bly soms in OA onveranderd, byvoorbeeld:

skip > skippe

4.3.1.4 Verkleining

i Dubbele verkleining

Net soos by hiperkorrekte meervoudsvorming, is dieselfde tendens by verkleining in OA waargeneem:

Buiten die gewone verkleiningsaanduiding word bykomende afleidingsprosesse in OA aangetref, d.w.s. 'n dubbele verkleiningsproses word gevolg:

rantjietjie

(Verhoef,1988:142)

ii Variante vorming van verkleining

Waar die vorming van verkleining verskil van die norm.

iii Woorde wat gewoonlik nie verkleining neem nie

Massanaamwoorde en voornaamwoorde neem normaalweg nie verkleining nie.

Voorbeelde:

koffietjies, sandjies

(Jenkinson,1984:242)

4.3.1.5 Die prefiks ge-

i Hiperkorreksie van verlede deelwoorde

Die voltooide deelwoorde wat met *ge-*, *be-(ba-)*, *ver-*, *ont-*, *her-* en *er-* begin, neem nie *ge-* om verlede tyd aan te dui nie.

Voorbeelde:

gevergeet, *gebeginne*, *gegeniet*

(Jenkinson, 1984:248 e.v.)

ii Veralgemening

ge- word nie soos in SA net by woorde met werkwoordelike status gebruik nie, gevalle soos:

Agter die geberg

is opgemerk.

iii Afwesigheid

Dit hang nou saam met die afleidingsprosesse wat nie vir die aanduiding van verlede tyd gevolg word nie.

iv Vooraf by deeltjiewerkwoorde

Die plasing van *ge-* vooraf by deeltjiewerkwoorde, in plaas van tussenin soos by SA, kan as traagheid gesien word om deeltjiewerkwoorde te skei:

Voorbeeld:

geomstoot

(Jenkinson, 1984:248 e.v.)

'n Ander variant wat beskryf is, is die hiperkorreksie van verledetysaanduiding by die werkwoord, byvoorbeeld:

gereggemaak

(Jenkinson, 1984:248 e.v.)

4.3.1.6 Afleidings

Die variasie tussen OA en SA t.o.v afleidings is veral by adjektiefgroepe te vind. Klopper (1989:105) noem dat die "markeringspatroon by voorbepalende adjektiefgroepe ingewikkelder as die van die nabepalende een" is. Hiperkorreksie sal dus morfologiese kompleksiteit impliseer, en afwesigheid van die afleidingsprosesse, vereenvoudiging.

Kortliks som Klopper (1989:106) markering van adjektiewe so op:

- "simplekse predikatiewe adjektiewe wat op *-d, -f of -g* eindig, gaan attributief op *-e* uit".
Die werk is goed.
Die goeie werk ...
- "predikatiewe adjektiewe wat op suffikse soos *-baar, -d, -end, -ig, -lik, -ies en -s* eindig, gaan attributief op *-e* uit".
- "predikatiewe adjektiewe wat uit verlede deelwoorde ontstaan, gaan attributief uit op *-e*."
- "simplekse predikatiewe adjektiewe wat op *k, s, l, m, n, ng, nk*, of 'n vokaal eindig, gaan attributief sonder *-e* uit behalwe vir enkele uitsonderings, of gevalle van intensiewe gebruik".

Klopper wys daarop dat waar attributiewe adjektiewe wat nie normaalweg *-e* neem nie, wel *-e* gebruik, is dit vir "verdere beklemtoning".

i Hiperkorreksie

Afleidingsprosesse word gevolg waar dit nie nodig is nie of dubbele afleidingsprosesse word gebruik in vergelyking met die standaardnorm.

ii Variante Afleidings

Hierdie variante afleidingsprosedure kan toegeskryf word aan veralgemenings, verouderde vorme en moontlik konseptuele leemtes, bv:

sterwelike mense

iii Afwesigheid van afleidingsprosedure

Afleidingsprosesse is dikwels afwesig of word soms net gedeeltelik gevolg.

4.3.1.7 Verbindingsklanke

Vir Kempen (1977:96) dien betekenis as "hulpmiddel" om te onderskei of dit wel verbindingsklanke is, en of dit bloot deel is van een van die komponente van die samestelling. Om meervoud *-s* van die verbindingsklank *-s-* by komposita te onderskei, argumenteer Kempen dat "meervoud is net meervoud as dit gesien en gestel (kan) word in opposisie tot enkelvoud". Indien dit nie die geval is nie, is dit nie "semantiese komparatiewe vorme" nie, maar "perifere, nie-sentrale verbindingsvorme".

Hierdie traagheid om afleidingsprosesse te volg, kan ook onder verkorting of reduksie (4.3.1.9) gesistematiseer word. Dit is morfologiese vereenvoudiging wat as 'n vorm van "ekonomie" interpreteer kan word.

4.3.1.8 Goed-konstruksie : hulle-konstruksie

In SA word dit gebruik om lewelose dinge aan te dui - dit is egter nie die geval in OA nie. In GA vervang die *goed-konstruksie* grootliks die *hulle-konstruksie*.

Jenkinson (1984) merk ook "kongruensie-konstruksies" op in GA, waar *goed-* en *hulle-* gelyktydig in 'n woord betrek word, byvoorbeeld:

meneer-goed, oupa-goed-hulle

(Jenkinson, 1984:252)

Die *goed-konstruksie*:

- Vervang nie noodwendig *hulle-konstruksie* nie, en hou soms meer in, soos in *Duitser se goed*.
- *Pa-goed* in plaas van die *hulle-konstruksie*.
Saam met soortname tree dit 3de persoonsverwysend op.
- Saam met eiename, byvoorbeeld:
Keimoesgoed en kan ook onbepaaldheid uitdruk:
wiegoed.
- *goeters* kom in funksie van *goed* voor:
hoofmangoeters
en *dinges* word in 'n negatiewe konteks gebruik.

4.3.1.9 Reduksie/Verkorting

Combrink (1989:235) onderskei vier woordvormingsprosesse, waaronder knipsels, truvorme, inkortings en akronieme.

"'n Knipsel is 'n woord wat uit 'n grondwoord gemaak is deur laasgenoemde se vorm te reduceer, sonder inagneming van die morfologiese struktuur van die woord."

Hierdie indeling lyk na 'n baie presieser beskrywing van die variasie wat by woordvorming opgemerk word, en hierdie tipe variasie is vereenvoudiging.

Voorbeelde:

wurmpie > *wurmp*

tamatie > *tamaat* (Jenkinson, 1984:243)

4.3.1.10 Gehad/geweës > gehet/gewas/gewis

(hang saam met Leksikale Variasie).

4.3.1.11 Onverboë vorm

Die werkwoordelike vorm van die woord word meerfunksioneel in ander woordsoortelike funksies aangewend sonder verbuiging van die stam en hang saam met 4.3.1.12.

Voorbeeld: *ruik* in plaas van *reuk*

4.3.1.12 Woordsoortelike meerfunksionaliteit

'n Woord word in 'n ander woordsoortelike funksie aangewend as wat normaalweg die geval is:

Hierdie nou se *mielie* (adjunk > soortnaamwoord)
(Verhoef, 1988:139).

4.3.2 Sintaktiese Variasie

4.3.2.1 Vereenvoudiging en Kompleksiteit

Soos by fonologiese en morfologiese variasie, is ook by sintaktiese variasie balans in variëteite ten opsigte van vereenvoudiging en kompleksiteit.

4.3.2.2 Infinitief

Die voorkoms van die voegwoord *om* en die modale partikel *te* direk na mekaar, is nie eie aan SA nie, en so ook die nie-skeiding van die deeltjiewerkwoord daarna:

om te ophou

(Vergelyk 4.3.1.5 iv - die traagheid om deeltjiewerkwoorde te skei om verledetyd aan te dui.)

4.3.2.3 Skakelwerkwoorde

Du Plessis (1990:69) roer die punt aan dat sowel die skakelwerkwoord as die hoofwerkwoord "morfologiese verledetydsaanduiding" kry, soos in Middelnederlands wat dus "moontlike hoofwerkwoordstatus van skakelwerkwoorde" impliseer.

By die variasiestudie van VDMA vind Du Plessis (1990:70) dat *loop* se frekwensie laer is as die van *kom*. Omdat die gebruik van *loop* en *kom* by 'n ander spreker van OA min of meer dieselfde hoeveelheid kere was, besin Du Plessis oor die moontlikheid dat dit dalk 'n kenmerkende verskil tussen Transvaalse Afrikaans en Oranjerivier-Afrikaans kan wees, maar ondersoek nie hierdie moontlikheid verder nie. Hierdie bevinding van Du Plessis kan inderdaad onderstreep word met hierdie ondersoek, naamlik dat *loop* en *kom* se frekwensie binne elke subvariasie naastenby dieselfde is.

Net die skakelwerkwoorde *loop*, *sit*, *staan* en *lê*, sal onder hierdie bespreking aandag geniet.

Ponelis (1979:241) tipeer indirekte skakelwerkwoorde as die "vier indirekte skakelwerkwoorde *lê*, *loop*, *sit* en *staan*, met die betekenis 'liggaamshouding' verbind via die bindpartikel *en* met die hoofwerkwoord" en direkte skakelwerkwoorde "verbind sonder die bindpartikel".

Voorbeelde:

Dan loop koop ons onse goedyies

Ons loop vra maar by die Here genade

(Fourie, 1985:106)

Die indirekte skakelwerkwoorde word onder 5.3.2.3 verder bespreek en gekategoriseer.

4.3.2.4 Setselgroepe en setsels

Onder die bespreking van setsels, gee Ponelis (1989:279 e.v.) baie duidelike riglyne en onderskei "sintaktiese enkelvoudige en sintakties nie-enkelvoudige setsels; dit wil sê, tussen eenwoord- en meerwoord-setsels, en in die tweede plek tussen voorsetsels en agtersetsels". Onder "nie-enkelvoudige" setsels word die "groepvoorsetsel" en "voorsetsel-agtersetsel" en dat t.o.v. laasgenoemde: "Voorsetsels en agtersetsels binne sirkumposisies is interafhanklik;

met ander woorde, 'n spesifieke voorsetset verbind met 'n spesifieke agtersetset, en dit is nie moontlik om enige voorsetset voor die voet met enige agtersetset te verbind nie."

Voorbeeld: *van nou af*

Die groepvoorsetset bestaan uit 'n *pre-setset* en (*voor*)setset en die "pre-setset lyk in die meeste gevalle op 'n voorsetsetgroep, en dit was histories wel 'n setsetgroep wat tot 'n enkele woord vergroei het, en nou nog los geskryf word, hoewel dit linguisties 'n eenheid is" (Ponelis, 1989:279 e.v.)

Voorbeeld:

ten spyte van

i Voorsetsetherhaling

Hy is in die hospitaal in

Jaag hulle uit die kraal uit

(Fourie, 1985:92).

ii vir-invoeging

Hierdie aspek word dikwels as eie aan OA gesien, maar Van Rensburg (1989:448 e.v.) vind *vir-invoeging* kom "toenemend voor 'n persoonlike voorwerp voor" en by KA dat "Maleiers en Kleurlinge gebruik *vir* baie meer as wat blankes dit gebruik ... die werkersklas sprekers van al drie die sosiale groepe gebruik dit baie meer as die hoë klas sprekers".

Net gevalle waar *vir* opsioneel is, word bespreek.

Voorbeelde:

Hoe sy vir haar gedra

So help die Weermag vir ons

(Fourie, 1985:94).

Vir hierdie gebruik van *vir* waar dit nie genoodsaak word nie, moet die rede verder gesoek word, en Fourie (1985:102) se verklaring lyk na die mees waarskynlike:

vir "vervul ... klem- en inlywingsfunksies wat minder frekvent in die standaardtaal voorkom.

iii vir-weglating

Hierdie variante is in teenstelling met die opsionele invoeging van *vir* en kan as teenwig gesien word.

iv met ... saam

Ons eet pap met melk saam

Ek loop met die voet saam (Fourie, 1985:103).

Dié opmerklike voorsetselgebruik in OA word verder onder 5.3.2.4 bespreek.

v Variante voorsetselgebruik

Soos by afleidings kan variante voorsetselgebruik aan verskeie faktore en invloede toegedig word.

vi Weglating

Ek is nou rêrig nie 'n ding so bang as wat ek 'n olifant bang is nie.

(Fourie, 1985:102).

Algehele weglating van voorsetsels waar dit genoodsaak word, kan as 'n sintaktiese vereenvoudigingsproses gesien word.

4.3.2.5 Betreklike konstruksie en betreklike voornaamwoorde

Betreklike konstruksie:

Hierdie bespreking moet in samehang met anaforiek gesien word. Ponelis (1979:461) beskryf betreklike konstruksies as "verwysende uitdrukkings (individualiserende beskrywings) wat heel spesifieke inligting omtrent referente gee" en daarom is hierdie "betreklike voornaamwoord anafories verbonde" aan die antesedent. Laasgenoemde het saam met die anafoor betrekking op dieselfde referent.

Die betreklike voornaamwoorde kan selfstandig 'n naamwoordstuk wees, of deel daarvan en Ponelis (1979:465 e.v.) noem dat alhoewel wie gebruik word om besitting aan te dui by voorsetselgroepe waar die referent menslik is, is wie "aan die wyk voor wat in die omgangstaal, binne die genitiefsvorm".

Hier kom baie duidelike variasie by OA voor want wat se gebruik is baie meer algemeen as in SA en word byvoorbeeld as plaasvervanger gebruik vir:

dat; waarvan; toe; waarin; waar; waarmee en wie.

Betreklike voornaamwoorde

- Setselskeiding: dit is waar die "saamgetrokke voorsetsel en die betreklike voornaamwoord" geskei is, soos in:

Die kind wat ek van praat

- Vervorming van wat tot lat

4.3.2.6 Besits-/Genitiefskonstruksie

Die gebruik van die besitlike konstruksie dui 'n "betrekking tussen referente" aan aldus Ponelis (1979:126) en die genitiefsvorm of dan besitlike konstruksie manifesteer op twee maniere, naamlik deur die

i Besitlike voornaamwoord en die kernsubstantief, byvoorbeeld:

hulle (besitlike voornaamwoord) *boeke* (kernsubstantief)

ii Tydsuitdrukking/ Naamwoordstuk en SE en kernsubstantief, byvoorbeeld:

môre (tydsuitdrukking) *SE toets* (kernsubstantief)

Koos (naamwoordstuk) *SE kar* (kernsubstantief)

In die subvariëteite val die ongewone gebruik van die genitiefsvorm t.o.v. punt i op, d.w.s die attributiewe gebruik van die besitlike voornaamwoord toon variasie, maar nie die selfstandige besitlike voornaamwoord nie. (Volgens Ponelis (1979:83) se onderskeiding.)

se-konstruksie

Die voornaamwoord en se word gebruik om besit aan te dui.

Voorbeelde:

hulle se foto's

ons se goed

(Verhoef,1988:143).

Veralgemening van se tot by name en selfstandige naamwoorde en oor naamwoordstukke (wat 'n bywoordelike funksie het) heen, is ook beskryf:

vroeë mense

twee weke se tyd

(Verhoef,1988:144).

sy/haar word net t.o.v. 1ste, 2de en 3de persoonsmeervoudsvorme en die kernsubstantief (wissel van SA) gebruik.

Die *se-konstruksie*, word by van die subvariëteite soms ten koste van die *van-konstruksie* gebruik (Fourie,1985:82). Vink (1981:438 e.v.) skryf die gebruik van *van* in plaas van *se* toe aan situasionele faktore (*van* word meer gebruik by formele situasies en *se* by informele situasies) en aan fokus:

By *my ma se hoed* is die fokus op *ma*; terwyl die fokus by *die hoed van my ma* op *hoed* is.

4.3.2.7 Anaforiek en derdepersoonsvoornaamwoorde

Verhoef (1988:73) ondersteun Fourie (1985) deur te wys op die

i Verdringing van *dit-anafore* deur *hy-anafore*

(wanneer iets nie-lewend ter sprake is) wat ook in SA voorkom, soos bogenoemde aanhaling van Ponelis getuig, maar dat hierdie verdringingsproses meer gevorderd is in die subvariëtiëte ter sprake, naamlik Riemvasmaak-afrikaans en blanke Oranjerivier-Afrikaans.

Prinsloo (1982:77) vind ook dat "in gesproke substandaardafrikaans 'n algehele verdringing van *dit* deur *hy*" is:

my kaart ... hom

daai dag ... hom

(Du Plessis, 1984:105).

ii verdringing van *sy* deur *hy*

"om na 'n vroulike referent te verwys", is beskryf (Prinsloo, 1982:78).

Persoonlike voornaamwoorde

Dit word soos anaforiese voornaamwoorde gebruik om na nie-menslike antesedente te verwys.

In 'n studie van C. du Plessis (1984:iv) onder standaardtaalsprekers het aan die lig gekom: "Omruiling van manlike en vroulike voornaamwoorde kom in verskillende taallae en by verskillende groepe voor en dit is nie altyd 'n bewuste variasie nie," maar brei tog later uit deur te noem dat daar tog streke is waar die wisseling meer opgemerk is, soos by swartes (1984:90) en ook by "die inwoners van die Noordweste van die land en dan veral die Namakwalanders" (1984:102). C. du Plessis vind veral die gebruik van die vroulike voornaamwoord as verwys word na kunsmatige voorwerpe, nie-menslike referente en ook, as na 'n man verwys word, om vernedering, goedigheid, gegriefdheid en moedeloosheid of leedvermakerigheid te kenne te gee. Die *hy-vorm* om na die vroulike geslag te verwys, is algemeen onder die Griekwas en Kleurlinge opgemerk, maar feitlik net in die gesproke taal. (C. du Plessis, 1984:84). In teenstelling met SA word opgemerk dat die *hy-vorm* gebruik word wanneer na nie-menslike en nie-lewende dinge verwys word. In SA het dit wel voorgekom wanneer daar na klein kinders en soms na dogters en vrouens verwys is. Die

moontlike oorsake is volgens C. du Plessis (1984:90) emotief van aard en sy vind dat die gebruiksfrekwensie van die aspek baie laag is by SA-sprekers.

Voorbeelde:

Toe hardloop my ma ... toe sê hy

(Du Plessis, 1984:105).

Massanaamwoorde

- dit word as anafoor gebruik alhoewel dit soms by blanke Oranjerivier-Afrikaans *hy* neem. Dit kom ook by Griekwa-Afrikaans voor, waar daar alreeds algehele verdringing van *dit* deur *hy* plaasgevind het.

- Weglating van die anafoor

Dit kom voor omdat die antesedent herhaal word. Verhoef (1988:78) meen die doel daarvan is om nadruk of klem te bewerkstellig.

- Weglating van die antesedent

Die betreklike voornaamwoord word as anafoor gebruik. Voorbeeld:

Moet die wat ons nou so tydsamig is

Verhoef (1988:79) sien die gebruik van *die* voor *wat* as "voegwoordelik van aard".

Bywoordelike anaforiek

Moet die, toe sak 'le op hom toe

Dit bring tydsverplasing, ruimtelike verplasing en nadruk teweeg, aldus Verhoef (1988:80) en "dien primêr as middel by die verteltegniek om die hoorder tot by die vertelde gebeure te verplaas".

4.3.2.8 Ontkenning

'n Sin of klous is positief of negatief waar positief herken kan word as "die ongemarkeerde lid van die opposisie aangesien dit deur zero gemarkeer word" en negatief: "die gemarkeerde lid ... deur die ontkenningsvorme (*nie* en *maats*) gemarkeer word" (Ponelis, 1979:372).

Die eerste lid van die ontkenning is die "ontkenningsvorm " en die tweede lid die slot-nie. Ponelis (1989:334 e.v.). Die ontkenningsvorme kan volgens Ponelis wees: ontkenningsadjunkte *nie*, *g'n/gan*, *geensins*, ontkenningsbywoorde van tyd *nooit*, *nêrens*, graadwoord *niks*, negatiewe pronomina *niemand/niks* en die negatiewe determineerder *geen*.

Die ontkenningvorm determineer dikwels, maar nie altyd nie, 'n slot-nie. Dit is juis t.o.v. laasgenoemde aspek dat die ongewone (maar nie konsekwente) weglating van die slot-nie opgemerk is.

i Weglating van die eind-nie

Dit kan enersyds toegeskryf word aan sintaktiese vereenvoudiging of andersyds aan die Nederlands waarmee daar vroeër kontak was.

Pheiffer (1989:88) sien die gebruik van dubbele ontkenning in SA as uniek aan SA. "Die eerste ontkenning in Afrikaans kom ooreen met die Nederlandse ontkenning, hetsy laasgenoemde in die vorm van *niet* verskyn, hetsy in die vorm van woorde soos *geen, niemand, nooit*, ens. As die Nederlandse ontkenkende woord aan die einde van die bereik van die ontkenning staan, is daar nie verskil met Afrikaans nie." Die verskil tussen Afrikaans en Nederlands is dat daar in Afrikaans "'n tweede ontkenningpartikel (naamlik *nie*) aan die regterkant van die sinsdeel waarop die ontkenning betrekking het", voorkom. Hierdie dubbele ontkenningvorm in Afrikaans skryf Den Besten (1986:210 e.v.) aan Khoe-invloed toe.

ii Weglating van die negatiewe vorm

Die ontkenningvorm in die negatiewe sin word weggelaat; dit is sintaktiese vereenvoudiging.

4.3.2.9 Lidwoorde

- i Weglating (bepaald en onbepaald);
- ii Deurmekaarhaal van lidwoorde
- iii Lidwoordtoevoeging.

Hier is 'n tipiese voorbeeld van kompleksiteit, want in Standaardafrikaans word onbepaaldheid "by sowel die meervoudige soortnaamwoord as die massanaamwoord aangedui deur die gebrek aan 'n lidwoord" (Ponelis, 1979:45).

Voorbeelde:

In mittel van die plaas

Ons gebruik maar die Afrikaans

(Du Plessis, 1984:123 e.v.).

4.3.2.10 Werkwoordelike Variasie

Variasie van *het/is/was* as werkwoord

Voorbeelde:

Ek is besluit

Ek het gebore

(Roux, 1988:128)

Is/was vervang *het* as hulpwerkwoord van tyd, en balanseer die omgekeerde sintaktiese proses waar *het* die koppelwerkwoord *is/was* se funksie oorneem. (Verhoef, 1988:115 e.v.)

4.4 Leksikale Variasie

Waar leksikale variasie van die subvariëteite bespreek word, is dit meestal net 'n ongesistematiseerde lys wat gegee word. Daarom word leksikale variasie in die volgende hoofstuk gesistematiseer volgens die struktuur soos wat Du Plessis (1987b) onder leksikale variasie by VDMA aan die hand doen.

4.5 Samevatting

Hierdie geïntegreerde beskrywing van OA uit taalanalises van die subvariëteite van OA, bevat nie al die variasie wat in elke subvariëteit beskryf is nie. Daar word by die sistematisering en analise van die inventa-

risse (taaldata) in die volgende hoofstuk nie noodwendig blindgestaar teen hierdie struktuur nie. Taalbeskrywing van OA en die variasie binne OA sal soms enger wees of wyer reik soos wat dit nodig geag word op grond van die eie inventarisse.

HOOFSTUK 5: VARIASIE BINNE ORANJERIVIER-AFRIKAANS

5.1	Vooraf	77
5.2	Fonologiese Variasie	81
5.2.1	Vokale en Diftonge	81
5.2.1.1	Vokaalverhoging en -verlaging	81
5.2.1.2	Vokaallengte	83
5.2.1.3	Vokaalreduksie en -toename	84
5.2.1.4	Monoftongering en Diftongering	89
5.2.1.5	Variasie van diftonge	91
5.2.1.6	Ontronding en oorronding van vokale en diftonge	92
5.2.1.7	Vokaalbreking	95
5.2.1.8	Vokaalweglating binne die woord/sinkopee	95
5.2.1.9	Vokaaltoevoeging tussen lettergrepe	96
5.2.2	Konsonante	96
5.2.2.1	Konsonantwysigings	96
5.2.2.2	Konsonantverswakking	101
5.2.2.3	Konsonantversterking	106
5.2.3	Samevatting	109
5.3	Grammatiese Variasie	110
5.3.1	Morfologiese Variasie	110
5.3.1.1	Vergelykingskonstruksie	110
5.3.1.2	Geslag	111
5.3.1.3	Meervoude	111
5.3.1.4	Verkleining	116
5.3.1.5	Die prefiks <i>ge-</i>	119
5.3.1.6	Afleidings	121
5.3.1.7	Verbindingsklanke	125
5.3.1.8	<i>Goed-konstruksie : hulle-konstruksie</i>	125
5.3.1.9	Reduksie/Verkorting	126
5.3.1.10	<i>Gehad/gewees > gehet/gewas/gewis</i>	127
5.3.1.11	Onverboë vorm	128
5.3.1.12	Woordsoortelike meerfunksionaliteit	128
5.3.1.13	Samevatting	129
5.3.2	Sintaktiese Variasie	129
5.3.2.1	Vereenvoudiging en Kompleksiteit	130
5.3.2.2	Infinitief	130

5.3.2.3	Skakelwerkwoorde	131
5.3.2.4	Setselgroepe en setsels	137
5.3.2.5	Betreklike konstruksie en betreklike voornaamwoorde	140
5.3.2.6	Besitlike konstruksie/Genitiefsvorm	141
5.3.2.7	Anaforiek en derdepersoonsvoornaamwoorde	142
5.3.2.8	Ontkenning	144
5.3.2.9	Lidwoorde	145
5.3.2.10	Variante gebruik van <i>het/is/was</i> as werkwoord	146
5.3.2.11	Herhaling	147
5.3.2.12	Samevatting	147
5.4	Leksikale Variasie	148
5.5	Samevatting	158

HOOFSTUK 5: VARIASIE BINNE ORANJERIVIER-AFRIKAANS

5.1 Vooraf

Die vorige hoofstuk was 'n sinopsis van die meeste algemene 'variasiekaraktertrekke' van die subvariëteite van Oranjerivier-Afrikaans soos blyk uit voltooide variasie-ondersoeke (om so 'n soort 'standaard' van Oranjerivier-Afrikaans vas te stel) en dit aan Standaardafrikaans (SA) te meet. Hierdie hoofstuk fokus net op Oranjerivier-Afrikaans (OA) en die variasie binne OA soos dit uit hiërdie variasie-analise blyk.

Daar word na elke subvariëteit afsonderlik gekyk om vergelykings te tref per linguistiese aspek om ooreenkomste en verskille vas te stel en om dit met twee kontrolegroepe te vergelyk.

Die belangrikste linguistiese veranderlikes op fonologiese, grammatiese (morfologies en sintakties) en leksikale vlak word bespreek ten opsigte van die onderstaande subvariëteite.

Databron

Taaldata van die volgende sprekers is in die ondersoek gebruik:

Griekwa-Afrikaans (GA)

Griekwa-sprekers vanaf Upington verder wes aan die benede Oranjerivier se Afrikaans wat Van Rensburg (1984:7) so beskryf:

"Die Afrikaans van die Griekwas is die taal van die sprekers wat hulle moedertaal (Hottentots) prysgegee het ten gunste van Afrikaans."

Riemvasmaakafrikaans (RA)

Hierdie groep sprekers, waarvan sommige ook 'n gebroke Nama praat, was eers aan die Oranjerivier gevestig, maar is in 1973-1974 in Damaraland hervestig.

Blanke Oranjerivier-Afrikaans (BOA)

Die Afrikaans van blanke Noord-Kaaplanders. Soos die Griekwas kom die blanke trekboere ook uit die Kaap "waar hulle 'n gebroke Nederlands gepraat het in nastrewing van die doelwittaal" (Verhoef, 1988:4).

Afrikaans van die Richtersveld (AR)

Hierdie subvariëteit klassifiseer ook onder Namakwaland se Afrikaans. "Die Afrikaans van die Richtersveld word gepraat in 'n taamlik geïsoleerde gedeelte van Namakwaland, in 'n gebied wat in 'n boog teen die Oranjerivier lê," skryf Van Rensburg (1987:1 e.v.) en sê dit "vorm al vir etlike honderde jare 'n opvallende variant van Afrikaans deurdat dit 'n baie sterk beïnvloeding deur Khoe-dialekte vertoon. (Die Khoe-dialekte is heelwaarskynlik die tale wat gesproke Afrikaans die meeste beïnvloed het.)" Die vlak van geletterdheid word as laag bestempel.

Rehoboth-Afrikaans (RBA)

Die ontstaan van die groep Basters en die stryd om oorlewing daarna, maak dat die groep mense 'n sterk groepsidentiteit het. In 1868 begin hulle trek in die rigting van die Oranjerivier en bereik Rehoboth in 1870 (Roux, 1988:52 e.v.).

Suide van Namibië se Afrikaans (SNA)

Die sprekers is, soos die Rehobothbasters, suidelinge in Namibië, maar SNA-sprekers is meestal Namas.

Botswana-Afrikaans (BA)

Blanke en bruin sprekers in Botswana se taaldata word betrek.

Bogenoemde subvariëteite van OA word met die volgende twee kontrolegroepe vergelyk:

Kaapse-Afrikaans (KA)

Weskaapse Afrikaans binne die wyer variëteit Kaapse-Afrikaans is hier ter sprake.

Van der Merwe Afrikaans (VDMA)

VDMA is chronolek van Transvaalse Afrikaans en omdat dit "nader sou staan aan SA as die subvariëteite van Kaapse of Oranjerivier-Afrikaans, is die kleiner omvang van variasie in VDMA te verwagte, aangesien SA uit Transvaalse Afrikaans ... gegroei het" (Du Plessis, 1987a:119).

Met die uiteindelijke opsomming van variasie soos dit op elke analysevlak vergestalt, sal die *Afrikaans van die Kharkams (KT)* soos deur Links (1989) waar-

geneem, gemeet word aan die onderskeidende kenmerke van OA en daardeur bepaal of KT as 'n subvariëteit van OA getipeer kan word.

KT sluit die spreektaal van Namakwaland in en Links beklemtoon dwarsdeur die ondersoek die neerslag van die Khoe-invloed wat nog steeds in KT waargeneem word (1989:3).

Dataversameling

Vir 'n variasie-ondersoek stel Labov (1978:204) 'n minimum vereiste van 25 bande (proefpersone) vir 'n variasie-ondersoek. By hierdie variasie-ondersoek word 27 bande betrek (GA: 5; RA: 3; BOA: 2; AR: 5; RBA: 5; SNA: 5; BA: 2) en by die kontrolegroep 10 bande (KA: 5; VDMA: 5).

Die suide van Namibië se Afrikaans en Botswana-Afrikaans word die eerste keer in 'n multidialek-ondersoek betrek omdat Van Rensburg (1984:515) in die Griekwaverslag ook hierdie Afrikaans as Oranjerivier-Afrikaans sien:

"Oranjerivier-Afrikaans het, veral in die loop van die vorige eeu, gesorg vir die grootste gebiedsuitbreiding van Afrikaans. Veral in Namibië en Betsjoeanaland word die vorm van Afrikaans ook gepraat."

Om 'n inventaris saam te stel, is reeds versamelde taalmateriaal in die vorm van transkripsies en bande gebruik, soos dit as bylaes by die variasie-onderseke gepubliseer is en ook deur die P.U. vir C.H.O. voorsien. In hierdie vergelyking tussen subvariëteite en die kontrolegroepe, word daar van dieselfde standpunt uitgegaan as Du Plessis (1987a:44 e.v.), naamlik dat dit nie gaan om net die "aan- of afwesigheid van linguistiese variante" om dit as 'n variëteit te tipeer nie, maar eerder om die "frekwensie van verskynsels".

Omdat die transkripsies van die onderskeie subvariëteite egter nie almal ewe eng of fyn gedoen is nie (of met dieselfde ondersoekdoelwit voor oë getranskribeer is nie) sal daar nie by die Fonologiese Variasie frekwensie-indekse gegee word nie. Soos Du Plessis (1987a:97) tereg sê:

"FI'e as sodanig is weinig meer as 'n inventaris." Daar sal by Fonologiese Variasie net 'n inventaris van verskille en ooreenkomste gegee word en 'n interpretasie daarvan.

In hierdie variasie-ondersoek word van die veronderstelling uitgegaan dat die sprekers aan die Oranjerivier wat in hierdie variasie-ondersoek betrek is, primêre sprekers van Afrikaans is, dit wil sê dat Afrikaans hul eerste ge-

bruikstaal is (Du Plessis, 1989:473) en verder dat die sprekers aan die Oranjerivier "van dieselfde linguistiese kode (of dan ook variëteit) van 'n taal gebruik maak in hul onderlinge kommunikasie en wat ook op sosiale gebied heelwat gemeen het" (Du Plessis, 1987a:42).

Die taalgemeenskap aan die Oranjerivier se linguistiese kode is uniek, maar die sprekers van die taalgemeenskap sien weer onderlinge verskille raak. Vergelyk 'n spreker van die suide van Namibië se siening van die taalgebruik van die mense van die Rictersveld:

"Hulle het amper die manier soos die Rehoboth-baster van praat" (Mnr. Cupido, Gibeon).

Die bestudering van variasies van SA impliseer dat daar ook by stigmatisering stilgestaan moet word. Botha (1989:148) beskryf gestigmatiseerde vorme as taalkenmerke van 'n dialek wat op een of meer vlak van die standaardtaal verskil en hierdie "(s)tigmatisering van dialekte kan tot gevolg hê dat die sprekers van die dialekte vervreem raak van die taalgemeenskap" wat kan aanleiding gee tot "taalspanning". Hierdie argument van Botha, waarin hy ondersteuning by Ponelis vind, maak dit duidelik waarom die meeste sprekers wat in die variasiestudies rondom OA betrek is, ouer sprekers is, want soos Botha (1989:148) voorspel, het dit 'n "invloed op die oorlewingsmoontlikheid van dialektiese variante" en hy noem dit die "opruimingsmag van die standaardtaal" (1989:149).

Die dataversameling is maklik gemaak omdat bestaande taalopnames en transkripsies gebruik is: Waar daar nie bestaande transkripsies was nie, is die taaldata getranskribeer soos by RA en BA (bande beskikbaar gestel deur P.U. vir C.H.O.). Bestaande transkripsies van GA (Griekwa-verslag, 1984), BOA (Verhoef, 1988), AR (verslag, 1987), RBA (Roux, 1988) en SNA (transkripsies beskikbaar gestel deur P.U. vir C.H.O.) is verder gebruik om inventarise t.o.v. die verskillende linguistiese veranderlikes op te stel. Met die dataversameling by RBA, t.o.v. fonologiese aspekte, is baie min variasie opgemerk, omdat Roux nie die bestudering van fonologiese aspekte ten doel gehad het toe die transkripsies gemaak is nie. Dit het die gebruik van Van Schalkwyk (1983) se studie van fonetiese variasie in RBA genoodsaak om 'n vollediger fonologiese inventaris saam te stel sodat geldige vergelykings t.o.v. die subvariëteite getref kon word.

Dataverwerking

Die inventaris is daarna gesistematiseer en taalanalise gedoen op fonologiese, grammatiese (morfologies-sintakties) en leksikale vlakke om sodoende gevolgtrekkings te maak rakende variasie binne Oranjerivier-Afrikaans.

5.2 Fonologiese Variasie

Die kode [ae] word gebruik om [æ] voor te stel:

Inventaris is eers opgestel t.o.v. variasie by vokale en diftonge en daarna by konsonante. Na sistematisering is daar aandag gegee aan variasie en besin of dit fonologiese versterkings- of verswakingsprosesse is. Laasgenoemde prosesse hou verband met vereenvoudiging en kompleksiteit soos dit onder grammatiese variasie bespreek word.

5.2.1 VOKALE EN DIFTONGE

By die fonologiese prosesse is daar sprake van versterking en verswakking. Du Plessis (1987a:67) formuleer vokaalversterking as "'n proses waarvolgens vokale voller en/of langer word, oftewel die teenoorgestelde rigting as reduksie opgaan".

5.2.1.1 Verlaging/Verhoging van vokale

Verlaag	Verhoog
GA	
[e] > [ɛ] [lɛwθ]	[ɔ]/[o:] > [u] [unθr] [tut] [sus] [umblθk]
[ɔ] > [a] [fantθin] [aptobθr]	[a] > [i] [krip]
[o:] > [ɔ] [bɔm] [kɔp] [sɔs]	[ɛ] > [u]/[e:] [mut] [e:k]
[i] > [ɛ] [dɛnθmθitθ]	[e] > [I:]/[i] [frislθk] [mI:n]
[ɛ] > [ae] [haet]	

'n Enkele geval is opgemerk waar die vokaal na agter verskuif het:

[æ] > [ɔ] [sɔkθ] (sulke)

RA

Hierdie variasie vertoon 'n baie lae frekwensie ten opsigte van vokaalverlaging en -verhoging.

[e] > [ɛ] [xæt] [swɛp] [twɛ]	[o:] > [u] [suntu]
[æ] > [a] [halθ]	[æ] > [ɛ] [sɛstθr] [xalɛkθx]
[o:] > [ɔ] [ɔk] [hɔfman] [wɔrt]	[e] > [i] [sikθr]
[ɔ] > [ɛ] [sɛmθr]	[ɔ] > [o:] [o:nsθ]
[ɛ] > [ae] [haet] [aek] [vaex]	

BOA

Baie meer gevalle van verhoging as verlaging is opgemerk.

[u] > [ɔ] [mɔras]	[ɔ]/[o:] > [u] [dumθni] [sus] [umblθk]
[o:] > [a] [fantθinl]	[ɔ] > [o:] [bo:sθ] [vo:nθrlθk]
	[mo:vθ] (skape)
	[e] > [i:]/[I:] [si:ker] [sI:p] [mI:n]
	[biwθ]
	[ɛ] > [i:]/[e:] [indʒθn] [he:t]
	[pe:rθ]

AR

[e]/[ø] > [ɛ] [wɛ:k] [sɛ:n]	[ɔ]/[o:] > [u] [sudra] [stut] [uns]
[o:] > [ɔ:] [nɔ:dax] [dɔ:d] [bɔ]	[a] > [i] [krip]
[i] > [ɛ] [dɛnθmθitθ]	[e:]/[ɛ] > [I:]/[i] [inaxθ] [mI:stθ]
	[hit]
[ɛ] > [a]/[e:] [kan](ken) [e:k]	[ɛ] > [u] [mut] (met)
[ɛ] > [ae]θ[haet] [xθstael]	[æ] > [i]/[Y] [sistθr] [hYlθ]
	[ɛ] > [e:] [e:k]

RBA

[e] > [ɛ] [frɛmdθlθŋ] [nɛxɛ]	[ɔ] > [o:] [ko:s]
[o] > [ɔ] [ɔk] [hisɔ] [lɔp]	[e] > [I:]/[i] [pI:r] [prubI:r]
[c] > [a] [fantθin]	[ɔ]/[o] > [u] [fθrkup] [unθr] [uns]
[ɛ] - [a] [hat] [xa:msbɔk]	[ɛ] > [u] [mut]
	[æ] > [ø] [køsdŋ] [søstθr] [hølθ]
	[æ] > [u] [axustæs]

Die geval is opgemerk waar die vokaal na agter verskuif het:

[y] > [u] [unie]

SNA

Baie lae frekwensie van verhoging en verlaging van vokale.

[u] > [ɔ] [Blɔmhɔf]	[o:] > [u] [xɔvun]
[o] > [ɔ] [lɔp] [sɔs]	[e] > [i] [xɔvis] [livɔndɔx]

Die geval is opgemerk waar die vokaal na agter verskuif het:

[æ] > [ɔ] [brɔxɔ] (brûe)

BA

Baie lae frekwensie van verhoging en verlaging van vokale is waargeneem:

[e:] > [ɛ] [lɛwɔ] [ɛ:rs]	[e] > [i] [xɔlir]
[o] > [ɔ] [kɔlɔ] [skɔl]	
[ɛ] > [æ]ɔ[haet]	

KA

[e:] > [ɛ] [rɛkɔnɔŋ]	[ø]/[e:] > [i]/[I] [mI:bɔls] [mI:n] [wit]
[o] > [ɔ] [ɔk]	[o] > [u] [su] [kup] [uk]
	[a] > [ɔ] [pɔtɔike:r] (partykeer)

VDMA

[ø] > [ɛ] [hɛnɔŋ]	[e:] > [i] [xi]
[æ] > [ø] [døskant]	[ɔ]/[o] > [u] [unɔr] [urlɔ]
[ɔ] > [a] [fantein]	[ɛ] > [u] [mut] (met)
[o] > [ɔ] [ɔk] [sɔs]	[u] > [ɔ] [xanɔx]
[e] > [a] [an] [kan]	

Een geval is opgemerk waar die vokaal vorentoe beweeg het:

[ɔ] > [ɛ] [hɛm] (hom)

Verlaging en verhoging van vokale balanseer naastenby binne elke subvariëteit en dan in geheel binne OA, behalwe by RA waar meer gevalle van verlaging opgemerk is en by BOA weer meer verhoging. Die frekwensie t.o.v. hierdie aspek is egter betreklik laag by RA, SNA en BA.

5.2.1.2 Vokaallengte

Verkorting is vokaalverswakking en verlenging, vokaalversterking. By al die subvariëteite is verkorting en verlenging van die [a], [ɔ] en [ɛ] opgemerk,

maar met geen vaste of voorspelbare patroon nie. By AR is ook 'n geval van verlenging van [i] opgemerk: [mi:lis]

RBA toon verkorting van [ø] soos in [nøs],[dør] en verlenging van [ɛ] in [vɛ:rk] [u] in [fu:t],[bru:r] en [ɔ] in [kɔ:s]. By die kontrolegroepe is oorwegend verkorting waargeneem. In Verhoef (1988:149) se variasie-onderzoek van BOA sien sy hierdie variant as 'n middel om nadruk te bewerkstellig.

Rademeyer (1938:44) merk al in dié vroeë studie verkorting en rekking op en sê dat albei prosesse nie by dieselfde spreker aangetref is nie. Hierdie bevinding van Rademeyer verskil van die bevinding in die ondersoek: verkorting en verlenging is soms by dieselfde spreker aangetref:

Geslag tot geslag hit die raadslidskaap van hulle oek gelop (AR)

5.2.1.3 Vokaalreduksie en -toename

Vokaalreduksie is vokaalverswakking en vokaaltoename 'n vorm van vokaalversterking.

GA

Reduksie van

[e] : [sufθl] [tθnstrθidax] (in laasgenoemde voorbeeld is albei prosesse -reduksie en toename - betrokke)

[a] : [almθl] [nadθrhθnt] [mθke:r] [jakθls]

[æ] : [sθkθl] [trθxkθm] (kan beide gevalle van ontronding wees)

[ɔ] : [fθntθin]

[ɛ] : [θn] [mθt] [hθt]

[ø] : [dθmθka:r]

Laer frekwensie van reduksie as toename het voorgekom.

Toename na:

[ɛ] : [klɛnk]

[a] : [rafir]

[i] : [rθbikis]

Die afleidingsmorfeme ge-, ver- en -ig toon toename:

[xa] : [xaval] [xakrθi] [xapra:t] [xale:r]

[fɔr] : [fɔrko:p] [fɔrkje:rt]

[ax] : [ha:stax] [sevθntax] [enaxθ]

RA

Reduksie van

[i] : [maxðstra:t]

[a] : [babðtʃi]

[æ] : [sðstðr] (ook ontronding en word as [sɛstðr] uitgespreek)

[ɔ] : [sðmðr] (ook as [sɛmðr] uitgespreek)

Toename na:

[ɛ] : [kjɛnt]

[a] : [lɛkar] [raxerɪŋ]

[i] : [si] [ɔnsi]

Die afleidingsmorfeme ge-, be-, ver- en -ig toon toename:

[xa] : [xabrðik] [xamak] [xatrœut]

[ba] : [baxravð] [bata:lðŋ]

[far] : [farstan]

[ax] : [rɛrax] [sɛstax] [hastax]

Toename in die auslaut is ook opgemerk:

[mɛnsɛ] [se:vɛ]

(nie soveel as in AR nie)

BOA

Reduksie van

[e] : [hufðl]

[a] : [kðn] [fðndax] [kðnɔnð] [sðl]

[æ] : [dðrbðn] (Durban) (kan ook ontronding wees.)

[ɔ] : [pɛtrðl] [lœufðntðin]

[ɛ] : [ðk] [xɔvðrmðnt]

[o] : [sðs] [prðfɛsðr]

Toename na:

[ɛ] : [sɛt] [hɛnðr]

[e:] : [se:t]

[I:] : [sIt]

[a] : [fantðin] (In dieselfde gesprek is [fðntðin] ook opgemerk.)

Die afleidingsmorfeme ge- en be- toon toename:

[xa] : [xae:t] [xabo:rð] [xasɛls]

[ba] : [bastan]

'n Enkele geval van toename in die auslaut is opgemerk: [mɛnsɛ].

In verhouding is daar baie minder gevalle van toename as reduksie opgemerk.

AR

Reduksie van

[e] : [sufθl] [o:rlθddθ] [sθkθr]

[a] : [sθlj] [pθrtθi] [fθnaf] [vθs]

[ɔ] : [fθntθin] [pθtrθl] [hθm] [pθrtrθt]

[i] : [mθddθsθinθ]

[ε] : [θn] [kθn] [θk] [xro:tmθnsε] (laasgenoemde voorbeeld het beide reduksie en toename)

Laer frekwensie reduksie as toename het voorgekom.

Toename na:

[ε] : [vεnt] [hεnθr] [dεs] [bεnnθ] [vεnkθl]

[a] : [vartlamunθ] [dθrmaka:r]

[il]/[I:] : [miskin] [fθrskI:lθndθ] [xabit] (gebid)

[e] : [ɔntvekθlθŋ] [ske:p]

Die afleidingsmorfeme ge- en be- en -ig toon toename:

[xa] : [xahθr] [xadεnk] [xasεls] [xae:t]

[ba] : [bastan]

[ax] : [alenax] [dθkraxθ] [enaxe]

Uitsonderlik by AR is die hoë frekwensie toename in die auslaut:

na [ε]: [daε] [levε] [hθndε] [a:rdε] [namε] [mεnsε] [pa:lε]

na [a] : 'n enkele keer: [xθliva]

RBA

Reduksie van

[e] : [hufθl]

[a] : [pθtro:n] [spθnspεk]

[æ] : [kθseg] [sθstθr] [hθlθ] (Kan ook ontronding wees.)

[ɔ] : [fθntθin]

[ε] : [mθt]

[o] : [prθbe:r]

Toename na:

[ɔ] : [ɔnθr]

[ε] : [dεŋ] [bεhθrt] [nεxε]

[e:] : [se:t]

[i]/[I:] : [nyvi] [rI:fi:r] en [a] : [rafi:r]

Die afleidingsmorfeme -ig, -lik en be- en ver- toon toename:

[lɛk] : [ðintlɛk]

[bɛ]/[bI:] : [bI:ho:rt] [bɛho:rt]

[fɛr] : [fɛrkɔp]

[ax] : [lastax] [rɛxtax]

Toename in die auslaut na [ɛ] is opgemerk soos in AR, maar dis nie so prominent as in AR nie:

[nyvɛ] [nɛxɛ] [hœlɛ] [sɔlda:tɛ] [sevɛ] [frɛmdɛ]

Ten opsigte van die verskynsel (toename in die auslaut) vind Van Schalkwyk (1983:116) dat die variasie "feitlik uitsluitlik by analfabete en by informante bo die ouderdom van veertig" voorkom.

SNA

Reduksie van

[e] : [sofθl]

[a] : [θs]

[i] : [kθmθrli] (Kimberley)

[ɛ] : [θn] [mθt] [θk] (Laasgenoemde word nie konsekwent gebruik nie.)

Toename na:

[ɛ] : [ɛnxθspan] [ɛs] [ɛnsɛt]

Die afleidingsmorfeme ge- en -ig toon toename:

[xa] : [xastir] [xama:k] [xalɔs] [xanux]

[ax] : [ha:stax] [twθntax] [fθnax] [enaxθ] [ro:iθrax]

BA

Meer toename as reduksie is opgemerk.

Reduksie van

[e] : [frθmdθlθŋ]

[a] : [pθrtθi]

[ɛ] : [θn] [mθt] [hθt] [xrθns] [kθn]

Toename na:

[ɛ] : [xθsɛn] [kɛnθrs] [vɛnkθl]

[e:] : [ne:ks]

[i] : [kɔtsis] (Kotzes) [ɔnsi]

Die afleidingsmorfeme ge- en -ig toon toename:

[xa] : [xabɔrtə] (enkele geval)

[ax] : [twənax] [enaxə]

KA

Reduksie van

[a] : [mətɪria:l] [fədax] [təma:tis] [fəbrikə]

[æ] : [stəki] [səkəl] [skəlt] (kan ook ontronding wees)

[y] : [pəblikə]

[ɛ] : [mɔsləms] [ənsufo:rt] [ən] [mət] [hət]

Toename na:

[a] : [marax] [sɔma] [samən] (sement)

Die afleidingsmorfeme ge- en -ig toon toename:

[xa] : [xatrəut]

[ax] : [rɛtax] [bəkɔstax] [alɪnax] [dɛrtax]

Baie min gevalle van vokaaltoename is opgemerk.

VDMA

Reduksie van

[e] : [vane:r]

[a] : [kən] [bəkɪləi] [məni:r] [fədax]

[a:] : [æubəs]

[i] : [mədðsəɪnə]

[ɔ] : [petrəl]

[ɛ] : [ən] [mət] [əŋkəle]

Toename na:

[ɛ] : Veral by samevoegings van *in*

[ɛnsləɪt] [ɛnxəxan] [ɛnxəsla:n]

[i] : [rimi] (rieme)

[a] : [sablɪf] [katal]

Die afleidingsmorfeme ge-, be- en -ig toon toename:

[xa] : [xave:s] [xabləi] [xalɔs] [æɪtxakɔm]

[ba] : [xəbaxravə]

[ax] : [rɛtax] [fəɪftax] [enaxə]

By OA is die toename van die neutrale vokaal na die kardinale vokaal [ɛ] by al die subvariëteite baie opvallend en onderskei OA van die kontrolegroepe. Toename in die auslaut hergroepeer die subvariëteite onderling - die saamgroepering van RA, AR en RBA.

Die algemene oorgang van [xə] na [xa] skryf Rademeyer (1938:47) toe aan gedeeltelike assimilasie by GA en RBA. Hierdie argument lyk egter nie geldig as die toename in die ander voorvoegsels en die agtervoegsel [əx] in ag geneem word nie.

5.2.1.4 Monoftongering en Diftongering

i Monoftongering

By GA verander [əi] soms na die neutrale vokaal [ə]. Dit kan ook as reduksie beskou word: [bəməka:r] [ənɫək] [sə]

Verder: [əi] > [e:]: [ke:k] en

[œu] > [o:]: [vo:]

RA:

[œu] > [ɔ]; [ɔ:ma] [ɔər]

'n Hoë frekwensie monoftongering kom by BOA voor:

[æy] > [y:] [y:t] [y:tvas] [ly:stər] [sy:p] [by:təkant]

[əi] word veral geraak en verander soms na [i] [altit] (altyd)

na [ə] [əntɫək] [tərvəlɪ]

By AR is die geval waargeneem waar [əi]:

in [i] verander het: [alit] (altyd)

in [e:] verander het: [e:ntɫək]

In RBA is min gevalle gevind en dan net t.o.v.:

[æy] > [y:] [y:t] [y:txəskit]

[æy] > [ø] [hø:s] [lø:sə] (luise)

Gevalle is beskryf waar [əi]:

in [ɛ] verander het: [ɛntɫɛk]

in [ə] verander het: [əntɫək]

Monoftongering is in SNA en BA, soos uit die ondersoek blyk, afwesig. Een geval het by BA voorgekom: [ði] > [ɛ] [mɛ] (my)

By die kontrolegroepe het monoftongering van [ði] voorgekom:

[ði] > [ð]: [bðforbe:lt] (KA)

[ði] > [i]: [si](sy)(VDMA)

ii Diftongering

By GA is die verandering van [o:] na [œu] opgemerk:

Voorbeelde: [stœuf] [sœuntu]

Gevalle is in RA beskryf waar [u] in [œu] verander: [dœur] en selfs somtyds na [au]: [daur]

By BOA word die volgende diftongering opgemerk:

[o:] > [œu]: [sœuntu] [œuk]

[u] > [œu]: [dœur] [dœuri] [blœus]

[ð] > [ði]: [vðinkðl]

[e] > [ði]: [xalðivi] (gelewe)

AR toon die volgende gevalle van diftongering:

[o:] > [œu]: [mœutðr] [œuk]

[a]/[a:] > [œu]/[au]: [hœuŋ] [dœur] en soms duidelik [daur]

By RBA:

[ð] > [ði]: [dðing]

[a] > [œu]: [lœuŋ]

[ɔ] > [œu]: [dœunci]

Diftongering is in SNA gevind by:

[u] in [œu] verander: [dœurɔndr]

[e] in [ði] verander: [ðin] [ðinðxð]

Geen geval van diftongering is by BA opgemerk nie.

In die kontrolegroepe was die gevalle van diftongering weglaatbaar min, soos in VDMA is opgemerk dat [o:] na [œu] verander: [œuk]

en verder het die ongewone verandering van [ɛ] na [ia] baie opgeval:

[cialt] [ialkθ]

en van [ɛ] na [ia:] indien die [l] verswyg word:

[ia:kxθfal] [hia:p] [mθisia:f]

Die meeste monoftongering en diftongering is by BOA raakgesien en die vokale wat die meeste gediftongeer word in OA is [o:] en [u]. Diftongering van [a] en [ɔ] na [œu]/[au] is by RA, AR en RBA waargeneem. Soos by vokaaltoename in die auslaut, word die drie subvariëteite ook deur diftongering saamgegroepeer.

5.2.1.5 Variasie van diftonge

GA

[e:u] > [œu]: [skrœu] [lœu]

[θi] > [ɛi]: [mɛi] [sɛi]

[œu] > [ɔ:]: [ɔ:pa]

RA

[o:i] > [ɔi]: [xɔi]

[θi] > [ɛi]: [krɛi] [jɛi]

AR

[œy] > [ui]: [uit] [huis]

[œu] > [au]: [nau]

[ɔu]: [nɔu]

[θi] > [ɛi]: [sɛi]

RBA

[œy] > [θi]: [θit] [hθis] (Kan ook ontronding wees.)

[θi] > [ai]: [kaik]

[e:u] > [œu]: [lœu]

[o:i] > [ɔi]: [nɔit]

SNA

[eu] > [œu]: [lœuθns]

[œy] > [ui]: [buix]

[θi] > [ai]: [tait]

KA

[œu] > [au]: [hau] [auθ]

[œu] > [ɔu]: [nɔu]

VDMA

[e:u] > [œu]: [lœu]

Ten opsigte van hierdie variasie is dit ook moontlik om versterking en verswakking aan te dui, byvoorbeeld waar [ði] verander na [ai] is dit versterking, want [ð] toon toename na [a] en so ook die variant [ði] wat as [ɛi] uitgespreek word.

5.2.1.6 Ontronding en oorronding van vokale en diftonge

Ontronding hang saam met monoftongering, sodat gevalle van ontronding ook monoftongering is en oorronding, diftongering.

GA

Ontronding van:

[æ] > [ə] [kərpəɹ] [frəxtə] [xələkəx] [pənt] [hələ]

[ø] > [e:] [se:nci] [de:r]

[y:] > [i:] [eðni:r] [sti:r]

[y] > [i] [mɔnimənt]

[æy] > [ði] [həisi] [bəidəkant] [səikəɹ] [xəbrəik]

Oorronding van:

[i] > [y] [xrykwas]

RA

Ontronding van:

[æy] > [ði] [həis] [ðit] [ləistəɹ] [dəitlək]

[ø] > [e:] [de:r]

[æ] > [ə] [səstəɹ]

BOA

Ontronding van:

[æ] > [ə] [dəskant] [təsəɹ] [afxəplək] [trəksfəði]

[ø] > [e:] [de:rxəɹði] [dre:n]

[y:] > [i:] [ni:və] [nati:rlək]

[æy] > [ði] [sðip] [kðiðr] [skðiltð] [ðitxðbrðik] [sðidðkant]

Oorronding van:

[e:] > [ø] [søvðntin] [tøn]

[ð] > [æ] [slæŋðr] [væl] (wil)

AR

Ontronding van:

[æ] > [ð] [dðskant]

[ø:] > [e:] [de:rmðka:r] [kle:r]

[y:] > [i:] [ni:s]

[y] > [i] [nivð]

Oorronding van:

[e:] > [ø] [søvðntðx]

[ði] > [æy] [flæytðx]

RBA

Ontronding van:

[æ] > [ð] [kðsðŋ] [sðstðr] [hðlð]

[ø:] > [e:] [de:r] [ne:s]

[y] > [i] [nivð]

[y:] > [i:] [mi:r] [si:r]

[æy] > [ði] [hðis] [ðit]

Oorronding van:

[e:] > [ø:] [sø:vð]

SNA

Ontronding van:

[ø:] > [e:] [de:r] [kle:r] [se:n]

[y] > [i] [xðstir] [dirxðit] [kðminike:r]

[y:] > [i:] [fi:r] [si:r]

[æy] > [ði] [tðin] [ðit] [jðis] [bðitðkant] [dðitsð]

Oorronding van:

[i:] > [y:] [hy:r] (hier)

BA

Ontronding van:

[ø:] > [e:] [de:rxðha:l] [se:nci]

[y] > [i] [minisipalitðit]

[y:] > [i:] [nati:rdʊktʊrs] [xʊsti:r]
[æ] > [ə] [həlʌ] [mʊskit]
[æy] > [əi] [dʊitsə]

KA

Ontronding van:

[ø:] > [e:] [de:r]
[æ] > [ə] [sʊstʊrs] [sʊkʊl]
[y:] > [i:] [sti:r]
[æy] > [əi] [tʊin]

Oorronding van:

[əi] > [æy] [ræy] (ry)

VDMA

Ontronding van:

[ø:] > [e:] [de:r] [de:mʊka:r] [ske:r]
[y] > [i] [nivʊ]
[y:] > [i:] [di:r] [bi:rtʊ]
[æy] > [əi] [hʊis] [xʊbʊslʊit] [bʊite] [hʊidixʊ] [xʊbrʊik]

Oorronding van:

[ə] > [æ] [ɛrtapæl] [væl] (wil)

Ontronding (verswakingsproses) toon hoë voorkoms binne OA in vergelyking met die kontrolegroepe, alhoewel sprekers van KA meer ontrond as die van VDMA. Hierdie bevinding klop met die van Du Plessis (1987a:70) waar hy min gevalle van ontronding by VDMA vind, maar wel gevalle van oorronding. Na aanleiding van die ondersoek kan tot die gevolgtrekking gekom word dat ontronding by OA eerder die reël as die uitsondering is. Hierdie variant kan as 'n onderskeiende kenmerk van OA beskou word.

Oorronding ('n vorm van hiperkorreksie) is by al die subvariëteite sowel as die kontrolegroepe opgemerk. Dit is volgens Du Plessis (1987a:70) 'n gesonde toestand binne 'n taal omdat dit "ontwikkeling of verandering" impliseer. Sewentien word by drie subvariëteite oorrond.

5.2.1.7 Vokaalbreking

Hierdie verskynsel is net teëgekom in RBA en VDMA.

RBA:

[de:ðr] [fðrko:ðp]

VDMA

[twe:ðdð]

5.2.1.8 Vokaalweglating binne die woord / sinkopee.

GA

[vanhøys] (waenhuis); [paksla:i] (pakslae)

[xðstra:nt] [frur] [fɛlkrɔs] (moontlik 'n proses van eers klankreduksie en daarna klankweglating)

[spil] [xlðik] [smo:rs] [da:tlðk]

BOA

Begin: [talja:nðr] (italianer)

[xlðik] [pɔplir]

AR

[dðkraxð] [xalðitlðk] [ðirdɔp]

RBA

[als]

SNA

[fredrðk] [trug]

BA

[xrɔfɔrme:rdð] (gereformeerde) sk KA

[bai] [batrði]

VDMA

[als] (ook assimilasie)

5.2.1.9 Vokaaltoevoeging tussen lettergrepe

RA

Die verkleiningsvorming by RA kan ook as vokaaltoevoeging interpreteer word, soos in [pa:dθci] [kra:lθci]

AR

[taxθntax]

VDMA

[patatas] (patats) [bθgrafθnθs]

5.2.2 KONSONANTE

5.2.2.1 Konsonantwysigings

i Assimilasie

GA

Antisipatoriese assimilasie:

[e:dθr] [ma:tlθkθ] [ɔnxθmatlθk] [sækθ]

Perseveratiewe assimilasie:

[dari] [h nθrt] [anθrs] [hiri] [sɛlθ] [hunθrs] [kimθrli]

[kanθt] (kan dit) [vasθt] (was dit) [təsθni] (tussen die)

RA

Antisipatoriese assimilasie:

[amal] [hɔtnɔsta:l] [tɔda:r] [dasθt]

Perseveratiewe assimilasie:

[kənθrs] [anθr] [hiri] [ɔnθr] [hɔnθrt] [fanat] [θsi]

BOA

Antisipatoriese assimilasie:

[amal] [fɛdθr] (ook konsonantklustervereenvoudiging/ gedekte r-skrapping)

Perseveratiewe assimilasie:

[disɛlθ] [staner] [ɔnθrkant] [fθrkerθ] [hunθr] [blθnθ] [hanθ]

AR

Antisipatoriese assimilasie:

[famɔrθ]

Perseveratiewe assimilasie:

[asi] [saterax] [hiri] [ɔnðrwðisðr] [dɔnðrdax] [da:lðr] [alðit] [rɔnð]
[vɔnðr] [kənðrdað]

RBA

Antisipatoriese assimilasie:

[amal]

Perseveratiewe assimilasie:

[anðrs] [dari] [anðrkant] [hirikant]
[sali] (sal nie) [ori] (oor die) [fðri] (vir die)

SNA

Antisipatoriese assimilasie:

[fɛdðr] (ook r-skrapping/konsonantklustervereenvoudiging)

Perseveratiewe assimilasie:

[hɔnðrt] [ma:nð] [vðlð] [stanðrt] [kənðrs] [disɛldð] [pɛrð] [nðr]

BA

Antisipatoriese assimilasie:

[tɔdi]

Perseveratiewe assimilasie:

[ɔnðrvðisðr] [vɔnðr] [kənðrs]
[ðni] (in die) [fani] (van die) [mɛdi] (met die)

KA

Antisipatoriese assimilasie:

[amal] [amðka:r] [sðkð] (sulke)

Perseveratiewe assimilasie:

[o:mlðk]
[mɛdi] (met die) [ðni] (in die) [ma:ran] (maar dan)

VDMA

Perseveratiewe assimilasie:

[kənðrs] [anðr] [vðlðbe:s] [ɔnðr]
[ðni] [ðiti] [blðii] (bly nie) [fani] [hɛti] [ɛki] [kɔmi] [tut] (toe het)

Alhoewel assimilasie baie voorkom, is dit ook die geval by die kontrolegroepe en onderskei dus nie OA van die ander variëteite nie. Assimilasie oorvleuel met konsonantweglating, konsonantklustervereenvoudiging en r-skrapping.

ii Assibilasie

GA

[lat] [xɾɔvθla:rsho:p] [xθno:rθx] [starax] [famθrax] [rɛrθx]

RA

[lat] [vafθr] [namθrax]

BOA

[aram] (Adam Kok)

[mθrθsθinθ] [frθiraxmθrθ] [prerθkant] [vafθr] [xθnarθ]

AR

[lat]

RBA

[lat] [vafθr] [rɛrθx]

SNA

[rɛrθx] [vafθr] [marax]

BA

[vafθr]

KA

[lat]

VDMA

[lat]

Assibilasie toon 'n hoër frekwensie by OA as dit met die kontrolegroepe vergelyk word, en dit is opvallend dat GA en BOA, wat verder weg is van die kus af as die ander subvariëteite, meer assibieleer.

iii Nasalering

Hierdie fonologiese proses kom nie baie in OA voor nie. Die volgende variante is in OA gevind:

GA

[lā:ns] i.p.v. [lans]

RA

[lā:ns] [ō:s]

AR

[maici] i.p.v. [mãici]

Uitsonderlik is die nasalering wat die konsonant [j] voorafgaan soos dit voorkom in SNA : [nja] [nje:] en in VDMA: [nja].

Volgens Du Plessis (1987b:135) kan "byna alle vokale volledig genasaleer word" in SA. In VDMA word veral nasalering van die lae vokale gevind en tot die gevolgtrekking gekom dat daar by beide VDMA en SA "sterk genasaleer" word wat dui op "verwantskap". Du Plessis oorweeg die moontlikheid dat in vroeë Afrikaans ook net alle lae vokale genasaleer is, maar met die groei wat die taal ondergaan het, het nasalering van ander vokale bygekom - daarom dat VDMA as chronolek slegs die vroeë kenmerke vergestalt.

iv Palatalisasie

Daar is gevalle by OA opgemerk, soos wat dit uit die inventaris blyk, waar "ongewone" palatalisasie plaasvind deur die toevoeging van die palatale [j] na byna enige konsonant.

Met die opstel van 'n inventaris van palatalisasie by die onderskeie subvariëteite, is die volgende gevalle opgemerk:

(Die klank in fonetiese hakies is die nie-gepalataliseerde klank)

GA

[k] *kjind; kjinners; vorkjeerd; Kjimerlie*

[j] *dja; djong; djulle; djou; djakkals*

[x] *gjee; tjelt; tjeel; betjin*

[m] *mjelk*

RA

[k] *tjinnners; kjend; kjêrels; kjerck*

[j] *djakkals*

[x] *rekjering*

[h] *hjet; hjelp; jening (heuning)*

[c] [brurtʃi]

BOA

[k] *Kjersfees; Kjimerlie; kjinners; kjekkel; kjerck; kjen*

[j] *djong*

hjet; hjelp; jening (heuning)

[x] *gjiftig; gjee; sjeel; Gjriekwa; gjekry*

[h] *Hjere; hjet; hjy*

[p] *pjerd;*

[v]/[f] *wjerk; wjeg; vjeld*

[l] *eljke*

[r] *rjy; berjge*

[t] *tjelevisie; tjellery; opgetjel*

AR

[k] *gakjies; skjep; kjyk; elkjeen; miskjien*

[l] *salj; sleutelj; troebelj; aljmalj; taalj; mylj; veljd; paalj; pilj;
eljka; volje; meljk; heljf*

[j] [bitʃil]

[x] *eergjister; gjie; sjeld; regjering*

[h] *hjelp*

[f] *vjer*

RBA

[k] *kjend; kjinnertjies*

SNA

[k] *kjind; tjinnere; tjis*

[j] *djakkals; dja; djing*

[x] *geversjeet*

[h] *jelp; jele; jeeltemal*

[p] *pjerd*

BA

[k] *kjerk; kjerse; kjetel; kjerkie*

[j] *djakkalsput; djongmeisie*

[h] *hjektaar*

[d] *predjikant*

By OA is die palatalisasie van [k], [j], [x] en [h] baie frekvent in vergelyking met die kontrolegroepe, met onderskeiding by elke subvariëteit soos bv. t.o.v. die palatalisasie van [x]. By AR is palatalisasie van die likwiede [l] opvallend en by BOA van selfs [r]. Die ongewone palatalisasie van die

eksplosiewe [p] en [t]/[d], die frikatiewe [f]/[v] en ook van die nasaal [m] is opgemerk. Hierdie wye spektrum konsonante, versprei oor die konsonanthiërargie, wat gepalataliseer word, kan as uniek en onderskeidend van OA gesien word.

Saam met palatalisasie moet affriksering bestudeer word, bv. die vorming van affrikate uit klanke soos [k] en [j] na [tʃ] en [dʒ] respektiewelik.

Affriksering word min in OA opgemerk, in teenstelling met die kontrolegroep, KA, wat 'n hoër frekwensie toon. Affriksering is dus nie 'n onderskeidende kenmerk van OA nie.

5.2.2.2 Konsonantverswakking

i Metatesis

Die frekwensie in al die variasies is baie laag, maar enkele gevalle is tog beskryf.

GA

Afferkaans

pilsier

RA

sekertaris

BOA

triksvye; perbeer

AR

Afferkaans

SNA

arnoster (vergelyk egter Du Plessis (1987a:100) wat dit as 'n chronolektiese merker tipeer)

BA

Afferkaans; persent

Dit wil lyk asof Afrikaans in OA meestal as Afferkaans uitgespreek word. Verder is daar 'n patroon waar [p] in 'n kluster saam met [r]/[l] voorkom, om die konsonantkluster te vereenvoudig deur verspringing.

Hierdie fonologiese verskynsel moet miskien as variasie op r-skrapping gesien word, omdat [r] die meeste betrokke is by hierdie gevalle van klankverspringing.

ii Sillabeverkorting of -weglating

RA

[daθ]

BOA

[o:rle] (oorlede)

[daθ] (daardie)

RBA

[inxθja] (ingejaag)

SNA

[daθ] (daardie)

BA

[daθ] (daardie)

KA

[da:i]

VDMA

[o:rlθ] [o:lθ] (ook r-skrapping)

[fθrskθldθ] (verskillende)

Die variasie wat hier opgemerk is, is baie min sodat dit nie as kenmerkend van OA gesien kan word nie. daai het in feitlik al die subvariëteite gemanifesteer en ook in die kontrolegroep, wat dit laat lyk asof hierdie vorm van sillabeverkorting tipies is van gesproke taal in die algemeen. oorle word deur Du Plessis as chronolekties getipeer (vergelyk leksikale variasie).

iii Klankweglating/Skrapping

GA

Binne: [rθnθpɛs]

Einde: [dikan]

RA

Binne: [θinlθk]

Einde: [da] (ook r-skrapping)

BOA

Binne: [fðrke:re] [stanðr] [musvðlðx] [bo:skapð] [ɔnmʊt] [balsðfita]
[mðxa:nmðinð]

Einde: [stanðr] [besðxhði] [stðkðn]

AR

Binne: [o:rkanstð] [ðinlðk]

Einde: [dikan] [kle:rlðmense] [kle:rlðbur]

(By laasgenoemde twee voorbeelde kan die klankweglating moontlik plaasvind om nasalering te ontwyk - vergelyk 4.2.2.1 iii.)

RBA

Binne: [axtð] (agste : dit kan moontlik 'n verwarring of onbekendheid van die suffiks -ste wees by rangtelwoorde. Vergelyk **Morfologiese Variasie** - Vergelykingskonstruksie)

'n Ander moontlikheid is dat dit konsonantklustervereenvoudiging is.

[sm rs] (smðrens: [ðn]- weglating of sillabeweglating)

Einde: [fru] (vroeg)

BA

Binne: [twðnax]

KA

Binne: [ðinlðk]

Einde: [van] (want); [klɔm] (klomp)

VDMA

Einde: [da] [ka] [xa] (n-weglating)

[mu] (g-weglating)

In OA word die neiging opgemerk om die slotkranke, veral waar woorde eindig op die eksplosiewe [d] en [t] en die frikatief [x], na te laat. Net so word die eksplosiewe en in mindere mate, nasale en trillers binne die woord wegge-
laat. By die kontrolegroepe was die weglating van die kranke aan die einde van woorde baie minder en is daar veral apokopee van die nasaal [n] opgemerk en 'n geval waar die eksplosief [p] in die auslaut nagelaat is. Net twee ge-

valle van sinkopee van [n] is by die kontrolegroepe opgemerk, naamlik [ɔ:s] en [fɛ:sters].

Die apokopee van die eksplosiewe t/d balanseer binne OA met paragoge van [t]. Die subvariëteit SNA toon hier nie beduidende variasie in vergelyking met SA nie.

iv Wisseling/Stemvariante

By GA is stemvariante oorwegend aan wordeindes opgemerk, bv. [sla:t]

RA

ŋ>n: [lɑːns]

n>t: [xat] [slat]

BOA

Hier is veral wisseling binne die woord opgemerk.

t>d: boddelkies; boddels; wordelkies; bydekant (buitekant)

AR

n>t: [sta:t] (staan)

n>d: [madeer] (meneer)

h>d: [ha:r fani bɛrx af]

ng>n: [xutke:tən]

s>z: [ɔnðrvðizðr]

RBA

n>t: [sla:t]

SNA

p>b: [o:bðra:si]

h>g: [dirxðit] [æutxðit] [kwa:ixðit]

KA

b>p: [pðtaal]

n>t: [xa:t]

n>m: [te:m] [ðm] (en) [xam] (gaan)

VDMA

n>t: [xa:t] [xesta:t]

r>l: [frixtoeyx] (vliegtuig)

By al die subvariëteite is die wisseling van [n] na [t] opgemerk, (alhoewel inkonsekwent) behalwe by BOA, waar dit feitlik afwesig is.

Hierdie variasie is ook by die kontrolegroepe waargeneem, maar die frekwensie was baie laag.

Indien Botha (1989:148 e.v.) se argument standhou van die gelykmakende effek van stigmatisering n.a.v. SA, kan dit as verklaring dien by BOA a.g.v. hoër sosio-ekonomiese faktore asook groter geletterdheid in vergelyking met die ander subvariëteite. In die kontrolegroepe is daar, eie aan KA wisseling t.o.v. [n] na [m] aan woordeindes, en by VDMA die ongewone variant van [r] in plaas van [l]

v. r-skrapping

GA

[kɔnstina] (hierby is ook sillabe-weglating)

BOA

Gedekte r-verlies: [fru:sə] (vroeeërse) [dam] (dare)(ook sillabe-weglating)

Ongedekte r-verlies: [fə] [da]

AR

Gedekte r-verlies: [hisɔ]

Ongedekte r-verlies: [hi]; [wa:]

Tussen vokale: [da:m] (dare)

RBA

Ongedekte r-verlies: [ma] [we:]

SNA

Gedekte r-verlies: [patəi](party)

Ongedekte r-verlies: [da:] [wa] [ma:]

Tussen vokale: (ook assimilasie) [da:s] (daar is)

BA

Ongedekte r-verlies: [ma] [we:]

KA

Gedekte r-verlies: [e:stɛns] [havəme:l] [anəs] (anders)

[kinəs] [va:he:n] [bədivo:be:lt] [motəs] [so:t] [vɔ:t]

Ongedek: [hi] [da] [bru:] [anə] [sɔma]

Tussen vokale: [da:ən] [fəanər] [fəo:sa:k]

'n Baie hoë frekwensie van r-skrapping kom voor.

VDMA

Byna afwesigheid van r-verlies.

Slegs [hi] en [da] kom voor.

Hierdie fonologiese variasie is nie kenmerkend van OA nie, alhoewel daar tog gevalle opgemerk is. 'n Baie hoë frekwensie is egter by die een kontrolegroep, KA, waargeneem.

vi Konsonantklustervereenvoudiging

Variasie soos waargeneem in OA:

BOA

[fðrke:rð] [pitorija] (Pretoria)

AR

kw-k: [ko:ta]

SNA

sj-s: [silðns] (ook vereenvoudiging van die affrikaat)

Die lae voorkoms van konsonantklustervereenvoudiging in OA maak hierdie variant nie kenmerkend van OA nie. Dit is egter nie opgemerk in die kontrolegroepe nie, behalwe as gevalle wat hier onder weglating gesistematiseer is, asook gevalle van assimilasië en konsonantklustervereenvoudiging is. Hierdie aspek moet daarom vir volledigheid in samehang met r-skrapping, weglating en assimilasië geïnterpreteer word. (Vergelyk byvoorbeeld Verhoef (1988:148) wat [hiri] klassifiseer onder konsonantklustervereenvoudiging, terwyl dit ook 'n geval van assimilasië is.)

vii Vokaalinvoeging by konsonantklusters.

Vergelyk Vokaaltoevoeging (4.2.1.9).

5.2.2.3 Konsonantversterking

i Toevoeging

Du Plessis (1987a:99) skryf die toevoeging van -t aan die einde van woorde (in vergelyking met SA) of dan die behoud van -t soos in Afrikaans-Hollands, soos nog te vinde in VDMA, aan hiperkorreksie toe en vind dat -t na [n] baie voorkom, soos: rekent; lakent.

en verder dat dit moontlik was hoe "gesproke Transvaalse Afrikaans van 1900" gepraat is, "of dit kan voorbeeld wees van 'n intertaalvorm wat net by die Van der Merwes voorkom." Soos egter uit die inventaris blyk, is die variant nie net kenmerkend van VDMA nie, maar ook van OA.

baie/banja

Dit kan gesien word as toevoeging van [n] binne die woord, maar volgens Du Plessis (1987a:100) het die woord *banja* Maleise herkoms. Die hoë voorkoms daarvan in VDMA is volgens hom "chronolektiese kenmerke". Hier word egter ooreenkoms tussen OA en VDMA opgemerk, wat nie die geval is by KA nie

(Ander chronolektiese merkers vlg. Du Plessis (1987a:100) is *oorle/oorlede; pesede; oolfant; arnoster; altemits; klaste; katel en kooi.*)

GA

Binne: [r] *wartlemoen; afferkaat*

[t] *betgin*

Einde: [t] *langt*

RA

Binne: [n] *banje*

BOA

Binne: [r] *skierlik*

AR

Binne: [r] *skierlik*

[t] *kruistement; outetyd* (vergelyk ook 5.3.1.7)

[m] *assamblief*

Einde: [n] *sewen* (chronolekties)

RBA

Binne: [t] *moeitlik*

[m] *pampier*

Einde: [s] *dies*

[t] *begint; gereent*

SNA

Binne: [v] *aangehouwen; trouwel* (troue)(chronolekties)

[x] *moeiligheid*

Einde: [t] *tekent; swaart; reent; leraart*

[s] *partys; vroeërs*

[g] *verleg* (chronolekties)

[n] *elken* (chronolekties)

[l] *trouwel* (chronolekties)

BA

Binne: [m] *assamblief*

Einde: [s] *dominies*

VDMA

Binne: [t] *Hertvorm*

[g] *eige*

Einde: [l] *Merwel*

[t] *begint*

Konsonanttoevoeging word, veral binne woorde, frekwent in OA opgemerk asook die paragoge van [s] en [t] - laasgenoemde aspek, die paragoge van [t] - toon hoë frekwensie by VDMA.

ii Wisseling/Stemvariante

Die volgende variante is by die subvariëteite opgemerk:

GA

d>t: [mðtðl]

h>w: [bðvɔrt] (behoort)

BOA

b>p: [knðpðl] (knibbel)

d>t: [mðtðl] [mðtðlmat] [æutðrdɔm]

AR

b>p: [pðddəyð] [pðta:l]

n>t: [sit] (sien)

(Hier is die verandering van n>t vokaalversterking omdat 'n nasaal verander in 'n eksplosief wat die hoogste op die konsonanthiërargie lê. Vergelyk hoofstuk 4.)

SNA

d>t: [betðl]

g>k: [efankeli] [jonkmanð] [ɛŋkðls](engels) [ɛŋkðlsprekənt]

g>t: [flit] (vlieg) (chronolekties of moontlike klanktoevoeging na [fli])

BA

b>p: [pðtswana] (Botswana)

VDMA

b>p: [pðta:l]

d>t: [da:tðls]

Baie min gevalle van konsonantversterking t.o.v. stemwisseling word in OA opgemerk, en nie een geval by RBA en KA nie.

iv Aspirasie

De Villiers (1987:89) bespreek hierdie proses as die uitspreek van "ongespanne stemlose sluitklanke met groter spanning en met gevolglike aspirasie". [t] word die meeste hierdeur geraak, maar ook [k] en [p] en dan veral in die woordaanvang en De Villiers is van mening dat dit toe te skryf is aan Engelse invloed.

Aspirasie het nie beduidend in enige van die variëteite gefigureer nie.

5.2.3 Samevatting

Links (1989:7 e.v.) bespreek die volgende fonologiese kenmerke as karakteriserend van die Afrikaans van die Kharkams (KT):

- Verhoging en verlaging van vokale.
- Verleng duur van vokale.
- Reduksie en toename van vokale.
- Sillabeweglating.
- [kl] verander binne 'n woord na [tl]: hartloop.
- Konsonantwisseling : *b-p; p-b*
- Metatesis.
- Palatalisasie.
- Epentese.

Bogenoemde variasie wat in KT voorkom, is ook in OA waargeneem, en kan die gevolgtrekking gemaak word dat KT op fonologiese vlak as subvariëteit van OA getipeer kan word.

Links (1989:26) merk op dat nasalering, soos in OA, min manifesteer en dat ontronding (1989:7-9), in teenstelling met OA, baie min voorkom.

Die subvariëteite van Oranjerivier-Afrikaans toon baie ooreenkomste, meer as verskille, in vergelyking met die kontrolegroepe ten opsigte van fonologiese variasie. Van Rensburg (1989:458) se bevindinge, dat palatalisasie uitgebreid voorkom in OA, asook die wisseling in lengte van vokale en die verhoging of verlaging daarvan, kan onderstreep word.

Palatalisasie verskil tussen die subvariëteite en kan binne die subvariëteite as 'n onderskeidende kenmerk getipeer word.

Verdere onderskeidende kenmerke waar dit die klankstruktuur by OA betref, is monoftongering - veral van [æy] na [y:], ontronding, assimilasie, apokopee

van die eksplosiewe [t] en [d] met konsonantttoevoeging binne woorde en aan die einde van woorde (paragoge) wat dit laat balanseer, en konsonantwisseling van *n>t* aan woordeindes.

Op fonologiese vlak kan 'n subgroepering binne OA gemaak word:

By die westelike subvariëteite (RA, AR en RBA) is veral toename in die auslaut baie frekwent en ook die diftongering van [a]/[ɔ] na [au]/[œu]. By die westelike subvariëteite (GA en BOA) skyn assibilasie weer meer frekwent te wees as by oostelike OA.

5.3 Grammatiese Variasie

Onder **Grammatiese Variasie** sal variante ten opsigte van morfologiese en sintaktiese prosesse uitgelig word.

Baie gevalle van hiperkorreksie word in OA opgemerk, wat volgens Du Plessis (1987b:136 e.v.) 'n positiewe tendens is wat dui op "'n vloeiende toestand, oftewel van moontlike verskuiwing van ontwikkeling of t.o.v. die betrokke verskynsel".

Vereenvoudiging en komplisering van sekere morfologiese en sintaktiese prosesse is ter sake. Hierdie aspek geniet deegliker aandag onder sintaktiese variasie.

5.3.1 Morfologiese Variasie

Waar daar soms na 'n variant in hakies: (chronolekties) aangedui is, moet dit in verband gebring word met die verwysing na Du Plessis (1987a) se bespreking van *chronolek* onder Leksikale Variasie.

5.3.1.1 Vergelykingskonstruksie

Variante wat hier opgemerk is:

GA

Smak my hy kan nog 'n bietjie meer kwaaiër gewees het (hiperkorreksie)

Op die outerste end

vinnigter; vinnagser

RA

*Daarrond en bietjie opper en da by Boegoebergdam
Hier affe, hier met ...*

AR

Afleier ontbreek: En elke dag word hy treurag

SNA

*En in die aand weer koudter
Stadagter stap
Dodender siek gewees noggie*

KA

*Dit sal natuurlik meerder geld wees.
Vi my net 'n grotere plek hie kan gee.*

Alhoewel hierdie variante waargeneem is in OA, is variasie t.o.v vergelyking ook in die kontrolegroep KA teëgekom. Die frekwensie by die variëteite is egter baie klein, sodat dit nie as 'n onderskeidende kenmerk van 'n subvariëteit of van die variëteit OA getipeer kan word nie.

5.3.1.2 Geslag

Afwesigheid van geslagsaanduiding:

En ouvrou oek, as hy ah wêwenaar is, daan's hy ok'ie stemgeregtig nie

5.3.1.3 Meervoude

Op morfologiese vlak is die grootste verskil tussen OA en ander variëteite by meervoudsvorming, en dan veral ten opsigte van die hiperkorrekte gebruik daarvan.

Die volgende variasie is by meervoudsvorming gevind:

i. Skep enkelvoud

RA

Die gebooi klaar is

AR

medisyn; verkou

Hierdie variante kan ook toegedig word aan reduksie onder 5.3.1.9.

ii Afwesigheid van meervoudsvorming

GA

Dar het die soldat het gegán

Dan lop eet hy maar weer jou skap

RA

Met sy bees daar getrek

Tamlik welaf met bees gewees

So bietjie oor die vyfhonderd bok

teenoor: bokke twee-twee

Die afwesigheid van die meervoud is in teenstelling met die meervoudsvorming van *bok* in dieselfde paragraaf. Dit wil voorkom of daar 'n patroon is in hierdie afwesigheid van die meervoudsvorming: waar 'n groep of versameling ter sprake is, word dit in die enkelvoud aangedui, terwyl dit meervoud neem wanneer daar slegs 'n paar of 'n bepaalde hoeveelheid ter sprake is.

Andersinds kan die gevolgtrekking gemaak word dat die gebruik inkonsekwent is, dus vrye variasie toon.

BOA

Ons is gebore en grootgeword onder die witmens

Wartlamoene en spangspek, enige ding

My oorle pa't getrek met die skap

Man vat daai pjerd man in vat daai klom bees

'it was vrieslik rysmier

(Alhoewel Verhoef (1988:139) laasgenoemde voorbeeld onder woordsoortelike meerfunksionaliteit sistematiseer, wil dit eerder lyk na 'n vereenvoudigde sin en traagheid om meervoud te vorm.)

Darie jare hjet 'le mis nie mouter gehad nie

RBA

Ons het moet bees verkoop

Ek het skoon traan gehuil

SNA

Dan het ek nou self landery gehad

VDMA

Koedoe, rooibok, inkele kwagga

Olifant is hier nog baie

Die grootste verskil tussen OA en die kontrolegroepe lê nie in hierdie morfologiese vereenvoudiging nie, maar wel by morfologiese kompleksiteit: enkelvoudige word as meervoud uitgedruk, woorde wat nie normaalweg meervoud neem nie kry meervoud en by die stapeling van meervoudsvorme.

iii Enkelvoud in meervoud uitgedruk

GA

Toe pa nog djong mannetjies gewies het

SNA

Toe kom 'n telefone van myl seven

Die gebruik van anders en goeters is baie frekwent in al die subvariëteite van OA.

iv Meervoudige by woorde wat gewoonlik nie meervoud neem nie.

GA

Toe moet die mense later hulle se goete verkoop

En die rinnepes het hulle se goete doodgemaak

dinamiete; poliese (gebruik die verkorte vorm polies om enkelvoud aan te dui)

Het altyd vir julle musieke gedoen

Soos wegekryptjies en blok-blok

ouerse; veeëns

BOA

Ons het baie plesiere gehad

Elke bees is nou mar hongerig vir darie beenmele

AR

partys; besigheite

Sy doels is om die voëls weg ...

Toets ons bloete

RBA

Dan bring ons die waters

Hy't baie lydings aangebring (die oorlog)

goeterse

SNA

partys

BA

komste; partys

VDMA

poliese

Alhoewel hierdie variasie opgemerk is, is die frekwensie by al die subvariëteite, buiten GA, so laag dat dit nie verdere bespreking regverdig nie. Die voorkoms by GA kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die konseptuele leemte tipies is van oostelike OA, maar dat 'n hoër opvoedingspeil en sosio-ekonomiese status dit by BOA na die standaardnorm gelyk gemaak het.

v Dubbele meervoud

'n Hoë frekwensie van hierdie komplekse meervoudsvorming blyk uit die inventaris:

GA

Ek sien daai boekiese

Dai ou twee Boesmanse morsdood geslat

skoppelmaaiers

RA

waense

BOA

waense

AR

groepiese; kjennerse; mesiekjinnerse; vrouense; ligtes; douwaterse

RBA

waense; kamerse; kjennertjiese; voetjiese; noiense; dogterse; skoonseunse; kjennerse; klipperse; ligtes; kieriese

SNA

pittes; lonings

By dubbele meervoudsvorming val die beperkte voorkoms daarvan by RA, BOA, SNA en BA op. Indien Botha (1989:149) se redenasie in ag geneem word, kan dit verklaar waarom die blanke sprekers aan die benede Oranjerivier, wat 'n hoër opvoedkundige peil het, meer bewus is van gestigmatiseerde vorme of soos Verhoef (1988:137) meen, dat dit dalk reeds "uitgesterf" het by die taalgemeenskap. Fourie (1985:69) verklaar hierdie lae frekwensie van bogenoemde hiperkorreksie by RA deur op te merk dat alhoewel die "Riemvasmakers Oranjerivier-Afrikaans praat en ook gedeeltelik van die vroeëre Khoe-Khoe afstam, moet 'n mens nie uit die oog verloor nie, dat baie ook uit SWA/Namibië afkomstig is en nie almal Oorlamsafstammeling was nie. Hulle het eintlik Afrikaans uit twee rigtings geërf: uit 'n Blanke omgewing en Oorlamsafkoms en/of kontak." Daarom beskryf Fourie hierdie lae voorkoms van hiperkorreksie van meervoudsvorming by RA as 'n "registerverskynsel" en die hoë voorkoms daarvan by GA as "sosiolinguisties faktore" wat "tot die ontstaan en gepreserveerdheid" van die variasie aanleiding gegee het.

Baie min variasie ten opsigte van dubbele meervoudsvorming is by die kontrolegroepe raakgesien.

vi Variante meervoudsvorming

Dit is belangrik om daarop te wys dat hierdie manier van meervoudsvorming nie "verkeerd" is nie, omdat dit nie in die ondersoek om normatiewe taalhantering gaan nie.

GA

*baste; buste; velskoens
speelmaters (chronolekties)*

RA

goete

BOA

Die wederdopers en die onderdomplers

Dit is net by die diep gaaije

AR

winte; hante; saks; blate (blaaie-rug)

RBA

putse; spieële; buste; velskoens

putsies; vuurpylse; taste

SNA

leeuens; lonings (lone)

KA

kroegs; skeiede (skuite)

VDMA

annere; koeële; leeue; datels

Baie variante meervoudsvorming is opgemerk, maar dit is nie konsekwent so gebruik nie, en die frekwensies het nie beduidend verskil van die kontrolegroepe nie.

Hierdie gesistematiseerde inventaris toon dat al die subvariëteite van OA baie variasie toon in vergelyking met SA en die kontrolevariëteite. Hierdie gevolgtrekking word geverifieer met Du Plessis (1987b:125) se opmerking dat daar wel ongewone meervoudsvorme in VDMA opgemerk word "maar nie naastenby op dieselfde skaal as wat hierdie soort variasie in veral die Oranjeriviervariëteite voorkom nie".

Sonder die umlautvorm van die vokaal

Die stam bly onveranderd, byvoorbeeld:

statte /stadde (stede), besigheite (besighede)

5.3.1.4 Verkleining

GA, RA asook AR toon baie hoë frekwensie van verkleining. Die meeste woorde word verklein, dwarsdeur gesprekke wat oor verskillende onderwerpe handel hetsy dit emosie betrek of nie:

Hy word nou net so 'n klein openinkie gegee wat die bytjie kan ingaan (RA)

i Dubbele verkleining

Net soos by meervoudsvorming, is OA-sprekers baie geneig om die verkleiningsvorming te kompliseer:

GA

huisietjie; boekietjie; plekkietjie; vissietjies; pakkietjies; vissietjies; walsietjie

RA

plekkietjie

BOA

Baie min variante verkleiningsvorme is waargeneem.
rantjietjie.

AR

plekkietjie; waentjietjie; pakkietjie; boekietjies; werkietjies; huisietjies

RBA

'n Baie hoë frekwensie van hiperkorreksie kom hier voor:

koppietjie; woordjietjies; huisietjie; oorloggiertjie; plekkietjie; kalfietjie; grassietjies; stasietjies; hokkietjie; knoppietjie; broekietjie

SNA

dympiertjie; storiertjies; bossietjies

Hierdie aspek kan, net soos dubbele meervoudsvorming, as een van die onderskeidende kenmerke van OA op morfologiese terrein getipeer word.

Rademeyer (1938:60) skryf hierdie "besondere voorliefde" vir dubbele verkleining toe aan "die sug om die begrip van kleinheid beter te laat uitkom en sodoende groter effek te behaal".

Die voorliefde om te verklein is opvallend, selfs

aanwysende voornaamwoorde,

daariertjie (AR)

massanaamwoorde

kossietjie (AR)

koffietjies (RBA)

asook Engelse woorde (soos gesien sal word by leksikale variasie).

By hierdie vorm van hiperkorreksie kan daar ook by sommige variante sprake wees van die veralgemening van die verkleiningsmorfeem *-etjie* soos in:

kraletjie (RA)

paditjie (RA)

Jenkinson (1984) verklaar dit as volg: "Dit is moontlik dat die dubbele diminutief in sommige woorde nie werklik 'n dubbele verkleining is nie, maar die allomorf *-ici* wat saam met die betrokke stam (simpleks) gebruik word, waar ABA die allomorf *-i* gebruik." Jenkinson (1984) spekuleer verder dat die proses dalk aangehelp is deur die "verlies van lengte by party vokale".

ii Variante vorming van verkleining

GA

klippertjies (chronolek); jakkalkies

RBA

putsies; geskriftetjies; outjievrou (ouvROUTjie); kraletjie

SNA

sifkie

iii Woorde wat gewoonlik nie verkleining neem nie

GA

wegkrypertjies

Net soos die geval by hiperkorrekte meervoudsvorming, waar BOA nie ooreenstem met die ander subvariëteite nie, is dit ook die geval met hiperkorreksie van verkleining.

5.3.1.5 Die prefiks ge-

i Hiperkorreksie van verlede deelwoorde

Die voltooide deelwoorde wat met *ge-*, *be-(ba-)*, *ver-*, *ont-*, *her-* en *er-* begin, neem nie *ge-* om verlede tyd aan te dui nie. Die variant *gevasgeslaan* (GA) is waargeneem, wat hiperkorreksie t.o.v. verledetydsvorming by deeltjiewerkwoorde is.

GA

ver-: *geveranner; gevertel; geverkoop; geverhier*

be-: *gebegrawe*

genorig (benodig)

RA

ver-: *gevervoer*

be-: *gebegin*

BOA

ba-: *gebeklei*

Net hierdie enkele variant is by BOA waargeneem. Dit wil dus lyk of hiperkorreksie t.o.v. verledetydsaanduiding by voltooide deelwoorde nie figureer nie en dat bogenoemde voorkoms 'n idiosinkratiese karakter het.

AR

ver-: *geverhuur; geveranner; gevervang; gevertrek; geverbaster; gevergeet; geverdoop; misgeverstaan*

be-: *gebesigtig; gebeginne; gebegrawe*

ont-: *geonthou; geontmoet*

-eer: *geregeer*

her-: *geherlewend*

RBA

ver-: *geverval; geverduur; gevernietig; gevertel; geverloor; geversorg; geverlang*

be-: *gebegrawe; gebeginne; gebesluit; gebekwaam; gebewerkstellig; ont-*: *geonthou*

-eer: *gerespekteer*

ge- : gegebeur (in verskillende gesprekke; dus nie idiosinkraties nie) gege-
bruik

SNA

ver-: geverkoop; geverdien

be-: gebetaal; gebehandel

-eer: gemakeer

ge-: gegebruik; gegetrap

BA

ver-: geverloor

be-: gebeginne

ont-: geontmoet; geonthou

VDMA

ver-: gevergeet; geverstaan

be-: gebegrawe

ont-: geonthou

KA

be-: gebeland

aan-: geaanvaar

Hierdie hiperkorreksie is baie min opgemerk by RA, SNA, BA en BOA. Waar dit by BOA toegedig kan word aan bewustheid van die standaardnorm, is dit by RA, SNA en BA moontlik toe te skryf aan sterker blanke invloed.

ii Veralgemening

- By woorde wat nie-werkwoordelik gebruik word, soos in hierdie voorbeelde by s.nw en b.nw.:

RBA

*Ma-goed is met die kleintjies agter die geberg
gerustige lewe*

SNA

Die wat geëetbaar, die word pap gemaak

BA

Hulle het baie gemaklik

ge- word gebruik ten koste van be- en ver-:

GA

Hy's genorig hier

Dan word ons gedeel (verdeel)

Variasie kom voor, maar die frekwensie is laag.

iii Afwesigheid

SNA

Ek is ontroud nog

RBA

Kwart oor agt toe bore sy

Op hy se pleit

iv Vooraf by deeltjiewerkwoorde

RBA

Had hulle van Garies af hulle geoorbring

5.3.1.6 Afleidings

Onse is in al die subvariëteite met 'n hoë gebruiksfrekwensie opgemerk en sou binne OA eerder aan hiperkorreksie van die *se-konstruksie* (om besit aan te dui) toegeskryf kan word, omdat die konstruksie, soos gesien sal word onder sintaktiese variasie baie frekvent is.

Vir hierdie argument word ondersteuning gevind by Verhoef (1988:143) wat meen dat hierdie besitsaanduiding by die derdepersoonsmeervoud nie gevorm is "na analogie van die Nederlandse verboë vorm *onze*" nie. Roux (1988:104) skryf dit ook aan die perifrastiese *se* toe in teenstelling met VDMA waar Du Plessis (1987a:53) die gebruik as "verouderde *res*" interpreteer.

Voorbeeld: *onse ouers* (GA)

i Hiperkorreksie

GA

Assie kalbassie verbreek dan maak ek jou dood

RA

Jakkals was ook gehoorsamig

BOA

Ekke roep hom

Ek is menslik alleen

Mit die wat ons so tydsamig is

AR

Griep gehad, maar hy wissel mos nie uit nie

Daar's annerlike goed

RBA

Kaptein se familie, toe sit hulle gevangende

SNA

werkgeit; oudgeit; kwaaigeit

En toe het hulle hongergeit

KA

Hy't baie beïnvloed oor die kinders

Dure plek.

Al die huise dieselfde geboue het

gelerendheid

liewerste; alleste

VDMA

mooiegeit

Ten opsigte van hierdie komplisering van afleidingsprosesse is BOA baie meer produktief as enige van die ander subvariëteite van OA of die kontrolegroepe.

Die tendens om die kombinasie van prefiks-suffiks (ambifiks) te gebruik is opgemerk:

GA

Jy's geborende Griekwa

My oë verslegte

AR

Toe't ons die beswaring ingedien

RBA

Hy was die behoudenis van Koos gewees

VDMA

Hierdie oorlog gebeur; weer hier geware

(Laasgenoemde kan toegeskryf word aan die veralgemening van die ambifiks of dan alkanvoegsel ge...te.)

ii Variante afleidings

BOA

Ons is sterwelike mense

Soek maar skuilte teen die son

By mense gelos op die vermoeding

Kontrakter (kontrakteur - kan ook Engelse invloed wees)

AR

Die nodigheid loop haal

Skole nou geherlewend het

RBA

Ek ken vir flenderig loop

Die nimmelige Johannes Beukes

Die agte Mei (suffiks vir rangtelwoord)

SNA

Dis nou 'n voortvloeiing uit die skool van my

VDMA

Goeie honde, waaksamige honde

Ek sal kyk laters

KA

Vernamens werk ek ook in die publieke kroeg

Soos reeds onder 4.3.1.6 ii opgemerk, kan hierdie variante meegebring word deur talle faktore. Soos uit die voorbeelde blyk, speel Engelse invloed moontlik ook 'n rol. Hierdie tendens is nie kenmerkend van OA nie.

iii Afwesigheid van afleidingsprosedure

Hierdie traagheid om afleidingsprosesse te volg, kan ook onder verkorting of reduksie (4.3.1.9) gesistematiseer word. Dit is morfologiese "ekonomie".

Die afleidingsprosesse word somtyds nie gevolg in OA nie. Hierdie vereenvoudiging manifesteer baie meer by OA as by die kontrolegroepe, maar inkonsekwent.

Dit word veral nagelaat by attributiewe byvoeglike naamwoorde en die vorming van selfstandige naamwoorde.

GA

*Want die Hollands tyd was mos annerster
Die Hollands boekies was fyn
My ma se hys was 'n glad gebou*

AR

*Vir die koud
Was die blankes en die gekleur so deurmekaar
En as ek middag daarvinaan trugstap
Toe moet hy sy heenkome net soek na die Kleerlengte toe*

RBA

*Op die wys het ons gehoor dat hy sal
Soos die Here hom geskaap het
Meen nou by die kleurmense
Ek is vrede*

Die afleidingsprosesse word soms net gedeeltelik gevolg:

RBA

*Maar in die eerste kome wat van die Basters gekom het ... (komelinge)
(kan ook verkorting wees)*

AR

Elke eerste gaboroe van die Kaptein

iv saam met die semantiese funksie met

RA

voetsaam

AR

voetsaam; handsaam

RBA

voetsaam

5.3.1.7 Verbindingsklanke

Die voorbeelde wat hier betrek word, is na aanleiding van Kempen (197-:96) se redenasie, verbindingsvorme. Vergelyk 4.3.1.7.

RA

groetjiesland

BOA

digteby

AR

oenersveld; droëntyd

RBA

verlowingsring; sportstoere

BA

skryweboek; ossekar

KA

trompetterspeler

Dinsdags- en Donderdagsaande

byteplekke

5.3.1.8 Goed-konstruksie

GA

pa- goed; oupagoed; lou-goed; baasgoet

Blikkies-aspai-goeters; rondomtalie-goed

Toe lewe hierie Adim Kok-goed en Kornelijis Kok-goed alman nog

RA

Hofmangoeters; pa-goed

RBA

Ma-goed is met die kleintjies agter die geberg

Volgens Van Rensburg (1989:459) is die *goed-konstruksie* kenmerkend van OA. Uit hierdie ondersoek het dit egter aan die lig gekom dat alhoewel die variasie in OA opgemerk is, soos uit die voorbeelde blyk, dit baie frekwent by GA manifesteer, maar dit is ook in die kontrolegroepe teëgekom.

Links (1989:31) skryf hierdie gebruik van die *goed-konstruksie* toe aan Khoe-involoed omdat "daar naas die oneffektiewe *hulle-konstruksie* behoefte bestaan het aan 'n middel om die kategorie van kollektiwiteit uit te druk" en ook dat daar in Khoe-taal die morfeem *-gu* gebruik word "om die meervoud van die manlike substantiewe te vorm".

Laasgenoemde verklaring lyk asof dit gewig kan dra - alhoewel dit nie altyd manlike meervoud aandui nie, kan dit 'n geval wees van veralgemening na enkelvoud en selfs vroulike substantiewe.

5.3.1.9 Reduksie/ Verkorting

Fourie (1985:191) redeneer dat die "saamgetrokke vorme" *dies*, *hieries* en *partys* "nie 'n deiktiese funksie vervul nie, is dit vereenvoudigde sintaktiese vorme met die doel om die fokus te verswak en daarom 'n komplekser handelingsfunksie te stel as wat in SA moontlik die geval is. Hierdie woorde is in hulle gebruik en met betrekking tot die konteks ook handelingsgesentreerd in RA".

GA

Toe kry hy bloedvergif

Na die uitbreinommer

Kan jy jou voorlet kan lees

BOA

Ek het een skoot die hart (hartprobleme)

Gaan maar al om die huis, soek skade (skaduwee)

Nooit in my lewe een dag skool gehet nie (skoolopleiding)

Hy moes gaan spioen op 'n berg

(Du Plessis (1987a:85) vind ook hierdie woordsoortelike meerfunksionaliteit van spioen in VDMA.)

RBA

Op hy se pleit

Ek is vrede

Hierdie morfologiese vereenvoudiging is oorwegend by die oostelike variëteite van OA waargeneem.

5.3.1.10 Gehad/gewees word gehet/gewas/gewis en ander oorblyfsels

(Hierdie aspek hang saam met leksikale variasie)

GA

gehet

Het skape gehet

Enage ding het die oubaas gehet

Hy't nie ander werk gehet nie

Een slag so jakkalskros gehet

Het weer gehet 'n sybokkombers

Het nie kinders gehet nie

gewis:

dis lande gewis

die man gewis het

wat ek op televisie gewis het

Dis 'n ou Boesman gewis

Toe pa nog djong mannetjies gewis het

hat

Ons had nou sy kopklip ... loop oopgemaak

BOA

gehet

Ek het nooit ... een dag skool gehet nie

AR

gehet

Het harde dae gehet

had

Die beenklaag had

Hat sy prys

Hat die aansoek

RBA

had

Ons hat nie geweet nie

Hierdie variante kan as die gebruik van gepreserveerde taal gesien word, wat so behoue gebly het omdat daar veral by GA en AR, min aanraking met die massamedia is in vergelyking met byvoorbeeld BOA.

5.3.1.11 Onverboë vorm

GA

langte

Nie so 'n rykie uit daai graf uit nie

RA

Na my eerste vrou se sterf

In'ie leegte af

Halfte week van die nuwejaar

5.3.1.12 Woordsoortelike meerfunksionaliteit

RA

Die gaan wat hulle gegaan het

BOA

Hy moes gaan spioen op 'n berg

(spioen kan ook woordsoortelike meerfunksionaliteit wees en nie noodwendig reduksie/verkorting nie.)

RBA

Toe haal hy darie praat nou aan

Dan moet jy net so darie praat los

En praat daar orie breek

SNA

Hulle het hom sleg gefondasie

Hierdie meerfunksionaliteit is morfologiese vereenvoudiging waarin OA ooreenkoms toon met die kontrolegroep VDMA.

Ongewone samestellings sal onder Leksikale Variasie bespreek word.

5.3.1.13 Samevatting

Uit die sistematisering van versamelde morfologiese data van OA, is dit duidelik dat daar ten opsigte van die data alleen, onderskeid tussen OA en ander variëteite gemaak kan word. Hierdie variante lê ook verskille tussen die onderlinge subvariëteite van OA bloot, veral as daar aan die hiperkorreksie van meervoude en verkleining gedink word, waar die variant feitlik nie in BOA opgemerk is nie. Die strukturering van die taalgemeenskap, sosio-ekonomiese faktore asook opvoedingspeil word in die morfologiese variasie weergegee. Opmerklik is die reduksie/verkorting wat meestal in oostelike OA opgemerk is.

Links (1989:31 e.v.) merk die volgende variasie in KT op:

- *Goed-konstruksie*
- Dubbele meervoude
- Dubbele verkleining en hoë frekwensie van verkleining
- *ge-* hiperkorreksie by verlede deelwoorde (verledetydsaanduiding)
- Vooropplasing van *ge-* by deeltjiewerkwoorde

Aan hierdie belangrikste morfologiese eienskappe van KT geoordeel, is KT 'n subvariëteit van OA op morfologiese vlak.

5.3.2 Sintaktiese Variasie

Dat baie variasie opgemerk word binne OA is nie net bloot toe te skryf aan sosiolinguistiese oorsake nie, maar ook aan goeie vertelstrategie, want die sprekers van OA is oor die algemeen baie goeie vertellers:

"Diskoers het te make met die funksie van taal in gebruik ... Implisiet het taalgebruik die funksie om interpretasie van uitings in 'n bepaalde rigting te stuur. Die spreker is moontlik nie eers altyd self bewus van hoe hy dit doen nie, maar die sosiale omgewing waaruit hy praat, laat hom in bepaalde situasies, 'n bepaalde soort taal gebruik." (Fourie, 1985:192)

5.3.2.1 Vereenvoudiging en Kompleksiteit

Soos Du Plessis (1984:175), is Fourie (1985:19) van mening dat daar balans binne variëteite is ten opsigte van kompleksiteit en vereenvoudiging: "ver-eenvoudiging ten opsigte van 'n bepaalde aspek van die taalvorm juis as sneller optree om komplekser strukture ten opsigte van 'n ander aspek te kan lewer".

Voorbeelde van vereenvoudiging:

Weglating: - voorsetsel;

- lidwoord;

- anaforiese onderwerp of voorwerp;

- ophef van geslagsonderskeid.

Fourie (1985:21) sien "gelykheid" in kompleksiteit en vereenvoudiging:

"Alle variasies ... is tot op 'n sekere vlak gelyk. Waar die een 'n kom-plekser sintaktiese struktuur het, sal dieselfde variasie (ten opsigte van daardie bepaalde struktuur) 'n vereenvoudigde semantiese struktuur teenoor een of meer van die ander variasies vertoon, en omgekeerd."

Hierdie argument kan van toepassing gemaak word op die skakelwerkwoord-konstruksie soos dit in OA voorkom, naamlik semantiese funksieverlies (ver-eenvoudiging) wat balanseer met sintaktiese kompleksiteit.

Ander gevalle is byvoorbeeld die frekwente gebruik van die tydsadjunkte *toe*, *dan* en *nou* maar nie as tydsadjunkte nie, eerder om sinskleur te verleen en skakeling tussen idees en sinne.

Die woord *maar* word ook frekvent gebruik, maar nie voegwoordelik nie:

Toe vang hulle mar so vis innie ravier (GA)

My pa het mar vir ons so grot gemaak (GA)

(Hierdie aspek word verder bespreek by leksikale variasie.)

5.3.2.2 Infinitief

Bome die is vrieslik gewillig om te baie hoog groei daar (BOA)

Van Rensburg (1989:459) merk op dat die infinitiefkonstruksie, soos hierbo, in OA voorkom en vreemd is in SA. Dit is waar dat dit opgemerk word in OA, maar die frekwensie is baie laag en dit is ook in die kontrolegroepe so waar-geneem. Dit kan dus nie as kenmerkend van OA getipeer word nie.

Alhoewel hierdie variant teëgekom is, is die voorkoms daarvan so laag soos uit bogencemde inventaris blyk, dat die gevolgtrekking van Verhoef (1988:122) m.b.t. BOA hiermee klop, naamlik dat dit 'n lae frekwensie het en 'n "idiosinkratiese karakter" en haal Fourie (1986) aan waar besluit is dat dit nie 'n rol in RA speel nie.

Die gebruik van *begin* te kan egter gesien word as 'n vereenvoudiging van die *om ... te* struktuur, want dit blyk 'n vereenvoudiging van *begin om ... te*:

Begin te reën (GA)

Begin te beenmeel kry (GA)

Begin te werk (GA)

Die traagheid om die deeltjiewerkwoord te skei kan egter as variasie gesien word, en word verder onder skakelwerkwoorde bespreek.

5.3.2.3 Skakelwerkwoorde

Voorbeelde uit eie inventaris:

Daar geloop aangeja (RBA)

Die vrou da gekom daar afgesterwe (SNA)

Die kenmerkende gebruik van skakelwerkwoorde is nie suiwer 'n sintaktiese aangeleentheid nie, maar eerder "dat die sintaktiese verskille duidelik manifestasies is van semantiese verskille" (Du Plessis, 1990:69). Dit maak hierdie indeling van Du Plessis sinvol, omdat "wat 'n mens intuïtief opmerk behoort ook op die sintaktiese vlak aangetoon te kan word" (1990:71).

Ponelis (1979:241) tipeer indirekte skakelwerkwoorde as die "vier indirekte skakelwerkwoorde *lê*, *loop*, *sit* en *staan*, met die betekenis 'liggaamshouding' verbind via die bindpartikel en met die hoofwerkwoord" en direkte skakelwerkwoorde "verbind sonder die bindpartikel". Na aanleiding van hierdie kenmerke van indirekte skakelwerkwoorde, kwalifiseer nie alle voorbeelde in die inventaris van OA as indirekte skakelwerkwoorde nie.

'n Ander indeling sal dus gevolg moet word en Du Plessis (1990:71) se bespreking van *loop* dien as riglyn:

A: Invoegbaarheid van *en* en *gaan* kan 'n rol speel.

("behou ook die letterlike betekenis van die aanduiding van 'n liggaamshouding" d.w.s. is niks anders as die tipiese indirekte skakelwerkwoord soos deur Ponelis (1979:241) geformuleer, maar net die en is weggelaat.)

B: Invoegbaarheid van *om te na loop* en *gaan* kan 'n rol speel.

(Dit hou ook nog die letterlike betekenis in, maar "het 'n sterker werkwoordelike funksie".)

Hier kan egter van Du Plessis verskil word, indien op Ponelis (1979:241) se beskrywing van die indirekte skakelwerkwoord gelet word, naamlik dat te ook as bindpartikel gebruik kan word. 'n Voorbeeld uit die inventaris:

Om jou kossietjie loop te haal

Dit lyk dus eerder of dit onder A tuishoort. Om hierdie rede word later 'n eie, growwer indeling gevolg.

C: *loop* kan met *gaan* vervang word. Moontlikhede van A en B word uitgesluit.

D: *loop* lyk asof dit 'n tydsfunksie (hulpwerkwoordelik) kan vervul en sluit die moontlikhede van A, B en C uit.

E: *loop* tree nie meer werkwoordelik op nie "maar word byna adjunkties in die sin dat dit die spreker se gevoel uitdruk ... sinskleur eerder as liggaamshouding of bewegingshandeling".

Die mense wat vandag so loop swaargekry - hulle verwag nie swaarkry nie.
(Weer eens goeie vertellerstrategie.)

Laasgenoemde twee kategorieë C en D lê dus volgens hierdie redenasie nader aan figuurlike betekenis en lê laer op die "loop-klien" soos voorgestel deur Du Plessis met minder status as die indirekte skakelwerkwoord. Dit impliseer dat A die hoogste lê op die klien, met B, C, D en E onderskeidelik, daaronder. Du Plessis se redenasie vroeër in die artikel dat B "'n sterker hoofwerkwoordelike funksie" het en daarom "gevolg word deur 'n hoofwerkwoord in die infinitief" dui eerder daarop dat B dan hoër sou moes lê as A, wat nie die geval kan wees nie, omdat dit volgens die klienvoorstelling eerder 'n soort direkte skakelwerkwoord is.

Die frekwensies vir die onderskeie skakelwerkwoorde *loop*, *sit*, *staan* en *lê* is as volg:

loop: 77 persent

sit: 12 persent

lê: 7 persent

staan: 4 persent

Van Jaarsveld (1984:44) se argumentasie pas goed in by die indeling van Du Plessis:

"In baie gevalle predikeer die verba ruimtelike oriëntasiekenmerke, wat nou geïntegreer is met die dimensionele disposisies van die objekte waarna verwys word. In ander gevalle word die verba gebruik sonder om na die objekte se ruimtelike oriëntasie te verwys, dit wil sê hulle is semanties leeg. Soms word die verba affekties gebruik om sprekerhouding uit te druk." Hierdie argumentasie is in beginsel dieselfde as Du Plessis (1990). Van Jaarsveld (1984:63 e.v.) merk op dat die "semanties leë" staan ("sonder konseptuele betekenis") die meeste in SA voorkom van die skakelwerkwoorde staan, sit en lê, alhoewel dit meestal nie liggaamshouding weergee nie; eerder sprekershouding soos byvoorbeeld 'n ongunstige houding ("pejoratief") of om die aanvang van 'n aksie of proses aan te dui ("inchoatiewe aspek").

Met hierdie ondersoek in SA is gevind dat staan die hoogste frekwensie het en lê die laagste (Van Jaarsveld, 1984:63 e.v.).

Dit verskil van OA waar staan die laagste frekwensie van die drie medewerkwoorde het, soos uit die gegewe frekwensies blyk.

Omdat loop die hoogste frekwensie het, sal net loop volgens Du Plessis se indeling bespreek word. Vir hierdie ondersoek word die indeling egter heelwat growwer gemaak omdat dit voldoende is by die bespreking. A en B word saamgegooi, omdat dit nog nie verlies toon aan skakelwerkwoordstatus nie, C en D saam omdat dit wel verlies toon en tydsaanduidend is, amper hulpwerkwoordelik en E val in 'n afsonderlike klas, al kan dit ook as 'n soort modale hulpwerkwoord gesien word. Hierdie kategorisering van E kan geregverdig word indien in Du Plessis (1990:71) se siening dat dit sinskleur verleen, en Ponelis (1979:390 e.v.) se beskrywing van onder andere modale hulpwerkwoorde as "kleuroperateurs", in ag geneem word.

Vir Ponelis hou sinskleur verband "met die situasie waarbinne die sin gebruik word. Dit laat blyk wat die houding is van die spreker of ten opsigte van die aangesprokene of ten opsigte van die sin wat deur die spreker geuit word".

Volgens hierdie indeling het C en D die hoogste frekwensie, naamlik 85 persent; A en B 12 persent en E 3 persent in OA.

Van die gevalle soos dit opgemerk is:

A en B:

Moet batal vir 'n man wat vir ons loop hout maak (GA)

Dan loop seek hy daai ou Boesman (GA)

Sy lop sê vir my ma (RA)

Dat ons so 'n bietjie loop skryf (BOA)

Dan loop ek so aan die draad en loop en vashou (RBA)

Om jou kossietjie loop te haal (AR)

C en D:

Da lop werk (RA)

Ry 'n ent en dan loop draai jy nou so af (RA)

Gaan terug en loop sit hom amekaar (RA)

Nadat die oorlog loop stil geword het, toe't ons getrou (RBA)

Vanand lop sê ek as darie lammers ytgeslaap het (GA)

By die dood loop omgedraai (AR)

Daa't hy loop afgesterwe (SNA)

E:

Daar wat die pad loop ytklim (RA)

Die mense wat vandag so loop swaar gekry - hulle verwag nie swaarkry nie (BA)

Dan word hy teruggelei en geloop lêsit (SNA)

Loop smelt verreweg die meeste saam met die hoofwerkwoord in teenstelling met sit, staan en lê, wat in die meerderheid gevalle voldoen aan die vereiste wat aan indirekte skakelwerkwoorde gestel word.

Vergelyk die volgende gevalle:

Dan kan jy so stan en kyk (GA)

So't ons ouers altyd vir ons gesit en vertel (GA)

Sit en denk (RBA)

Gelê en praat (RBA)

So gestaan en gehuil (RBA)

(Hier kom dubbele verledetydsaanduiding voor, waar ge- in SA gewoonlik met die skakelwerkwoord verbind en nie met die hulpwerkwoord of hoofwerkwoord nie indien dit saam met 'n skakelwerkwoord voorkom.)

Anders as in SA, word die skakelwerkwoord *loop* baie min as indirekte skakelwerkwoord gebruik. Hierdie gevolgtrekking word ondersteun deur Du Plessis (1990:70) se bevinding dat "*loop* as indirekte skakelwerkwoord betreklik skaars is in OA as dit met Transvaalse Afrikaans vergelyk word". Hoe fii-guurliker die gebruik van *loop* hoe meer verloor *loop* en *kom* selfstandigheid (benewens semantiese verlies) sodat dit amper lyk na "dele van 'n samestelling. Dit kom daarop neer dat die skakelwerkwoorde dan geanaliseer word as deeltjies eerder as afsonderlike werkwoorde. Of dit dan die deeltjies van nuutgevormde deeltjiewerkwoorde is, is 'n moontlikheid ... Sou so 'n analise aanvaar word, vorm die skakelwerkwoord plus die hoofwerkwoord saam 'n leksikale eenheid" (Du Plessis, 1990:73).

Ponelis (1979:244) gee voorbeelde van die saamsmelt van skakelwerkwoorde met die hoofwerkwoord by direkte en indirekte skakelwerkwoorde.

Voorbeelde in OA:

Loop eet hy mar weer jou skap (GA)

i.p.v. *Loop hy maar weer jou skape en eet.*

Hierdie grootskaalse samesmelting van die skakelwerkwoord en hoofwerkwoord in OA kan toegeskryf word aan die oorgrote funksieverlies van die skakelwerkwoordelike status.

In BOA is die laagste frekwensie van hierdie variant opgemerk, maar eienaardig was die dubbele "skakelwerkwoorde" by een spreker:

Soos sy daar geloop sitte hekel het.

Volgens Du Plessis (1990) se indeling sal *sitte* dan onder B val (*sit om te hekel*) en *gelopen* onder C (*gaan sit het om te hekel*). Ander gevalle waar *loop* saam met ander skakelwerkwoorde gebruik word:

Loop kom water gee (GA)

Loop kom eet hulle (SNA)

(In bogenoemde twee voorbeelde beklee *loop* duidelik 'n hulpwerkwoordelike funksie.)

Kom toon soos *loop* 'n meer komplekse gebruikstendens as in SA.

Du Plessis (1990:73): "Hoe verder die betekenis van *kom* weg is van die letterlike betekenis van die bewegingswerkwoord, hoe sterker word *kom* gebruik om sinskleur uit te dra."

Hy't gekom trek Kalkfeld toe (SNA)

So kom klaar geraak (GA)

Dan word hy gekom lei (RBA)

kom word frekwent voor die hoofwerkwoorde trek en kry opgemerk:

Het ek hier gekom trek (AR)

(Ook: Kleerlingmense het van diekant af getrek kom (AR)

Gekom intrek in Suidwes in (SNA)

Die lyk gekom kry (RBA)

My daar kom kry (GA)

Kom kry 'le die stoof is stikken (BOA)

Dan kom vlie die bye yt en dan kom vat Pa nou (RA)

Kom word ook soms i.p.v. word gebruik:

Toe kom hy 'n bietjie beter (BOA)

Du Plessis (1982:72) se beskrywing t.o.v fleksie by medewerkwoorde om tyd aan te dui, "wanneer het in 'n sin saam met hulp- en skakelwerkwoorde gebruik word, is die ge- morfeem wat in Afrikaans deur die hulpwerkwoord het gedetermineer word, geneig om eerder aan die skakelwerkwoord as aan die hoofwerkwoord gekoppel te word, maar NOOIT aan die hulpwerkwoord nie", wys op die duidelike variasie by OA:

Daar loop afgesterf (AR)

Toe't die ou in Kuboes loop gebly (AR)

Lat die mense loop afgespring het (RBA)

Loop oopgemaak (GA)

Hierdie variasie kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat loop nie in bogenoemde voorbeelde kwalifiseer as skakelwerkwoorde nie - eerder dan hulpwerkwoorde wat in elk geval in OA baie min die "preteritale fleksie" (Ponelis, 1979:246) t.o.v. verlede tyd neem:

Toe was ek net skaars ... kan loop (AR)

Moet gekry het (RBA)

Smak my hy kan nog bietjie meer kwaaiier gewees het (GA)

5.3.2.4 Setselgroepe en setsels

By VDMA is setselskeiding "die weeslaat van 'n voorsetsel saam met 'n betreklike of vraende voornaamwoord sonder dat die voornaamwoord die saamgetrekte

vorm aanneem" opvallend, maar kan nie in OA as kenmerkend beskou word nie (Ponelis, 1989:279). Ander aspekte t.o.v. setselfgroepe en die gebruik van voorsetsels het opgeval.

i Voorsetselfherhaling

Dat voorsetselfherhaling kenmerkend is van al die subvariasies binne OA, is nie 'n geldige aanname nie. Hierdie variant is egter baie frekwent in GA en SNA, veral t.o.v. die voorsetsels in en uit:

Yt die werk yt (GA)

Yt 'n knik ytry (RA)

Yt die dorp yt (SNA) In 'n berg in (GA)

In die wêreld in (GA)

Hy steek die bok in sy sak in (RA)

Da sit jy innie pot in (SNA)

Die traagheid om deeltjiewerkwoorde te skei, het die volgende effek:

Iemand afgekom van die plaas af (SNA)

Yt hulle plase ytgeraak (SNA)

Die volgende is ook waargeneem:

Vrygeraak van die pakslae af (RA)

ii vir -invoeging

Hierdie aspek word dikwels as eie aan OA gesien, maar Van Rensburg (1989:448 e.v.) vind dat vir-invoeging kom "toenemend voor 'n persoonlike voorwerp voor" en by KA dat "Maleiers en Kleurlinge gebruik vir baie meer as wat blankes dit gebruik ... en die werkersklas sprekers van al drie die sosiale groepe gebruik dit baie meer as die hoë klas sprekers". Die frekwensie van vir-toevoeging in OA is ongeveer dieselfde as in die kontrolegroepe en dus nie uniek in OA nie. Net gevalle waar vir opsioneel is, word bespreek.

As jy vir my slag, sal jy dors ly (RA)

Agter hom kry jy vir hom, vir Dawid (RA)

Wat egter opval in OA is dat vir-toevoeging nie net voor die persoonlike voorwerp voorkom nie, maar ook voor 'n onpersoonlike voorwerp:

So beskuldig hulle mos mar ok vir 'n mens (RA)

Ek ken vir dik, ek ken vir din, ek ken vir flenderig lop, ek ken vir mooi rok
(SNA)

Daar't geleer vir werk (GA)

Ek kan nooit vir hom sê nie (gebed) (GA)

Ek stel vir hom (kappie) (GA)

Veralgemening van vir (ten koste van ander voorsetsels)

Ons is nie gewoond vir hierie nylon-goete (AR)

Hulle is net gewoond vir lekker lewe (BA)

As ek moet vir jou trou (RBA)

Die opsionele *vir* (soos ander variante) word nie lukraak gebruik nie, meen De Wet (1984:384) na 'n variasie-onderzoek van GA:

"Sintakties beskou, is VIR dus nie werklik nodig nie, maar weens semantiese redes soos beklemtoning, of om die betekenis van die sin duidelik te maak, speel VIR 'n rol."

iii vir -weglating

Dit kom in al die subvariasies voor waar *vir*-toevoeging ook opgemerk is, alhoewel die voorkoms laag is:

Dan't hulle hom 'n hoepel ingesteeke (GA)

Hulle kan nie eens djou werk nie (GA)

Oes werk mos bokke en goed (AR)

Ek sê al die dogterse dis darem 'n bord kos (RBA)

Soos De Wet (1984:383) in GA opmerk dat *vir*-weglating voor die indirekte voorwerp voorkom, is dit ook die geval by die ander subvariëteite van OA.

iv met ... saam

Hierdie meerwoordsetsels het al in SA vereenvoudig na die enkelvoudige- of eenwoordsetel *met*. In OA het die kompleksere struktuur dus nog behoue gebly en het dit semanties ook nog meer gewig gekry as Fourie (1985:103) se bevinding in ag geneem word waar sy illustreer dat hierdie *met ... saam* se gebruik wyer as voorsetselgebruik reik en dat dit "'n kontinuerende funksie vervul" en "druk een of ander beweging uit, hetsy direkte of indirekte be-

weging". Hierdie bevinding maak haar gevolgtrekking dat dit 'n vereenvoudigingsproses is, dus onwaarskynlik. Hierdie gebruik van *met ... saam* is duideliker maar nie eenvoudiger nie:

Toe kom hy met die perd saam (RBA)

(*Toe kom hy met die perd*)

Dieselfde met:

Dan word hy gewerk met die stok saam (SNA)

Hoe gaat dit met jou saam? (GA)

Jy's vrieslik met ons saam (GA)

Dit herinner my nou daaraan met die ou man saam (RA)

Rademeyer (1938:80) meen dat "analogie" 'n groot rol speel (in die variasie-onderzoek van GA en RBA) en lyk dit asof hulle hierdie meerwoordsetsel as 'n "onafskedelike eenheid" hanteer; "as min of meer een begrip" en dat veralgemening hierdie gebruik bevorder.

Hierdie voorsetselkombinasie is kompleks in OA as in SA, maar het 'n lae gebruiksfrekwensie by subvariëteite soos AR, BOA en BA.

Fourie (1985:104) beskou die gebruik van hierdie meerwoordsetsel (soos in RA) as sosiolinguisties funksioneel "deurdat die konstruksie beperk is tot informele situasies".

v Variante voorsetselgebruik

Een wat gevang is van die leeu (RA)

Gaan slaap ons nou agter twaalfuur (BOA)

Ryk gewees van diere (BOA)

Hier in die plaas (GA)

Volgens my ondervinding (AR)

Daardeur i.p.v. daarom:

Daardeur was dit beter jare (SNA)

Hy ken sewe tale en daardeur het hy gehoor (RBA)

Hierdie hantering van voorsetsele lyk eerder na konseptuele leemtes omdat dit geen patroon openbaar nie, en dit is ook by die kontrolegroepe waargeneem.

vi Weglating

Magistraat weet nie hierie besigheid nie (SNA)

Die lang stok brand gemaak (RA)

Vier waens kom brand gestee (RBA)

Hulle moet my inhaak (BOA)

Dan gooi ek vir my koffie (GA)

Nou die Caledonplase aansoek gedoen (AR)

Hierdie sintaktiese vereenvoudiging openbaar 'n lae frekwensie, maar is meer as by die kontrolegroepe.

5.3.2.5 Betreklike konstruksie en betreklike voornaamwoorde

i Verdringing van wie deur wat

Sikker drie blankes wat plase nog het hierso (AR)

Toe wil die mos nou wat meerderheid is, wil mos nou vir ons wat minderheid is (RBA)

ii Verdere veralgemening van wat

Mar darie tyd toe was ek nie hier nie... wat die rivier so vol was (GA)

Daar wat die pad loop ytklim (RA)

Wat ik my Heer ontmoet het was met die geboorte van 'n kind, wat ik my Hjere die eerste maal ontmoet het (BOA)

Ek voel nie so jonk as dat die mense sê nie (BOA)

Hierdie plek wat so stof waai (AR)

Soedra as wat ons nou die wenkelj vat da moet ons die kontraktyd van hom uitbetaal (AR)

Soos darie dae gewees het, wat ek so fluks gewees het, wat ek kan vir my als gedoen het (RBA)

Da hal jy yt by die dinges daai ding wat hy oop bly (SNA)

Die plek wat ons gewees het (BA)

iii Weglating

En dis daarvanaf kom die pampier (RBA)

iv Setselekeiding

Hierdie variasie is weglaatbaar min indien dit met VDMA vergelyk word, en sal dus nie verder bespreek word nie.

5.3.2.6 Besitlike konstruksie/ Genitiefsvorm

Die aandui van besit stem soms ooreen met SA, maar veralgemening van die se-konstruksie (vereenvoudiging) kom dikwels voor:

Hille se goete (GA)

By julle se werk kom (GA)

Onse beeste, ons se skape (GA)

Hulle se skap was die Kroskap (BOA)

Heelpary het hulle se eie voertye (AR)

Hulle se skote (RBA)

Hy se vader (RBA)

Hy's plaas sit sommer hierbo (SNA)

se verbind veral met : hulle, julle, hy en ons.

Die volgende is ook opgemerk:

Totlat hy sy mamma gekom het en hy sy mamma het darie lyk gekom kry (RBA)

Die meneer wat die se winkel had (AR)

Nou se kinders (SNA)

Ander maniere om besit aan te dui, is weer kompleks en balanseer uit met die vereenvoudiging waar die se-konstruksie veralgemeen word.

Voorbeelde hiervan:

Dis'ie daai sistertjie van my nie (RA)

Die een seen van my (RA)

Karel Smit, die predikant van ons (SNA)

Ons't op 'n plek van hom gebly (GA)

Soms word die genitief nagelaat:

As jy oë toemaak (GA)

Toe ons na Boesmansrust hys toe ankom (BOA)

Alhoewel hierdie aspekte, veral die veralgemening van se, ook in die kontrolegroepe waargeneem is, is die frekwensie merkbaar hoër in OA.

5.3.2.7 Anaforiek en derdepersoonsvoornaamwoorde

Anaforiek word deur Prinsloo (1982:2) geformuleer as 'n proses waar situasionele faktore van belang is om korrekte interpretasie te verseker van die referent waarna verwys word deur die anafoor en antesedent. Daar word vereis dat "die referent een keer, êrens in die anaforiese ketting geïdentifiseer word... Hieruit blyk dit dat anaforiek 'n reduksieverskynsel is: die antesedent is 'n leksikale naamwoordstuk terwyl die anafore pro-vorme of gereduseerde naamwoordstukke is, byvoorbeeld voornaamwoorde. 'n Anafoor kan ook nul of 'n leë plek wees wat verder toon dat anaforiek 'n reduksieverskynsel is."

Die identifikasie van die referent by referensiële anaforiese kettings kan "leksikaal of deikties" wees (Prinsloo, 1982:29).

Verdringing van dit deur hy/hulle

Ennie pille wat innie aand gebryk is, moenie vir hulle merk nie (GA)

Ons betal die hout, maar ons kan hom nie gaan maak nie (GA)

Daai tyd en hierie - hy sal nooit bymekaar kom nie (RA)

Die plek ... hy was nie so klein nie (RA)

Droë wêreld ... Nee hy's vrieslik droog (BOA)

Hy's nou 'n hys ... Hier bly nou van Dirbin mense in hom (BOA)

Daai water ... Hy's so sout (BOA)

Warmte ... mens moet hom net eers gewoond raak (AR)

Die kruiddampe had getrek soos 'n vuurrook, maar die Here het nie lat hy hiernatoe trek nie (RBA)

Duits ... ek verstaan natuurlik, maar ek kan hom nie praat nie (RBA)

Hierie dorings word dit rooi, hy word rooi (SNA)

Dan gaan sê jy hy's koffie. Hy's baie na aan koffie (BA)

Verhoef (1988:73) ondersteun Fourie (1985) deur te wys op die verdringing van dit-anafore deur hy-anafore (wanneer iets nie-lewend ter sprake is) wat ook in SA voorkom soos bogenoemde aanhaling van Ponelis getuig, maar dat hierdie verdringingsproses meer gevorderd is in die subvariëtiëte ter sprake, naamlik Riemvasmaakafrikaans en blanke Oranjerivier-Afrikaans.

Prinsloo (1982:77) vind ook "in gesproke substandaardafrikaans 'n algehele verdringing van *dit* deur *hy*" asook ten opsigte van:

ii Verdringing van *hy* deur *sy*

Die persoonlike voornaamwoorde *hy* en *sy* word nie altyd reg gebruik in die verwysing na die geslag van die referent nie. Prinsloo merk gevalle op "waar die anafoor *hy* met die semantiese kenmerk (manlik), gebruik is om na 'n vroulike referent te verwys" (1982:78).

Voorbeelde in OA

Tweede oudste dogter ... sy't net losgespring uit die klomp ... toe skiet hulle hom blad agter. Daar het hy gelê (RBA)

Dogtertjie ... Baie goeie ou kjint; ek laaik van goeie vriende by haar te hê.

Ag hy's so iensam (BOA)

Sester ... sy hys ...hy't vir my grootgemaak (RA)

My eerste vrou ... toe't hy kanker in die neus (AR)

Kok se dogter, hy ken nou die naam (GA)

Enkelvoudige antesedent met meervoudige anafoor

Nou as jy 'n oordentlike ding het, hulle lek so nat lat hulle later ytmekaar yt val (GA)

Die eerste twee voorbeelde wys op die inkonsekwente gebruik van verwysing na 'n vroulike antesedent.

ii Weglating:

Ek mak vir my warm water, dan gooi ek in die toe bottel (GA)

Dan slag hy weer op 'n anner plas. Dan skrywe 'n brief ok (GA)

Ons kry elke penshen onse penshentjie. Ons sal seker nou weer die sestiende kry (GA)

Die hoed ... da hal jy af (RA)

iii Antesedentherhaling

Toe't ek die mesjien optel, die mesjien is mos swaar (RBA)

Prinsloo (1982:81) het hierdie variant "soms in substandaard-afrikaans aange-tref en dan is dit om bepaalde redes gedoen". So 'n rede kan byvoorbeeld nadruk wees.

iv Anafoorherhaling

Die lang stok brand gemaak en dan word dit daar voor'ie bek van die nes, word dit gehou (RA)

Soos by antesedentherhaling, lyk anafoorherhaling ook na 'n manier om nadruk te verleen.

Verder wys Du Plessis (1987b:121) op die prominente gebruik van *die* as "skakelend en terugverwysend" in VDMA, maar dit is nie die geval in OA nie.

5.3.2.8 Ontkenning

i Weglating van eind-nie

Hierdie variant van SA is in al die subvariëteite opgemerk, maar daar moet bygevoeg word dat dit, soos die meeste variante, nie konsekwent gebruik word in die variasie, deur dieselfde spreker of selfs in een paragraaf of sin nie.

Die hoogste frekwensie van eind-nie weglating is egter by GA, AR en RBA gevind:

Is okkie my kjend, is my dogter se kjend (GA)

Dis twee boere maar ons ken nie die boere se vanne (RA)

Maar 'le 't ons darem niks gemaak (BOA)

Ek kan nie uitkom met die kos saam (AR)

Maar daries wil hulle nie afstaan (RBA)

Is nie skoolgegaan (SNA)

Ons het nie soos vandag so maklik (BA)

Variant van eind-nie

Hulle is nou so weg; ek kry hulle niks (RA)

ii Weglating van die negatiewe vorm:

Die hoogste frekwensie hiervan is by BOA opgemerk.

Is jou voete nat nie? (GA)

Ek wil jou moet eerbied sê ek is nou 'n watse ding nie (BOA)

Die weglating van ontkenningsswoorde toon 'n hoë frekwensie in vergelyking met die kontrolegroepe. Van Rensburg (1989:448) se skrywe rakende Oosgrens-Afrikaans onderstreep hierdie bevinding ten opsigte van ontkenning in ander variëteite (hier Oosgrens-Afrikaans) wat ooreenstem met die gebruik daarvan in SA, maar "dat daar soms 'n 'oortollige' nie insluip".

Hierdie 'oortollige' nie is ook in OA opgemerk, maar met 'n baie lae frekwensie (en is ook in die kontrolegroepe opgemerk).

Maar sy't nie geweet nie sy praat eentlik die waarheid nie (BOA)

Dat jy nie oorskry nie om die grond uit te trap nie (AR)

In RA word die gebruik van 'n dubbele ontkenningvorm opgemerk.

nooit nie ... nie

Fourie (1985:186) verklaar dit so:

"Ten opsigte van hierdie struktuur maak Riemvasmakers moontlik van 'n Nama-inlywingspatroon gebruik om in Afrikaans 'n sterker handelingsfunksie in die gespreksdoel te bereik."

Die vreemde plasing van die ontkenningvorm na intensiveerders word deur Fourie (1985:89) in RA opgemerk.

5.3.2.9 Lidwoorde

Hier is weglating en oortolligheid opgemerk asook verkeerde gebruik van lidwoorde:

i Weglating (bepaald/onbepaald)

My oupa het kraal, my pa het kraal (GA)

Kan jy plas kry (RA)

So groot dam gehad (BOA)

Om regte woord te gebruik (AR)

ii Deurmekaarhaal van lidwoorde

Ek gooi julle met die klip (GA)

iii Lidwoordtoevoeging

Daar was 'n niemand nie (RA)

Hulle't mos 'n lang stokkies gehad (RA)

Daar's ookie 'n probleem van 'n petrol (AR)

Nou ons het al 'n iemand gekry (AR)

Dit moet yt die vrye wil ytkom (SNA)

Dieselfde tendens egter is in die kontrolegroepe opgemerk en sal nie verder bespreek word nie.

Volgorde in sinne en bysinne sal nie hier bespreek word nie, omdat dit, alhoewel verskillend van SA, ooreenstem met die kontrolegroepe en omdat volgorde in afgehandelde variasiestudies m.b.t. subvariëteite van OA nie as uniek geïnterpreteer is nie.

5.3.2.10 Variante gebruik van het/is/was as werkwoord

is/was

My kind is gesterwe (GA)

Allie kinders is mooi skoolgegaan (RA)

Julle is nog nie geleer werk nie (GA)

Hier's ek mar grootgeword (GA)

Daar is hy doodgegaan (GA)

Toe was ek griep gehad (BOA)

Daaruit is die kinders gekom (AR)

Dit was waarlikwaar baie goed gegaan (RBA)

Waar die vrou getrou is (SNA)

Sy is Duitse skool gehad (BA)

het (gewees)

As ek nou sleg gewees het (GA)

Daar het ons gabore (RA)

Die hele familie het so te sê nou weg (BA)

was gewees

(i.p.v. was)

Dit kan as hiperkorreksie beskou word en is baie frekwent in OA:

Was nog groen gewees (SNA)

was

(i.p.v. is)

Toe was hulle trugverplaas van Pretoria af Windhoek toe (RBA)

My oorle pa was gevang met 'n perd (BOA)

Dit wil voorkom asof hier baie vrye variasie t.o.v. die hulpwerkwoorde en skakelwerkwoorde *is/was/het is*, maar gevalle wat konsekwent in OA opgemerk is, is die variante hulpwerkwoordelike gebruik saam met *gesterwe, doogegaan, gebore en skoolgegaan* (vergelyk bogenoemde voorbeelde).

5.3.2.11 Herhaling

(Vergelyk ook Leksikale Variasie.) Hierdie variasie moet as vertellerstrategie vertolk word, soos uit die volgende voorbeelde blyk:

Frases word net so herhaal of herhaal met 'n variasie:

Was twee tweelingkinners (GA)

Nou moet hulle hier oppas, hier my trop skape (AR)

Word hy as hy innie pad gekry word, da word hy gevang, is nou die leeu wat die mense vang (SNA)

Jy moet net een vat, net een, net een. Moet net 'n een trek trek. Hy mag ook nie twee trek nie, hy moet net een trek. As hy loop moet hy net een trek (RA)

Hiermee saam, moet die omslagtige omskrywings van byvoorbeeld familie gesien word, omdat dit net soos herhaling duidelike, maar ook 'n vereenvoudigingsproses is:

My ma se ma was Anna Kok (GA)

My pa se oupa, dit was die man (AR)

5.3.2.12 Samevatting

Ten slotte kan die aanname gemaak word dat die wye gebruikstendens van die skakelwerkwoordkonstruksie, die besitlike *se-konstruksie*, antesedentherhaling en 'n unieke ontkenningpatroon, van die mees onderskeidende kenmerke van die

sintaksis van OA is. Alhoewel in hierdie studie nie aandag gewy word aan die sintaktiese variasie as vertellerstrategie nie, moet dit ingedagte gehou word by interpretasie. So sou sekere van die skakelwerkwoord-konstruksies, die herhaling van antesedente, herhaling van die onderwerp en die frekwente gebruik van semantiese leë woorde (soos by leksikale variasie bespreek) ook as kleurvolle verteltegnieke bestempel kan word. Die hoë voorkoms van sintaktiese vereenvoudiging by OA is dus dalk bewustelik by die spreker om sodoende te verseker dat sy boodskap reg geïnterpreteer word.

Van die kenmerkendste eienskappe van die sintaksis van KT is volgens Links (1989:74 e.v.):

- Skakelwerkwoordkonstruksie (soos in OA)
- Verdringing van *sy* deur *hy*
- Besitskonstruksie : *hy se*
- Herhaling en stapeling

Hierdie variasie maak alles deel uit van die sintaktiese variasie soos vasgestel in OA. KT is dus ook op sintaktiese vlak tipeerbaar as subvariëteit van OA.

5.4 Leksikale variasie

Een van die eienskappe wat 'n variëteit opvallend en tipeerbaar maak, selfs vir die leek, is sekerlik die leksikon van so 'n variëteit - dink maar aan die algemene verwysing na die kleurvolheid van Kaapse-Afrikaans of die van die Namakwalanders. Soos Du Plessis (1987a:82 e.v.) redeneer, is "die leksikon juis die een gebied waaruit die aard van die taalgemeenskap die duidelikste blyk" en dat "(d)ie verband tussen die leksikon van 'n taal, en die leksikon van 'n variëteit, en die sosiale aard van die gemeenskap wat die taal of die variëteit gebruik, is sterk". "Terminologie is die spieël van aanvaarde konvensies eerder as 'n noodwendige refleksie van die aard van taal of die taal as sodanig. Die leksikon van 'n variëteit is die handelsmerk van die gemeenskap wat die variëteit gebruik."

Hierdie argument maak dat die meeste variasiestudies in Afrikaans dan nie volledig is nie - veral as in ag geneem word dat die leksikon juis ondersteuning vir die hipotese, soos aanvanklik gestel, kan bied. Du Plessis (1987a:84 e.v.) gebruik dan ook die leksikon om die hipotese, dat VDMA 'n

chronolek is, te ondersteun en noem onder andere die volgende as verouderde leksikale items:

taggentag; katel; kooi; altemits; oge; pennie; vort; maters; pasede; oolfant; arnoster; sigselwe; bekwaald; gowwermint.

(Volgens Boshoff & Nienaber (1967:539) in die etimologiese woordeboek word die gebruik van arnoster as "plat" gesien.)

Die rede waarom hierdie verouderde items soos deur Du Plessis genoem, aangehaal word, is omdat dit ook in die leksikon van OA te vinde is, al is dit nie met dieselfde frekwensie nie.

GA:

Leef- en ervaringswêreld

kappies; kooi; kooigoed; Gowwermint; karosse; velkrosse; jakkalskros; kepel; sisrok; smous; halfkroontjies; kalbassie; dietse goed is mos skelm; kappies

Woordkeuse

saf; speelmaters; lammertjies; geskel (geraas); warmte (hitte); sokke; vort; mastie

Vir myself loop *arbei*

Ons se kerk is orgesit, is nou NG

Ek is rêrig ontskoot (deurmekaar)

Uitdrukkings

Toe's ek so wild soos 'n springbok

Hoe gaat dit met jou saam?

Ek het hom nooit geleer'ie want hy was my oor (Hollands)

Laat kuier saans: julle sit dan saans met die volk, toet la jy hoeners kry

Boggel: lyk soes een wat kind abba

Kinders grootmaak: Ons se ouers het hom deur die vleismeel gemak. Net soos julle sal 'n dinges maak - wors. So is hy deergemak daai tyd van vet lam

Laatslaap: Hierie kjeeners slap nou met die son

Lui: As ek nou sleg gewees het, dan sal'ie vlieë my naloop

Ongewone samestellings

poelianehuis; kindskinderingsgrond; vrymanne (kêrels); mankjenners (seuns); kopklip (grafsteen); gaan inseën; gogga-affêring; lykstasie; rugband (vir rugprobleme)

Engelse invloed

Baie van die Engelse woorde word verklein; afleidings van gemaak en samestellings gevorm:

latest rokke; skirkie; common; sandals; pênshentjie; graveyard; streps; Independent Kerk; djoukie (yoke); traai; way; siekstievaif; bêterie; eksemmin (ondersoek); strike; houspyp; gedaai; opgepolish; cheekie; laaik; something iets rand; agterkoert

Ek worry my ook nie

RA

Leef- en ervaringswêreld

ossewa; ossewagter; leegte; burgers; gorra (gat)

Woordkeuse

Hy's allesware nader

Loop ek hom mos mar met die voet sam

Die bok is 'n bok, net so 'n stuk eier

My trouwvrou (die vrou waarmee hy getroud is)

vredeskap

Uitdrukkings

Jou vuur aan die brand kry (aan die gang kom)

Daai klas goete

so by so

darie man (persoon)

As ons nou klagte doen

Daar wat die pad loop ytklim

Nylon-tyd

Vrygeraak van die pakslae af

Die kinders het die lammetjie breek gegooi

Ongewone samestellings

Boorland; oswagter; groetjiesland

Engelse invloed

ge'snap'; orraait

BOA

Leef- en ervaringswêreld

balsefieta; Taljaner; onderdomplers; hartbeeshys; serwitiet; koring gewen; koring getrap; pont; drif; perefien; primus; betsjoeanaland; negosiegoed; skut; Gowwermint; uitspanning; asbestose

plante: gifbol (veroorzaak gifsweer); slangkop

Woordkeuse

annerdagmôre; skuilte soek; skade (skaduwee); sterf; sonstraal; digteby;
spioen; skrou; skut; vortgaan

trop broers en susters; oorle

Uitdrukkings

Sonop (sonsopkoms) se kant toe

Ek is gesond tot hierie vandag

Ek sit net soos my vinger allenag

Hoe meer jy is, hoe meer plesier is daar

Van haarself: Hmm ... stokou ding

Als was 'n mislukking, drie pampoene gewen (klein oes)

Die warmte is my dood

Hierdie somer is my oor

Hy't nie asem jys gehad nie. Sy asem was vir my so hopeloos

Ennie perd trek skilpad (trek kop in)

Die bome die is vrieslik gewillig om te baie hoog te groei

Hy skym soes bier

Samestellings

gifsweer; koorsinger; potlepel; pêrevrekte

Engelse invloed

laaik; planes; boeliebies; prospect; orraait; gemieks; mouderbaaik; belt;
dose (doseer); trip; kreste (crush); till; mouter

AR

Leef- en ervaringswêreld

'n pond gasie; kardoos; rondhuis; kookhuis; bo-rok; ossewa; matjieshuise;
draadloos; jaarts; sikspens; sjielings; stadamptenaars; nadatum, knapsak

Plante: medisynbos; koorsbos; nagfynbos; griepbos

Benaminge: spaarter (persoon wat spaar); skepermannê

Woordkeuse

voetsaam; handsaam; werksaam; afgesterf; oorlidde; begrou het; agtermiddag;
krouklikheid; opmerkings (mening); voortyds; vroumingseslag; kêrelkinners
(seuns); landboerdery (saaiery); kjendsdag; kjêrelmens; sukkelwys; gesiet;
Ingelsmense; blootvoet

Uitdrukkings

Toe verbrand hy julle (gee julle weg/verklap julle)

Wanneer die koelte opstaan, dan pyn mē litte

As die hart loop dood dan's die liggaam mos klaar
My bloed is 'n kraak (bruin man)
Spreker van homself: hierdie Ollie had harde dae geloop
Ek sallie die paal maak
Dis 'n " nylon"-tyd hierdie
Jode was bitterlik oopkop gawies

Samestellings

nagmalkerk; beenklaag

Engelse invloed

baaisiekel; gravel; pensjin; noukie (note); nylongoete; blous; orraait;
laaitietjie; grocel (kruideniersware); pets (patch); (toege)res (ration);
pensjingeldjie; djob; garage; tiewiese (TV); travel; sigrets; pay; oufies
(office); flour

RBA

Leef- en ervaringswêreld

pond; jaart; skans; roertjies
Met vet word die brood gesmeer

Woordkeuse

almal (alles); annerdagmôre; voetsaam; onmogentlik; slaat; pampier; smôrs;
meisiemense; mansmense; kindskinderen (kleinkinders)
aanskrywings (aanmeld)

Uitdrukings

By die toon van die berg (voet)
Vir ons net in goddelikheid grootgemaak
Troep mense
So het hulle vlug gery
'n Baba onegtelik voortgebring
Soos 'n klein kind hand-oor-die-kop staan en huil
Vrede geword (berus)
Geboorte gehad wat hier gesit het (kinders wat geborsvoed word)

Ongewone samestellings

kêrelkind (seun); staanmaak my tog; broerseun

Engelse invloed

Baie min.

gegrace; boys; mood; securities; lifte; mouterkar.

SNA

Nama-invloed meer.

Leef- en ervaringswêreld

pond; qwarrie; lonings; tiekie; sjielings; konsellent (konsulent)

touly; osploeg; veranda; mousers; Lee Metfort

Plante: narras (Namawoord)

Woordkeuse

afgesterwe; hoeka (Nama: huga; Ndl.: toeka); arnoster; krankbed; oorle

Uitdrukkings

En so aans

Yt hulle plase ytgeraak; aners is ammal ytgetroud

Assie eiers swak is, hy lig mos

Engelse invloed

flour; coconut; gaspoil; report; kondensd water; army; away; opgepaint; inspektor; geraport; fish

By hierdie subvariëteit het drie van die sprekers (een gesprek) se leksikale items opgeval. Daar was min sprake van variasie met SA en die taalgebruik was formeel. Dit laat mens onwillekeurig dink aan Whorf en Bernstein se gebrekshipotese t.o.v die ander sprekers by dieselfde subvariëteit. Mnr. en mev. Cupido van Gibeon en Pastoor Pieters is aan die woord. Mnr. Cupido is betrokke by die sekondêre afdeling van die skool op Gibeon. Voorbeelde van hul woordgebruik:

kommunikeer; interessant; aksent; gesentraliseer; verras; ouer garde; veglustig; sporadiese gevalle; bespeur; kerkvas; verpligting; histories; wattervlak; onbevoegde; oorspronklike; finansieel; bespreking. Verder varieer bogenoemde sprekers se taalgebruik baie min van SA op fonologiese, morfologiese en sintaktiese vlak. Die variasie tussen die sprekers en ander van SNA varieer in vergelyking meer.

Dit is juis hierdie aspek van 'n variasiestudie wat interesseer:

Du Plessis (1987b:85) se argument is dat "die definiërende eienskappe van die Siosiolinguistiek is juis dat dit taal bestudeer soos wat dit binne en deur sosiale groepe gebruik word, met die klem op die sosiale groep as op die linguistiese veranderlikes wat die groep gebruik. Die siosiolinguistiek vra na die korrelasie tussen die twee stelle veranderlikes".

BA

Leef- en ervaringswêreld

Unie; kerse; kôle (in yster)

Woordkeuse

algar; onlekker (vies); oorlede

Uitdrukings

Gewoond vir

Samestellings

ossekar; natuurdokters

Engelse invloed

lorries; lektrik

Woordkeuses

By woordkeuses is die volgende frekwente variante in OA opgemerk:

i Word/raak

Hoor ik hoe 'k geroep raak (AR)

Groot geraak (RA)

Waffer bok is jy nou wat nie kan geslag raak nie, wat so bly? (RA)

Alhoewel raak baie in OA opgemerk is i.p.v. word, (hulpwerkwoord van die lydende vorm) is dit ook die geval by ander variëteite. Soos Van der Merwe (1990:136) bevind dat bepalende faktore by die woordkeuse van raak en word geografiese gesitueerdheid, etnisiteit en ouderdom is: "Daar is gebiede waar raak meer dikwels voorkom as word. Raak kom ook meer by Kleurlingsprekers as blanke sprekers voor en ook meer onder die jongmense as die oumense."

Van der Merwe kom tot die gevolgtrekking dat raak "aan die toeneem is, veral in die informele taal. In hierdie taalveranderingsproses wat tans aan die gang is, is daar dus 'n uitbreiding in die sinonimiese oorvleueling van word en raak.

In BOA is ook die volgende woordkeuse i.p.v. word waargeneem:

Toe kom hy 'n bietjie beter (aangesterk)

ii as/of

as/soos: Hier is baie variasie opgemerk, maar die gebruik daarvan is inkonsekwent.

En die gebedjie loop afhoor as ek hom ken (RBA)

iii voel/smaak/lyk

Die koeëls smaak soos reëndruppels wat op jou val (RBA)

Smaak my sy is besig om griep te kry (AR)

iv noem > sê/roep

Dit is Boomplaas wat hulle sê (RA)

Toe's ons trug na 'n plaas wat 'le sê: Otjihavera (RA)

Ons het hom geroep ... (RA)

Hulle roep vir my Trooi (GA)

In die studie van Rademeyer (1938:103) is hierdie variant *roep/noem* al opgemerk - op Kokstad, Griekwastad en selfs Phillipolis. Hy twyfel of hierdie variant aan Engelse of Hottentotse invloed toegedig kan word en dink aan die "emosionele faktor" as oorsaak.

v maal/keer

Die ander male het die Here hom nie toegelaat nie (RBA)

Rademeyer (1938:117 e.v.) behandel die leksikon van GA en RBA deur te verwys na Engelse, Duitse en Hollandse invloed op hierdie subvariëteite.

Herhaling

Ten opsigte van die gebruik van die tydsadjunkte *toe* en *nou* en die voegwoord *maar*.

(M.b.t *toe't*: Aldus Verhoef (1988:127) kom *toet/toe't* wat 'n saamgetrekte vorm is van *toe* wat in BOA veral voor by "ouer sprekers wat min skoolopleiding gehad het." Hierdie verskynsel is ook by die ander subvariëteite waargeneem:

Want daarie tyd toe't ek nou mens is (GA)

Toe't sy oë so na alkante toe vang, toe sien hy (BOA)

Toe't sien ek eerste die bloed (AR)

Toe't ek nou klaar is wat ek opstaan (AR)

Verhoef (1988:124 e.v.) sien die gebruik van *nou* en *toe* wat "meer semanties as sintakties" is as "vertellerstegniek", wat 'n "belangrike funksie ten opsigte van vertellerstrategie speel" omdat die "fiktiewe en werklike sentrums daardeur aangedui word".

Die hoë gebruik van toe kan dus wees omdat dit meestal vertellings is waar skakeling tussen sinne belangrik is en kan soos Ponelis (1979:312) dit verklaar as "skakeladjunk of verbindingsadjunk" optree.

Du Plessis (1983:59) wys op 'n verkeerde aanname wat deur hom gemaak is om eers nou te identifiseer as kenmerkend in die Johannesburgse Omgangstaal: "as jy later mooi na die Afrikaans om jou luister, tref dit jou dat dit wat jy as JOT-kenmerk beskou het, net so dikwels in ander variasies van Afrikaans (selfs jou eie standaard-Afrikaans!) voorkom en dat dit geensins as 'n kenmerk van JOT beskou kan word nie. 'n Duidelike voorbeeld van so 'n dwaling in ons geval was byvoorbeeld die aanvanklike aanvaarding dat die gebruik van die woordjie *nou*, sonder dat dit werklik 'n bywoordelike tydsbetekenis het, baie sterk sosiaal gekleur is".

Du Plessis onderskei wel ander "leë of akategoriale vullers" en sê "veral woorde met 'n sterk bywoordelike funksie word deur sprekers uit die laer sosio-ekonomiese groepe binne die grense van JOT gebruik sonder dat hierdie woorde binne die sin hulle oorspronklike bywoordelike betekenis of funksie behou". Van der Merwe (1989:84) noem hierdie taalelemente "stopelemente" en regverdig dit deur te sê dat "(h)oewel hulle op die oog af oorbodig lyk, is hulle tog nuttige gespreksartikels wat onder meer aangewend kan word om die hoorder se aandag vas te vang; om tyd te wen om na te dink oor wat gesê moet word; om gedagtes aanmekeer te knoop; om die gevoel van die spreker uit te druk, om die spreker aanvaarbaar te probeer maak onder slengsprekers". Van der Merwe noem nog ander redes, maar is nie hier ter sake nie.

Uit hierdie ondersoek blyk dit dat die gebruik van hierdie "akategoriale vullers" *nou*, *toe*, *maar* en so 'n beduidende, en wyer rol speel as in die kontrolegroepe en verdien om raakgesien te word.

Voorbeelde:

maar

Dat ek kan maar net weet hoe die Here is (RBA)

Hulle praat maar aliet, mar met my ok (GA)

nou

Mos nou net hille wat ... hille help nou die ander mense ... nou hille voor (AR)

toe

Toe't ek die pad gevat ... toe't ek omgedraai en toe't daar moet vir my laai steenkop toe ek gaat Poelisie toe. Toe't ek my by poeliese geloop meld (AR)

so

So is my ma is oorlede al hierso (GA)

Links (1989:75) merk op dat daar "oormatige gebruik" ten opsigte van bogenoemde semantiese leë woorde is in KT.

Leksikale Variasie by KT word deeglik deur Links (1989:44 e.v.) bespreek en baie van die woordkeuses en benaminge word toegedig aan Khoe-invloed. Hierdie beskrywing van Links gee 'n duidelike beeld van die kleurrike taalgebruik van die Namakwalanders.

Van die leksikale aspekte van OA toon sterk ooreenkoms met die chronolek VDMA, of dan Oosgrens-Afrikaans soos wat uit die talle verouderde leksikale items blyk.

Omdat chronolektiese merkers in OA voorkom, sal oorsigtelik gekyk word na wat 'n chronolek is sodat chronolektiese merkers of verouderde items makliker onderskei kan word in die voorafgaande inventaris. Du Plessis in die variasieonderzoek van VDMA, word as verwysing gebruik.

Du Plessis (1987a:92 e.v.) formuleer *chronolek* as "'n dialek wat steeds deur 'n bepaalde groep sprekers as spreektaal gebruik word, maar terwyl dieselfde dialek ook voorbeeld is van 'n dialek wat op 'n vroeër taalstadium gebruiksvorm was ... Ten spyte van faktore, soos toenemende geografiese beweeglikheid, opvoeding, sentralisasie en verstedeliking, wat normaalweg chronolekte teenwerk, bly VDMA gepreserveerde Afrikaans. Dalk nog 'n intertaal êrens op die klieën tussen Pidgin en Doelwittaal".

Voorbeelde:

algar; inkele; banja; oorle; pesede; eige; oge; reKent; elkere; eidere; hunning; worre; hellere; kin; altemits; maters; selwers; aans; leg

Stigmatisering t.o.v. leksikon

Omdat die standaardtaal "status" en "die meeste aansien" geniet, sal dit volgens Botha (1989:148) die geval wees dat: "Die taalgemeenskap assosieer die

standaardvorm van sy taal met kenmerke soos gekultiveerdheid, deftigheid, verfyndheid, geleerdheid. Dit word beskou as die afgeronde, die taamlik bestendige vorm. Dit is die vorm wat algemeen aanvaar en amptelik erken word." As daar na hierdie karaktertrekke van die standaardtaal gekyk word, kan na al die chronolektiese merkers asook die frekwente gebruik van Engelse woorde in die subvariëteite as gestigmatiseerde items verwys word. Die subvariëteite BOA en RBA toon hier die laagste gebruiksfrekwensie van Engelse woorde in hul Afrikaans, veral as dit met 'n subvariëteit soos GA vergelyk word wat selfs afleidings van die woorde maak.

Die verklaring kan gebied word dat by BOA, alhoewel daar aanraking was met Engels, besef word dat dit nie aanvaarbaar is nie en by RBA die feit dat die sterk groepsidentiteit gehelp het om weerstand teen hierdie invloed te bied.

'n Ander vorm van stigmatisering word ook binne OA aangetref, naamlik "onverfyndheid" deur die gebruik van kragwoorde en sensitiewe aangeleenthede, veral as in ag geneem word dat die vraesteller soms 'n onbekende is en hulle daarom des te meer ingestel behoort te wees op woordkeuse. Daar kan egter nie die uitspraak gemaak word dat hierdie aspek onderskeidend is van OA nie, omdat die verhouding tussen die vraesteller en die segsmanne nie bekend is nie - hierdie verhouding het 'n groot invloed op die informaliteit van die gesprek.

Gepie in die pot (RBA)

Toe sê hy ... bliksemse donners, julle's nou my mense (RBA)

Daar's die vrek geslat (SNA)

Vir jou maag drink vir die winte (AR)

Kalgat stan (GA)

Die meide met die dik stêre (GA)

5.5 Samevatting

Baie verouderde vorme wat saamhang met die afgeslote bestaan en gebruike van die sprekers is opgemerk. Engels oefen groot invloed uit op die subvariëteite van OA, behalwe by RBA, SNA en BA. Nama-invloed is sterk te bespeur by laasgenoemde drie subvariëteite asook by RA en AR.

HOOFSTUK 6: SAMEVATTING

HOOFSTUK 6: SAMEVATTING

Die variëteit Oranjerivier-Afrikaans en die variasie binne Oranjerivier-Afrikaans word in hierdie multidialek-ondersoek aangedui op grond van bepaalde linguistiese faktore. Stander (1990:275) se argument "dat enige vorm van variasie op 'n linguistiese vlak verklaar kan word, maar dat nie enige vorm van variasie sosiaal relevant is nie", is hier in ag geneem. Nie al die variante kan aan sosiale faktore toegedig word nie, want geografiese geïsoleerdheid het daartoe bygedra dat verouderde vorme gepreserveerd gebly het en verder het taalkontak (taalbeïnvloeding) ook 'n belangrike rol gespeel.

Alhoewel studies van die subvariëteite van OA al gedoen is, is hierdie ondersoek gemik op die integrasie van die onderskeidende kenmerke daarvan om 'n 'standaard' van OA vas te stel en om ook ander groeperinge of "skakerings" binne OA aan te dui (Van Rensburg, 1984:515).

Afrikaans van OA-sprekers is hulle primêre taal (eerste taal) alhoewel van die westelike OA-variëteite ook nog Nama ken en selfs praat. Taaldata van bestaande bandopnames en transkripsies wat geanaliseer is, het variasie op fonologiese, grammatiese (morfologies en sintakties) en leksikale vlak getoon, nie net waar dit OA as variëteit van Afrikaans raak nie, maar ook die variasie en subvariasie binne OA.

Hierdie bevinding ondersteun dus die hipotese dat variasie binne OA gegroeper kan word, dat die onderskeidende kenmerke wat ooreenkom tussen die subvariëteite genoegsaam is om dit as behorende tot die variëteit OA te identifiseer. Op grond hiervan kan verder verklaar word dat die suide van Namibië se Afrikaans en Botswana-Afrikaans onder die variëteit Oranjerivier-Afrikaans val.

Die onderskeidende kenmerke van OA op die verskillende analisevlakke, kan so opgesom word:

Fonologies

- Vokaalverhoging/-verlaging
- Vokaalverlenging/-verkorting
- Monoftongering (veral [æy]>[y:])
- Ontronding
- Palatalisasie
- Assimilasie
- Apokopee
- Konsonanttoevoeging en -wisseling

(Die onderskeid tussen die oostelike subvariëteite en die westelike subvariëteite word gesien in:

Westelik: Toename in die auslaut, diftongering en variasie van diftonge:

([œu] > [au].

Oostelik: Assibilasie.)

Grammaties

i Morfologies

- Dubbele meervoudsvorming
- Dubbele verkleiningsvorming

(Die onderskeid tussen die oostelike subvariëteite en die westelike

subvariëteite word gesien in veral die reduksie/verkorting by oostelike OA.)

ii Sintakties

- ✓ Skakelwerkwoorde (73)
 - se-konstruksie
 - Antesedentherhaling
 - ✓ Ontkenning
 - ✓ Werkwoordelike variasie
 - Herhaling
- voorselsel 171

Leksikaal

- Verouderde items
- Wisselvorme
- Stopelemente
- Kleurrykheid

- Engelse invloed

Hier volg nou 'n voorstelling van variasie binne OA soos uit die ondersoek geblyk het:




Diagram 2: Variasie binne Oranjerivier-Afrikaans

Die subvariëteite van OA kan saam as OA geklassifiseer word omdat die ooreenkomste tussen die subvariëteite meer is as die verskille in vergelyking met SA en die kontrolegroepe. Selfs BOA wat baie ooreenstem met VDMA, het nog steeds meer ooreenstemmende kenmerke met OA. SNA en BA kan na aanleiding van hierdie ondersoek as subvariëteite van OA geïdentifiseer word.

Dat daar wel ooreenkomste is met SA en die kontrolegroepe (KA en VDMA), is te verstane omdat dit alles variasie binne Afrikaans is:




Diagram 3: Variasie binne Afrikaans

(TA* is hier Transvaalse- of Oosgrens-Afrikaans)

Uit hierdie variasie-onderzoek blyk dat die variëteite Griekwa-Afrikaans, Riemvasmaakafrikaans, blanke Oranjerivier-Afrikaans, Rehoboth-Afrikaans, Afrikaans van die Rictersveld, suide van Namibië se Afrikaans, Botswana-Afrikaans, Afrikaans van die Kharkams wel subvariëteite van Oranjerivier-Afrikaans is, omdat die taalkenmerke wat ooreenstem, meer is as die verskille - gemeet aan die 'standaard' van Oranjerivier-Afrikaans wat variasie toon van Standaardafrikaans, Kaapse-Afrikaans en Van der Merwe Afrikaans.

Verder kan daar op grond van fonologiese en morfologiese variasie tussen oostelike Oranjerivier-Afrikaans (waar sprekers meer kontak met Standaardafrikaans het) en westelike Oranjerivier-Afrikaans (waar sprekers nog Nama ken) onderskei word.

BRONNELYS

APPEL, R., HUBERS, G. & MEIJER, G. 1977. Sociolinguïstiek. 2de druk. Utrecht: Het Spectrum.

BAILEY, C.N. 1987. Variation Theory and so-called 'Sociolinguistic Grammars'. Language & Communication. 7(4): 269-291.

BOSHOFF, S.P.E. 1921. Volk en Taal van Suid-Afrika. Amsterdam: J.H. de Bussy.

BOSHOFF, S.P.E. & NIENABER, G.S. 1967. Afrikaanse Etimologieë. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

BOTHA, T.J.R., red. 1984. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica.

BOTHA, T.J.R. 1989. Afrikaans sedert die negentiende eeu, (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p.127-154.)

BOTHA, T.J.R., red. 1989. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica.

BOTHMA, S.J. 1962. 'n Algemene Karakteristiek van die Kleurlinge aan die Rand. (Verhandeling (M.A.) - UP.)

BRAZELLE, J.J. 1945. Taalomstandighede in Boesmanland. Volkskunde en Volkstaal. 2(1): 30-32.

CARSTENS, W.A.M. 1989. Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans. Pretoria: Academica.

CHOMSKY, N. 1979. Language and Responsibility. Sussex: Harvester Press.

CHOMSKY, N. 1980. Rules and representations. Oxford: Basil Blackwell.

CHAMBERS, J.K. & TRUDGILL, P. 1980. Dialectology. Cambridge: Cambridge University Press.

CLAASSEN, G.N. & VAN RENSBURG, M.C.J., reds. 1983. Taalverskeidenheid. Pretoria: Academica.

COETZEE, A. 1951. Taalgeografiese studies 1. Johannesburg: Impala.

COETZEE, A.E. 1982. 'n Heroriëntering van die Begrip Standaardtaal en 'n Voorstudie van die Ontwikkeling van Standaard-Afrikaans gedurende die 20e eeu. Tydskrif vir Geesteswetenskappe. 22(4): 271-289.

COETZEE, J.C.N. 1983. Dialektiese woordeskatverskynsels in die Hardeveld. Die Unie: 311-313. Junie.

COMBRINK, J. 1989. Afrikaanse morfologie: 'n oorsig. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p.220-254.)

DAAN, J., DEPREZ, K., VAN HOUT, R. & STROOP, J. 1985. Onze veranderende taal. Utrecht: Spectrum.

DE KLERK, W.J. 1968. Dialektiese verskeidenheid in Afrikaans. (In Van der Merwe, H.J.J.M. red. Afrikaans sy aard en ontwikkeling. Pretoria: Van Schaik.

DE SAUSSURE, F. 1966. Kursus in die algemene Taalkunde. Pretoria: Van Schaik.

DE STADLER, L.G. 1984. Assibilasie in Afrikaans. LVSA-Kongresreferate. Pretoria. Junie: 196-202.

DE STADLER, L.G. 1989. Die Afrikaanse fonologie: 'n oorsig. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p.188-219.)

DE VILLIERS, A. 1985. Standaardafrikaans en Omgangsafrikaans in Pretoria. (Verhandeling (M.A.) - UP.)

DE VILLIERS, M. 1976. Afrikaanse Klankleer. Kaapstad: A.A. Balkema.

DE VILLIERS, M. 1987. Afrikaanse Klankleer. Kaapstad: Tafelberg.

DE WET, A.S. 1984. Vir-konstruksie in Griekwa-Afrikaans. (In Van Rensburg, M.C.J., red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. RGN-verslag. p.383-388.)

DE WET, A.S. 1987. Klankvariasiepatrone in Richtersveld-Afrikaans. (In Van Rensburg, M.C.J., red. Gesproke Afrikaans: Die Afrikaans van die Richtersveld. Bloemfontein: UOVS. p.150-166.)

DEN BESTEN, H. 1986. Double Negation and the Genesis of Afrikaans. (In Creole Language Library, I. Amsterdam: John Benjamins. p.185-230)

DOWNES, W. 1984. Language and Society. London: Fontana Paperbacks.

DREYER, H.C. 1986. Die beskrywing van Kaapse Afrikaans as variëteit van Afrikaans. Bloemfontein. (Verhandeling (M.A.) - UOVS.)

DU PLESSIS, C. 1984. Die mededinging tussen die manlike en vroulike voornaamwoord in Afrikaans. Bloemfontein. (Verhandeling (M.A.) - UOVS.)

DU PLESSIS, H.G.W. 1982. Sintaksis vir Eerstejaars. Pretoria: Academica.

DU PLESSIS, H.G.W. 1983. Taalvariasie in die Afrikaans van die Johannesburgers. (In Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J., reds. Taalverskeidenheid. Pretoria: Academica. p.43-62.)

DU PLESSIS, H.G.W. 1984. Sintaksis. (In Van Rensburg, M.C.J., red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. Pretoria. RGN-verslag. p.35-195.)

DU PLESSIS, H.G.W. 1986a. 'n Afrikaanse Chronolek? S.A. Tydskrif vir Taalkunde, 4(4): 15-49.

DU PLESSIS, H.G.W. 1986b. Suidwes-Afrikaans. Taalgenoot 9,11 en 12.

DU PLESSIS, H.G.W. 1987a. Aspekte van Suidwes-Afrikaans met spesiale verwysing na die Afrikaans van die Van der Merwes. Potchefstroom. PU vir CHO.

DU PLESSIS, H.G.W. 1987b. Variasietaalkunde. Pretoria: Serva-uitgewers.

DU PLESSIS, H.G.W. 1989. Die Afrikaanse Taalgemeenskap. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p.468-482.)

DU PLESSIS, H.G.W. 1990. Die Skakelwerkwoorde *loop* en *kom*. S.A. Tydskrif vir Taalkunde, 8(2): 69-74. Mei.

FOURIE, J.J. 1985. Aspekte van die Afrikaans van die Riemvasmakers. Potchefstroom. (Verhandeling (M.A.) - PU vir CHO.)

HAY, I.S. & UYS, I.C., reds. 1985. Taalverskeidenheid en Taalpatologie. Pretoria: UP.

HEIBERG, L.R. 1957. Afrikaanse Visserstaal. Stellenbosch. (Proefskrif (D.Litt.) - US.)

HENNING, P.J.P. 1983. Vokaalvariasie in die Afrikaans van die Griekwas van Griekwaland-Wes. Potchefstroom. (Verhandeling (M.A.) - PU vir CHO.)

HUDSON, R.A. 1980. Sociolinguistics. Cambridge: Cambridge University Press.

JENKINSON, A.G. 1984. Morfologie. (In Van Rensburg, M.C.J., red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. RGN-verslag. p.229-253.)

JOSEPH, J.E. 1982. Dialect, language and 'synecdoche'. Linguistics, 20-7/8: 473-491

KEMPEN, W. 197-. Samestelling, Afleiding en Woordsoortelike Meerfunksionaliteit in Afrikaans. 2de druk. Goodwood: Nasou.

KLOPPER, A.H. 1981. Die stand van Afrikaans onder die Suid-Sotho in die R.S.A.: 'n Sosiolinguistiese ondersoek. Bloemfontein. (Verhandeling (M.A.) - UOVS.)

KLOPPER, H.C. 1986. 'n Karakterisering van Dorslandafrikaans. Bloemfontein. (Verhandeling (M.A.) - UOVS.)

KLOPPER, R.M. 1976. Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik in die Kaapse Kleurlinggemeenskap - 'n Fonologiese ondersoek. Stellenbosch. (Verhandeling (M.A.) - US.)

KLOPPER, R.M. 1983a. Kaapse Afrikaans. Pretoria. (Proefskrif (D.Litt.) - UP.)

KLOPPER, R.M. 1983b. Die sosiale stratifisering van Kaapse Afrikaans. (In Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J., reds. Taalverskeidenheid. Pretoria: Academica. p.80-100.)

KLOPPER, R.M. 1984. Konsonantklustervariasie in Kaapse Afrikaans. LVSA-Kongresreferate: 333-341. Junie.

KLOPPER, R.M. 1989. Attributiewe adjektiewe in Afrikaans. S.A. Tydskrif vir Taalkunde, 7(3): 105-111.

KOTZE, E.F. 1983. Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans. Johannesburg. (Proefskrif (Ph.D.) - Universiteit van Witwatersrand.)

LABOV, W. 1978. Sociolinguistic Patterns. Oxford: B. Blackwell.

LE ROUX, T.H. 1939. Praatjies oor ons taal. s.l, s.n.

LE ROUX, T.H. 1963. Taalhistoriese opstelle. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

LE ROUX, T.H. 1965. Afrikaanse taalstudies. Pretoria: J.L. Van Schaik.

LINKS, T.H. 1983. Die Afrikaans van die Kharkams. Kaapstad. (Proefskrif (D.Litt.) - Universiteit van Wes-Kaapland.)

LINKS, T.H. 1989. So praat ons Namakwalanders. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

LOUW, L.H. 1981. Uitspraakvariante aan die Witwatersrand. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 21(4): 261-274.

LOUW, S.A. 1941. Taalgeografie. Pretoria: J.L. Van Schaik.

LOUW, S.A. 1948. Dialekvermenging en Taalontwikkeling. Kaapstad: A.A. Balkema.

LYONS, J. 1977. Semantics I. London: Cambridge University Press.

MILROY, J & MILROY, L. 1985. Authority in Language: Investigation Language Prescription and Standardisation. London: Routledge & Kegan Paul.

MOUTON, J & MARAIS, H.C. 1985. Metodologie van die Geesteswetenskappe. Pretoria: RGN.

ODENDAL, F.F. 1984. Taal en die gemeenskap. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p.262-282.)

ODENDAL, F.F & VAN SCHALKWYK, D.J. 1984. Fonetiese variasie in die Afrikaans van die Rehoboth-Basters: 'n Dialekgeografiese verslag. LVSA-Kongresreferate: 457-486. Junie.

OLIVIER, E.G. 1985. Enkele Sintaktiese Verskynsels in Onvoorbereide Afrikaanse Spreektaal. Port Elizabeth. (Verhandeling (M.A.) - Port Elizabeth.)

OPPERMAN, P.A. 1951. Die Spreektaal in Noordwes-Kaapland. Volkskunde en Volkstaal. 8(1): 27-28.

PETYT, K.M. 1980. The study of dialect: An introduction to dialectology. London: Andre Deutsch.

PHEIFFER, R.H. 1989. Afrikaans en Standaard-Nederlands. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p.255-357.)

PIENAAR, P. DE V. 1939. Praat u Beskaaf? Johannesburg: Voortrekkerpers.

PONELIS, F.A. 1979. Afrikaanse Sintaksis. Pretoria: Van Schaik.

PONELIS, F.A. 1984. Aspekte van die Afrikaanse Klankleer. Universiteit van Stellenbosch.

PONELIS, F.A. 1989. Die aard en bestudering van die Afrikaanse Taal. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p.9-37)


PONELIS, F.A. 1989. Sintaksis. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p.255-357.)

PRINSLOO, S.M.C. 1982. Anaforiek in Afrikaans met spesiale verwysing na Substandaardafrikaans. (Verhandeling (M.A.) - PU vir CHO.)

RADEMEYER, J.H. 1938. Kleurling-Afrikaans. Amsterdam: Swets & Zeitlinger.

ROUX, S.M. 1988. 'n Sosiolinguistiese analise van Rehoboth-Afrikaans. Potchefstroom. (Verhandeling (M.A.) - PU vir CHO.)

SAUNDERS, S.S. 1966. Oor die ontwerp en vertolking van taalkaarte na aanleiding van enkele voorbeelde uit die Afrikaanse Taalatlas. Pretoria. (Verhandeling (M.A.) - UP.)

 STANDER, M. 1990. Sosiolinguistiese variasie en aspekte van die Fonologiese en Grammatiese realisering daarvan in Afrikaans. Bloemfontein. (Verhandeling (M.A.) - UOVS.)

TRUDGILL, P., red. 1978. Sociolinguistic Patterns in British English. Baltimore: University Park Press.

TRUDGILL, P. 1982. Accent, Dialect and the School. London: Edward Arnold.

TRUDGILL, P. 1983a. On dialect. Oxford: Basil Blackwell.

TRUDGILL, P. 1983b. Sociolinguistics: An Introduction. London: Penguin.

TRUDGILL, P., red. 1984. Language in the British Isles. London: Cambridge University Press.

VAN DE RHEEDE, I. 1983. 'n Sosiolinguistiese ondersoek na taalgebruik in Bellville-Suid. Bellville. (Verhandeling (M.A.) - Universiteit van Wes-Kaapland.)

- VAN DER MERWE, G.S. 1989. Stopelemente in Afrikaanse Gesprekstaal. S.A. Tydskrif vir Taalkunde, 7(2): 84-91.
- VAN DER MERWE, G.S. 1990. Word versus raak. S.A. Tydskrif vir Taalkunde. 8(3): 136-140.
- VAN JAARSVELD, G.J. 1984. Van staan en sit en lê ... S.A. Tydskrif vir Taalkunde. 2(1): 44-67.
- VAN RENSBURG, M.C.J. 1980. Fasette van die studie van nie-standaard Afrikaans Taalfasette 27: 71-98
- VAN RENSBURG, M.C.J. 1983a. Inleiding: Die bestudering van taalvariante. (In Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J., reds. Taalverskeidenheid. Pretoria: Academica. p.7-25.)
- VAN RENSBURG, M.C.J. 1983b. Nie-standaardvorme, variasiepatrone en Afrikaans uit die vorige eeu. (In Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J., reds. Taalverskeidenheid. Pretoria: Academica. p.134-161.)
- VAN RENSBURG, M.C.J., red. 1984. Die Afrikaans van die Griekwas in die tagtigerjare. RGN-verslag.
- VAN RENSBURG, M.C.J. 1984a. Aspekte van die Klankleer van die Afrikaans van die Griekwas. (In: Van Rensburg, M.C.J., red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. RGN-verslag. p.272-362.)
- VAN RENSBURG, M.C.J. 1984b. Oranjerivier-Afrikaans. (In Van Rensburg, M.C.J., red. Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare. RGN-verslag. p.513-516.)
- VAN RENSBURG, M.C.J. 1985a. Taalverskeidenheid en taalversteuring. (In Hay, I.S. & Uys, I.C. reds. Taalverskeidenheid en Taalpatologie. Pretoria: UP. p.19-44.)
- VAN RENSBURG, M.C.J. 1985b. Taalverskeidenheid, taalversteuring en Afrikaans. Acta Academica, nuwe reeks B, UOVS: 123-166

VAN RENSBURG, M.C.J., red 1987. Gesproke Afrikaans: Die Afrikaans van die Richtersveld. Bloemfontein: U.O.V.S.

VAN RENSBURG, M.C.J. 1989. Soorte Afrikaans. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p.436-467.)

VAN RENSBURG, M.C.J. & J.H. COMBRINK. 1984. Transvaalse Afrikaans. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p.107-133.)

VAN SCHALKWYK, D.J. 1983. Fonetiese variasie in die taal van die Rehoboth-Basters. Johannesburg. (Proefskrif (D.Litt.) - RAU.)

VAN WYK, E.B. 1977. Praktiese fonetiek. Durban: Butterworth. VAN WYK, E.B. 1966. Woordvormversteurings in die Afrikaans van Bantoes. Taalfasette 3: 27-48.

✓ VERHOEF, M.M. 1988. Aspekte van Oranjerivier-Afrikaans in die spontane taalgebruik van blanke boorlinge in Noord-Kaapland. Potchefstroom. (Verhandeling (M.A.) - PU vir CHO.)

VINK, M. 1981. Van vs. se. LVSA-Kongresreferate: 431-444. Junie.

VON WEILLIGH, G.R. 1925. Ons geselstaal. Pretoria: Van Schaik.

WEBB, V.N. 1983. Die taalwetenskap as sosiale wetenskap. (In Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J. reds. Taalverskeidenheid. Pretoria: Academica. p.229-246.)

WEBB, V.N. 1989a. Die Afrikaanse variasietaalkunde. (In Botha, T.J.R., red. Inleiding tot die Taalkunde. Pretoria: Academica. p.412-435.)

WEBB, V.N. 1989b. Aspekte van die Omgangsafrikaans van geselekteerde woonbuurte in Pretoria. Pretoria: UP.

WEBB, V.N. & A. DE VILLIERS. 1985. Standaardafrikaans: Chomskities of Labovians? LVSA-Kongresreferate: 192-208. Junie.

WEINREICH, U. 1963. Languages in contact. Den Haag: Mouton.